# HOOFSTUK 2

## GELOOF[1]: 'N BESKRYWING EN VERDUIDELIKING VAN DIE EIENSKAPPE DAARVAN

### *'n Oorsig van die Tweede Boek en 'n inleiding tot die bespreking*

### 1. *'n Beskrywing van opregte geloof*

Maar dit sal maklik wees om al hierdie dinge te ken wanneer ons eers 'n duideliker beskrywing van *geloof* gegee het[2] sodat lesers die krag en aard daarvan kan begryp. Ons moet egter die aspekte wat ons tevore geleer het, weer in die geheue oproep: Ten eerste skryf God deur sy wet aan ons voor wat ons moet doen; daarom wag die verskriklike oordeel van die ewige dood[3] wat dit oor ons uitspreek, op ons as ons in enige opsig daarin struikel.[4] Ten tweede is dit nie alleen moeilik nie maar heeltemal buite ons kragte en bo ons hele vermoë om die wet te OS 7
volbring soos Hy van ons eis. As ons ons oë dus op onsself rig en nadink oor die toestand wat ons verdien, kan ons geen goeie verwagtinge koester nie, maar ons is deur God verwerp en aan die ewige dood onderworpe.[5] Ten derde is verduidelik dat daar net een middel is wat ons uit so 'n jammerlike ramp kan red, naamlik wanneer Christus verskyn as die Verlosser deur wie se hand ons hemelse Vader na sy oneindige goedheid en genade medelye met ons het en ons wil help as ons sy barmhartigheid maar net met 'n vaste geloof omarm en met 'n onwrikbare hoop daarin berusting vind.[6]

Nou moet ons inderdaad oorweeg wat die aard van hierdie geloof moet wees waardeur almal wat deur God as sy kinders aangeneem is, die koninkryk van die hemel in besit kan neem. Almal aanvaar immers dat nie sommer enige *opvatting* of selfs *oortuiging* daarteen opgewasse is

[1] *Geloof* word onder andere deur die volgende skrywers behandel: Augustinus, *Ench. sive De fide, spe et charitate* (MPL 40:231 - 290); *De utilitate credendi* (MPL 42:65 - 92); *De fide et operibus* (MPL 40:197 - 230); Lombardus, *Sent.* 3.23 - 25 (MPL 192:805 - 811); Thomas, *Summa Theol.* 2,2.1 e.v. (Marietti 3:6 e.v.). Vgl. o.a. Luther, *Predigten des Jahres* 1525 (WA 17,1:444 e.v.); Melanchthon, *Loci com.* (CR 21:35 e.v., 886 e.v.); *Explicatio Symboli Niceni* (CR 23:454 e.v.); Bucer, *Opera Latina* 1:43 - 44.

[2] Calvyn gee die definisie van *geloof* aan die einde van afdeling 7. Vgl. n. 71 hieronder.

[3] Fr. + *et nous tient là enserrez, comme s'il devoit foudroyer sur nos testes* (Benoit 3:13).

[4] Vgl. *Inst.* 2.7.3; 2.8.3 (Afr. vert. 2:480; 501).

[5] Vgl. *Inst.* 2.7.6 - 7 (Afr. vert. 2:483 - 486).

[6] Vgl. *Inst.* 2.7.8 - 9; 2.12.1 e.v. (Afr. vert. 2:486 - 488; 613 e.v.).

om so 'n belangrike resultaat te lewer nie.[7] En ons moet die ware eienskappe van die geloof met soveel groter sorg en toewyding ondersoek en deurvors omdat baie mense vandag oor hierdie onderwerp aan verderflike sinsbegogeling ly. Trouens, as 'n groot deel van die wêreld die woord *geloof* hoor, begryp hulle daaronder niks meer as 'n algemene instemming met die geskiedenis van die evangelie OC 398 nie.[8] Ja, wanneer hulle in hulle skole geloof bespreek, ruk hulle ons ellendige siele met hulle kragtelose spekulasie, soos ons elders gesê het,[9] dwars van die pad af eerder as om dit op die doel daarvan te rig, deur God doodeenvoudig die *voorwerp van die geloof* te noem.[10] Aangesien God 'n ontoeganklike lig bewoon,[11] moet Christus noodwendig tussenbei tree. Daarom noem Hy Homself *die lig van die wêreld.*[12] Elders noem Hy Homself *die weg, die waarheid en die lewe*[13] want niemand kom na die Vader, wat self die bron van die lewe is, behalwe deur Hom nie.[14] Hy alleen ken immers die Vader en daarna die gelowiges aan wie Hy Hom wou openbaar.[15] In hierdie trant OS 8 verklaar Paulus dat hy niks uitnemend ag om te ken nie behalwe Christus.[16] In Handelinge 20 vertel hy dat hy die geloof in Christus

[7] Calvyn skets hier die historiese ontwikkeling van die denke in verband met geloof as onontbeerlike middel ter verkryging van saligheid. Geloof is hierin gaandeweg met die liefde (*charitas*) vervang en op intellektuele kennis (*gnôsis*) gebaseer. Hierdie ontwikkeling kan reeds by Augustinus waargeneem word, bv. in sy *Sermo* 38.3.5; 43.1.1 (MPL 38:237, 254); *De praedest. sanct.* (MPL 44:963); *Ench. sive de fide, spe et charitate* 20.7 (MPL 40:242); *De utilitate credendi* 11.25; 16.34 (MPL 42:83, 89); *Contra ep. Manich.* 4.5 (MPL 42:175); *De fide et operibus* 16.27 (MPL 40:215 - 216). Lombardus differensieer tussen 'ongevormde geloof' (*fides informis*) en 'gevormde geloof' (*fides formata*), dit is geloof wat met die liefde verbind is (MPL 192:805 e.v.). Thomas omskryf geloof as daad van die verstand wat deur die wil tot instemming aangedryf word - *Summa Theol.* 2,2.2.1, 2 (Marietti 3:27, 28). Melanchthon verwyt die Sofiste dat hulle voorstanders van blote historiese geloof is (CR 21:159 - 161). Vgl. ook RPTK 6:677 e.v. en Calvyn se *Com. in ep. II ad Corinth.* 13:5 (OC 50:150 e.v.).

[8] Vgl. Melanchthon, *Loci com.* 1521, 2.1.9a (CR 21:159 - 161); Duns Scotus, *In sent.* 3.2.3.1.1 - 5 (OOD 7,1:85 e.v.); Ockam, *Sent.* 3.8; Biel, *In sent.* 3.25.1.n2E (Vgl. OS 4:11). Calvyn beklemtoon elders dat *historiese geloof*, 'dit is geloof wat doodeenvoudig met die geskiedenis van die evangelie saamstem maar sonder daardie lewendige gevoel van boetvaardigheid en van geloof is,' onvoldoende is vir die verkryging van saligheid, vgl. sy kommentaar by 1 Kor. 11:26 (OC 49:490).

[9] Vgl. *Inst.* 1.2.2; 1.10.1 (Afr. vert. 1:118 - 120; 181 - 182).

[10] Vgl. Alexander Alesius, *Summa Theol.* 1.1.1 *ad* 4; Thomas, *Summa Theol.* 2,2.1.1 (Marietti, 3:6 - 7); en ook *Inst.* 2.6.4; 3.2.30 (Afr. vert. 2:473 - 475; 3:748).

[11] Marg. *1 Tim. 6.d.16.* Vgl. OC 52:332.

[12] Marg. *Iohan. 8.b.12.* Vgl. OC 47:191 - 192 en Augustinus, *Confes.* 4.15.25; 7.9.13; 13.8.9 (MPL 32:703, 740, 848; CCSL 27:53, 101, 246), wat onder andere skryf: "My God, U sal my duisternis lig maak, en ons almal het uit u volheid ontvang. U is immers die ware lig wat elke mens wat hierdie wêreld binnekom, verlig omdat daar in U geen verandering of te eniger tyd skadu is nie" (*Confes.* 4.15.25 MPL 32:703).

[13] Marg. *Iohan. 14.a.6.* Vgl. OC 47:323 - 325.

[14] Vgl. Ps. 36:9, 10 (OC 31:363 - 364).

[15] Marg. *Luc. 10.d.22.* Vgl. OC 45:319.

[16] Marg. *1. Cor. 2.a.2.* Vgl. OC 49:333 - 334.

verkondig het.[17] Elders stel hy Christus voor wanneer Hy sê: "Ek sal jou onder die heidene instuur sodat hulle vergewing van sondes kan ontvang en 'n plek onder die heiliges deur die geloof wat in My is".[18] Paulus getuig ook dat die heerlikheid van God in die Persoon van Christus vir ons sigbaar is of - en dit het dieselfde krag - dat die verligting van die kennis van die heerlikheid van God uit sy gelaat straal.[19]
Dit is wel waar dat geloof op die enige God gerig is, maar ons moet ook byvoeg dat die geloof Jesus Christus, wat Hy gestuur het,[20] moet ken. God sou immers self ver van ons af verborge gebly het as die glans van Christus ons nie bestraal het nie.[21] Met hierdie doel het die Vader alles wat Hy gehad het, by sy eniggebore Seun gelaat om Hom in Hom te openbaar sodat Christus die ware beeld van sy heerlikheid kon weergee deur in alles wat aan Hom behoort, te deel. Want as ons dan, soos ons gesê het,[22] deur die Gees getrek moet word, om aangewakker te word OS 9
om Christus te soek, moet ons op ons beurt so gewaarsku wees dat ons ons onsienlike Vader nie elders as in hierdie beeld moet soek nie.[23]
Daarom is Augustinus se beskrywing so sierlik wanneer hy oor die doel van die geloof praat en leer dat ons moet weet waarheen en waarlangs ons daarheen moet gaan. Onmiddellik daarna lei hy daaruit af dat Hy wat God en mens is, die veiligste weg teen al die dwalings is. Hy sê dat God die doel is waarheen ons gaan en dat die mens die weg is waarlangs ons daar kom, maar dat ons albei slegs in Christus kan vind.[24] Wanneer Paulus trouens geloof jeens God verkondig, is hy glad nie van voorneme om die geloof wat hy so dikwels inprent en wat volkome bestendigheid in Christus het, omver te werp nie. Petrus verknoop die twee trouens baie mooi wanneer hy sê dat ons deur Christus in God glo.[25] OS 10

### *Geloof vereis kennis; die Skolastici verduister die suiwer leer in verband hiermee met hulle leer van 'implisiete geloof' (Afdeling 2 - 5)*

[17] Vgl. Hand. 20:21 (OC 48:462 - 463).
[18] Marg. *Act. 26.d.17.18.* Vgl. OC 48:542 - 544.
[19] Marg. *2. Cor. 4.b.6.* Vgl. OC 49:52 - 53.
[20] Vgl. Joh. 17:3 (OC 47:376 - 377).
[21] Vgl. *Inst.* 4.8.5. Calvyn se opvatting is konsekwent dat ons God nie sonder Christus kan ken nie. Vgl. *Inst.* 2.6.2 (Afr. vert. 2:469) waar hy Christus as doel van die geloof van die aartsvaders voorgehou het.
[22] Vgl. *Inst.* 3.1.4 (Afr. vert. 3:706).
[23] Vgl. Melanchthon, *Loci com.* 1535 (CR 21:351 e.v.) en Augustinus, *De divers. quaest.* 74 (MPL 40:85 - 86; CCSL 44A:213).
[24] Marg. *Li. 11. de Civ. Dei, cap. 2.* Augustinus, *De civ. Dei* 11.2 (MPL 41:318; CSEL 40,1:512 e.v.).
[25] Marg. *1 Pet. 1.d.21.* Vgl. OC 55:227.

## 2. *Die Skolastici se leer van 'n 'implisiete geloof'*

Ons moet dus hierdie euwel, soos talryke ander, aan die Skolastici toeskryf omdat hulle as 't ware 'n seil oor Christus trek en Hom bedek. As ons ons oë egter nie reëlreg op Hom gerig hou nie, sal ons altyd deur baie doolhowe ronddwaal. Benewens die feit dat hulle met hulle duister definisie die hele krag van die geloof vertrap en amper leweloos maak, het hulle die verdigsel van 'n *implisiete geloof* geskep.[26] Met hierdie woorde tooi hulle hulle uiters growwe onkunde en dryf tot groot skade die spot met arme gewone mense, of liewer - om nou waaragtiger OC 399
en openliker te praat soos die werklikheid is, - hierdie verdigsel begrawe nie alleen die ware geloof nie maar vernietig dit heeltemal. Is dit dan geloof as 'n mens niks verstaan nie, solank jy maar jou gevoel gehoorsaam aan die kerk onderwerp?[27]

Geloof is nie in onkunde geleë nie maar in kennis; en dit nie alleen in die kennis oor God nie maar ook in kennis van die wil van God. Ons kry immers nie ons saligheid omdat ons bereid is om alles wat die kerk voorskryf, as die waarheid te omhels nie of omdat ons die taak om dit te ondersoek en kennis daarvan op te doen aan die kerk oorlaat nie. Ons verkry dit tewens omdat ons weet dat God ons genadige Vader is omdat A 191
deur Christus versoening gedoen is[28] wanneer ons weet dat Christus waarlik tot geregtigheid, heiligmaking en die lewe aan ons gegee is.[29] Ek herhaal: deur hierdie kennis, en nie deur die onderwerping van ons gevoelens nie, kan ons tot die koninkryk van die hemel toetree. Want wanneer die apostel sê dat ons met die hart glo tot geregtigheid en met

[26] Thomas onderskei verskillende betekenisse waarin die woord *geloof* gebruik word, naamlik
[1] as akte of daad om te glo; in hierdie opsig staan geloof tussen *opinie* en *wete* (of *wetenskap*), *Summa Theol.* 1,2.67.3 (Marietti 2:297; vgl. ook 296, n. 1) en Augustinus, *De utilitate credendi* 11.25 (MPL 42:83);
[2] as menslike houding (*habitus*) waardeur die mens in staat is om te glo; hier geld die onderskeiding van *gevormde* en *ongevormde geloof*, a.w. 2,2.4.1, 4, 6; 2,2.19.5 *ad* 1 (Marietti 3:39 - 40, 42 - 43, 44 - 45, 110);
[3] as inhoud of objek wat geglo word; in dié sin word gepraat van *die leer van die geloof; die katolieke geloof*, en *fides implicita* (implisiete geloof) van *fides explicita* (eksplisiete of ontvoude geloof) onderskei, a.w. 1,2.106.1. *ad* 3; 2,2.2.6 *ad* 3 (Marietti 2:526; 3:32);
[4] as getrouheid of lojaliteit, bv. tussen getroudes, a.w. 2,2.105.4 (Marietti 2:523);
[5] as versekering, belofte of waarborg, a.w. 2,2.70.1 (Marietti 2:523).
Die term *implisiete geloof* kom eerste voor by Willem van Auxerre (* *ca.* 1150, + 1231) om die gebrekkige aard van leke se geloof aan te dui wat die kerkleer nie verstaan het nie maar daarmee ingestem het (RPTK 6:677); *Inst.* 3.2.5 (Afr. vert. 3:713). Vgl. ook Augustinus, *De utilitate credendi* 11.25 (MPL 42:82 e.v.); Anselmus, *De fide trin.* 7; *Cur Deus homo* 1.2 (MPL 158:280, 363 e.v.). Calvyn gebruik die term in *Inst.* 3.2.5 (Afr. vert. 3:713).

[27] Vgl. OS 4:10, n. 2.

[28] Vgl. 2 Kor. 5:18, 19 (OC 49:69 - 72) en Bucer, *Ein summarischer Vergriff: ... der heilig Geist ... würcket in allen, die durch in werden neu geboren ... ein hertzliches vertrawen zu Gott als irem Vatter* (BDS 17:129).

[29] Vgl. 1 Kor. 1:30 (OC 49:330 - 332).

die mond bely tot saligheid,[30] gee hy te kenne dat dit nie genoeg is as iemand *implisiet* sou glo as hy iets nie verstaan en dit nie ondersoek nie. Hy eis egter 'n *eksplisiete* kennis van die goedheid van God OS 11
omdat ons geregtigheid daarin geleë is.

### 3. *Geloof berus op kennis van God en Christus en nie op eerbied vir die kerk nie.*

Omdat ons deur onkunde omring is, erken ek wel dat baie dinge nou nog vir ons *ingewikkeld* is en dit ook in die toekoms sal wees, totdat ons die las van ons vlees laat vaar het en tot God se teenwoordigheid nader. Juis daarin is niks beter as om ons oordeel terug te hou en ons gemoed te versterk met die oog daarop om die eenheid met die kerk te behou nie. Dit is egter die toppunt van dwaasheid om onder hierdie dekmantel onkunde en nederigheid deurmekaar te krap en dit dan met die woord *geloof* te kenskets. Want geloof is in kennis van God en van Christus geleë,[31] en nie in eerbied vir die kerk nie. Ons sien ook hoe 'n doolhof hulle met hulle *ingewikkeldheid* geskep het, sodat enigiets en soms selfs die sonderlingste dwalings sonder onderskeid deur oningeligtes as godsprake aangegryp word solank dit maar in die naam van die kerk aan hulle opgedis word. Hoewel so 'n ondeurdagte liggelowigheid 'n baie gewisse verval in die verderf beteken, word dit tog deur hulle verdedig omdat 'n mens dan in niks bepaalds sou glo nie maar slegs dié voorwaarde sou stel, naamlik: "As die kerk so glo ...".[32] So verbeel hulle hulle dat die waarheid in dwaling, dat die lig in blindheid en dat ware kennis in onkunde ingesluit is.

Om ons nou nie te lank daarmee op te hou om hulle te weerlê nie, vermaan ons die leser slegs om hulle leer met ons opvattings te vergelyk. Die waarheid sal dan duidelik genoeg wees en dit sal vanself hulle opvatting weerlê. Want hulle vra nie of die geloof nog in baie oorblyfsels van onkunde *gewikkel*[33] is nie, maar hulle omskrywe opregte geloof as die geloof van mense wat in onkunde verstik is en hulleself daaraan oorgee solank hulle maar met die gesag en oordeel van die kerk in sake waarvan hulle niks weet nie, saamstem. Net asof die Skrif nie oral leer dat geloof en kennis aan mekaar verbind is nie![34]

[30] Marg. *Rom. 10.b.10.* Vgl. OC 49:202 en Parker, 1981:229.

[31] Marg. *Iohan. 17.a.3.*

[32] Vgl. Ockam, *De sacramento altaris* C1a; Biel, *In sent.* 3.25.1, n. 2, *coroll.* 3; OS 4:11.

[33] Calvyn gebruik hier 'n woord wat aan dieselfde stam as 'implisiet' ontleen is, en dui daarmee die meervoudige gebruik daarvan aan.

[34] Benoit wys daarop dat Calvyn in die 1536-uitgawe van die *Institusie* beklemtoon het dat geloof uit vertroue en hoop bestaan (OC 1:56 e.v.; Afr. vert. 1536:104). Vanaf die 1539-uitgawe verskuif hy die

## 4. *Solank ons as vreemdelinge op die wêreld vertoef, bly geloof 'n 'ingewikkelde' begrip*

Sover dit ons aangaan, gee ons inderdaad toe dat die geloof nog *ingewikkeld* is solank ons vreemdelinge op die wêreld is, nie alleen omdat baie dinge nog vir ons verborge is nie maar ook omdat die newel van baie dwalings ons nog omring en ons nie alles kan begryp nie.[35] Want die hoogste wysheid van die volmaakste mense is om in die geloof te vorder en met kalm leergierigheid voort te beur.[36] Daarom spoor Paulus die gelowiges aan om op die openbaring te wag as een miskien oor iets van iemand anders sou verskil.[37] Die ervaring leer ons in elk OC 400 geval dat ons minder bereik as wat ons begeer totdat ons ons van ons vlees ontdoen. Wanneer ons die Skrif lees, kom ons elke dag op duister onderwerpe af wat ons van onkunde aankla. God maak ons met hierdie toom ook beskeie wanneer Hy aan elkeen afsonderlik 'n bepaalde maat van die geloof gee,[38] sodat selfs die heel beste geleerde bereid moet wees om nog te leer.

Ons kan ook sonderlinge voorbeelde van hierdie *ingewikkelde* geloof

klem daarna dat geloof kenbaar is, en gaan so ver om te sê dat die mens se verstand en geloof verbind is. Sy opvatting is waarskynlik in reaksie teen die Skolastiese leer van 'implisiete geloof' (Benoit 3:17, n. 2).

[35] Elders in sy werke kwalifiseer Calvyn die mens se beperkte kenvermoë veral ten opsigte van sy kennis van onduidelike Skrifgedeeltes. Uitgaande van die standpunt dat die Skrif nie soos 'n mens se neus na willekeur rondgedraai kan word nie (vgl. sy *Responsio contra Alberti Pighii calumnias*, OC 6:268), kom daar o.a. die volgende voor:

[1] Niks wat vir ons saligheid nodig is, is daarin onduidelik nie (*Ils disent que l'Escriture saincte est trop obscure, qu'on n'y peut mordre ... mais cependant si voit-on comme Dieu a promis d'esclairer les petis, et les humbles ... qu'il ne veut pas seulement instruire les grands clercs ... mais qu'il se veut accommoder iusques aux plus rudes idiots qui soyent* (*Serm. sur le livre de Job*, OC 33:63); vgl. ook OC 26:653; 28:546, 573, 618; 53:654).

[2] Die mens se intellek alleen is nie genoegsaam om die Skrif te begryp nie maar het die verligting van die Heilige Gees daarby nodig (vgl. *Homil. in I lib. Samuelis*, OC 29:380): *Centies etenim millies auditam evangelii doctrinam nunquam perciperemus, nisi Deus in nobis ipsis per sanctum suum spiritum operaretur, aures aperiret, et in animis nostris insculperet* - want al sou ons die leer van die evangelie miljoen kere hoor, sou ons dit nooit kon verstaan tensy God dit deur sy Heilige Gees in ons werk, ons ore daarvoor oopmaak en dit in ons harte ingrif nie; vgl. ook sy kommentaar oor 2 Kor. 6:3 (OC 50:76 e.v.).

[3] Die mens mag egter nie met onbetaamlike nuuskierigheid probeer om God se verborgenhede binne te dring nie want om hieroor onkundig te wees is om geleerd te wees. 'n Christen moet eerder wag vir die volle lig van die openbaring (vgl. *Serm. sur le Deutéronome*, OC 26:391).

[4] Gehoorsaamheid aan die gebooie en aan die Skrif sal die Christen van onduidelikheid tot duidelikheid lei (vgl. *Serm. sur l'harm. évangélique*: OC 46:481; en sy brief aan M. de Saint-Laurens (*Ep.* 1334, OC 13:506 e.v.).

[5] In sy kommentaar oor Hand. 8:34 noem hy 'n reeks voordele wat die Skrif ten spyte van oënskynlike onduidelikhede vir die mens inhou (OC 48:195); vgl. Benoit 3:17.

[36] Vgl. *Inst.* 3.2.19 (Afr. vert. 3:735) en Vincent van Lérins, *Commonitorium* 1.23 - 28 e.v. (MPL 50:667 e.v.).

[37] Marg. *Philip. 3.c.15.* Vgl. OC 52:53.

[38] Vgl. Rom. 12:3 (OC 49:236 - 237).

in Christus se dissipels waarneem voordat hulle die volle verligting ontvang het. Ons sien hoe moeilik hulle juis aan die eerste OS 12 beginsels van die leer geproe het, sodat hulle selfs oor die geringste aspekte daarvan twyfel. Gevolglik het hulle tog nie baie vordering gemaak nie ofskoon hulle aan die Meester se lippe gehang het. Ja, selfs toe hulle deur die vrouens gewaarsku is en na sy graf toe gehardloop het, was die opstanding van die Meester vir hulle soos 'n droom.[39] Omdat Christus egter vooraf vir hulle van die geloof getuig het, mag ons nie sê dat hulle heeltemal sonder geloof was nie; inteendeel, as hulle nie oortuig was dat Christus sou opstaan nie, sou al hulle ywer platgeval het. Dit was ook nie bygeloof wat die vrouens verlei het om 'n dooie mens se liggaam met salf te balsem terwyl hulle geen hoop gehad het dat Hy sal lewe nie. Hoewel hulle sy woorde geglo het omdat hulle geweet het dat Hy waaragtig is, het die onkunde wat hulle verstand nog beset het, hulle geloof in 'n wolk gehul, sodat hulle amper stomgeslaan was. Daarom word daar gesê dat hulle eers begin glo het toe hulle gevind het dat Christus se woorde bewaarheid is - nie dat hulle toe begin glo het nie, maar omdat die saad van die geloof wat in hulle harte verborge en as 't ware dood was, kragtig geword en ontkiem het. Hulle het dus 'n ware geloof gehad maar dit was nog *toegewikkel*, terwyl hulle Christus eerbiedig as enigste Meester omhels het. Nadat hulle deur Hom onderrig is, het hulle Hom as die enigste bron van saligheid beskou. Uiteindelik het hulle geglo dat Hy uit die hemel gekom het om deur die genade van sy Vader vir Hom dissipels in die hemel te versamel.[40] Ons hoef tewens nie 'n bekender bewys hiervoor te soek as die feit dat ongeloof nog altyd onder Christene met geloof gemeng is nie.

## 5. *Voorbereiding vir die geloof*

Ons kan dit wat niks anders as 'n voorbereiding vir die geloof is nie, ook *implisiete* geloof noem.[41] Die verkondigers van die evangelie vertel dat baie mense geglo het terwyl hulle in der waarheid net deur Christus se wonderwerke oorstelp en oorreed was. Hulle het egter nie verder gevorder as (om te dink) dat Christus die Messias was wat aan hulle belowe is nie. Nogtans was hulle nie eens met 'n greintjie van die leer van die evangelie deurtrek nie. So 'n eerbied wat hulle gedwing het om

[39] Vgl. Luk. 24:11; Joh. 20:8 (OC 47:429 -430).

[40] Fr.: *pour assembler en l'héritage immortel, par la grâce de Dieu son Père, ceux qui luy seroyent vrais disciples* (Benoit 3:19).

[41] Vgl. Calvyn se *Com. in harm. ev. Luc.* 19:4: *Etsi autem in Zachaeo nondum erat formata fides, fuit tamen haec praeparatio quaedam* - hoewel die geloof in Saggeus nog nie gevorm was nie, was dit tog in 'n sekere sin 'n voorbereiding daarvoor (OC 45:563).

hulle gewillig aan Christus te onderwerp, word met die woord *geloof*
versier, terwyl dit niks anders as net die begin van die geloof was nie.[42]
So het die hofdienaar wat Christus se belofte dat sy seun gesond sou
word, geglo het, huis toe gegaan[43] en, volgens die skrywer van die
Evangelie, van vooraf geglo.[44] Hy het dit sekerlik gedoen omdat hy
Christus se woorde as 'n profesie beskou het. Daarna het hy hom aan
Christus se gesag onderwerp om sy leer te ontvang. Tog moet ons weet
dat hy so ontvanklik en leerbereid[45] was dat die woord *geloof* in die
eerste stelling op 'n besondere geloof dui en dat hy hom in die tweede
stelling onder die dissipels reken wat hulle aan Christus oorgegee het.[46] OS 13
Johannes gee ons 'n soortgelyke voorbeeld in die geval van die
Samaritane. Hulle het die vrou se woorde geglo en ylings na Hom toe A 192
gehardloop. Toe hulle Hom gehoor het, het hulle vir haar gesê: "Ons OC 401
glo jou woorde nou nie meer nie maar ons het Hom self gehoor en ons
weet dat Hy die Verlosser van die wêreld is".[47] Hieruit is dit duidelik dat
selfs mense wat nog nie met die eerste beginsels deurdrenk was nie,
gelowiges genoem word mits hulle hulle laat meevoer om Hom te
gehoorsaam. Dit is egter nie werklik nie maar slegs in soverre God na sy
barmhartigheid hulle vroom gevoel so 'n groot eer waardig geag het.
Maar hierdie leergierigheid met die begeerte om daarin vordering te
maak verskil ver van die growwe onkunde waardeur die mense lamge-
slaan is wat tevrede is met 'n ***implisiete geloof*** soos die pousgesindes
versin. Want as Paulus die mense streng veroordeel wat altyddeur leer
maar nooit tot kennis van die waarheid kom nie,[48] hoeveel swaarder
skande verdien die mense dan nie wat opsetlik daarna streef om niks te
weet nie?

[42] Vgl. *ibid.* Luk. 19:5: *Nam etsi (sc. Zachaeus) pura fide nondum imbutus erat, fuit tamen haec docilitas et oboedientia fidei principium* - want hoewel Saggeus nog nie met die suiwer geloof deurtrek was nie, was sy leerbaarheid en gehoorsaamheid tog die begin van sy geloof (OC 45:563).

[43] Vgl. Joh. 4:50 (OC 47:101 - 102).

[44] Marg. *Iohan. 4.g.53.* Vgl. OC 47:103.

[45] Die woorde *docilitas* (leerbaarheid, ontvanklikheid) en *docilis* (leerbaar) kom meer as 100 keer in Calvyn se kommentare (meesal NT) voor. In die voorwoord van sy Psalmkommentaar beskryf hy sy eie bekering as 'n skielike omkeer tot leerbaarheid (*subita conversio ad docilitatem*, OC 31:21). *Leerbaarheid* dui dus op die begin van of selfs die voorbereiding vir die geloof. (Vir voorbeelde hiervan vgl. Neuser, W.H.: *Calvin's conversion to teachableness* in Ned. Geref. Teol. Tydskrif 26, 1 Jan. 1985 en Rott, J. se opmerkings in verband met Calvyn se *subita conversio* in sy artikel *Documents Strasbourgeois concernant Calvin*, in *Regards contemporains sur Jean Calvin, Actes du Colloque Calvin*, 1964:37, n.46.

[46] Fr.: ... *il s'estend plus loin, c'est de mettre cest homme au reng des disciples de nostre Seigneur, lesquels faisoyent profession d'adhérer à luy* (Benoit 3:19).

[47] Marg. *Iohan. 4.f.42.* Vgl. OC 47:98.

[48] Marg. *2. Tim. 3.b.7.* Vgl. OC 52:378.

## 6. *Paulus noem die evangelie met reg 'die leer van die geloof'*

Die ware kennis van Christus is dus as ons Hom aanneem soos Hy deur die Vader vir ons aangebied word, naamlik geklee in sy evangelie. Soos Hy immers as die doel van ons geloof bestem is, sal ons nie reguit na Hom koers hou tensy die evangelie voor ons uitgaan nie. En daarin word die skatte van sy genade gewis vir ons oopgemaak. As dit vir ons gesluit bly, sou Christus weinig voordeel vir ons ingehou het. So sit Paulus die geloof as 'n onafskeidbare metgesel by die leer met die volgende woorde: "Julle het Christus nie so leer ken nie, as julle maar net die waarheid wat in Christus is, geleer is".[49] So beperk ek geloof nogtans nie net tot die evangelie sonder om te erken dat Moses en die profete nie ook dit wat genoegsaam is om geloof op te bou, geleer het nie. Omdat 'n voller openbaring van Christus egter in die evangelie voorkom, word dit OS 14 met reg deur Paulus *die leer van die geloof* genoem.[50] Daarom sê hy ook elders dat die wet tot niet gemaak is toe die geloof gekom het.[51] Onder hierdie woorde verstaan hy 'n nuwe en ongewone soort onderwysing waardeur Christus sedert sy verskyning as Meester die barmhartigheid van sy Vader beter aan ons getoon het en sekerder getuienis van ons verlossing gelewer het.

Tog sal dit 'n makliker en gepaster metode wees as ons geleidelik van die algemene na die besondere oorgaan. Eers moet ons gewaarsku wees dat die geloof vir ewig in 'n verhouding met die Woord staan en dat dit net so min van die Woord losgeskeur kan word as wat die strale van die son, wat die bron daarvan is, losgemaak kan word. Daarom roep God in Jesaja uit: "Luister na My en julle siel sal lewe".[52] Johannes wys met die volgende woorde op dieselfde bron van die geloof: "Hierdie dinge is beskrywe sodat julle kan glo".[53] Wanneer die profeet die volk wil aanspoor om te glo, sê hy: "Vandag as julle sy stem hoor".[54] Onder die woord *hoor* word oral *glo* verstaan. Verder maak God nie sonder rede met hierdie teken onderskeid tussen die kinders van die kerk en buitestaanders nie, naamlik dat Hy hulle almal sal onderwys sodat hulle deur Hom self geleer kan wees.[55] As dit trouens 'n seën sonder onderskeid was, waarom sou Hy sy woorde net tot 'n paar mense rig? Daarmee stem ook ooreen dat die skrywers van die evangelie die woorde *gelowiges* en *dissipels* oral bymekaar plaas asof dit sinonieme is.

[49] Marg. *Ephes. 4.e.20.* Vgl. ook vers 21 en OC 51:206 - 208.
[50] Vgl. 1 Tim. 4:6 (OC 52:298) en *Inst.* 2.11 *passim* (Afr. vert. 2:596).
[51] Marg. *Rom. 10.a.4.* Vgl. OC 49:196.
[52] Marg. *Iesa 55.a.3.* Vgl. OC 37:284 - 285.
[53] Marg. *Iohan. 20.g.31.* Vgl. OC 47:446 - 448.
[54] Marg. *Psal. 95.c.8* (*recte*: Ps. 95:7). Vgl. ook OC 32:32.
[55] Marg. *Iesa. 53.e.13* (*recte*: Jes. 54:13). Vgl. OC 37:275 - 277.

Veral Lukas doen dit baie dikwels in die Handelinge van die apostels. Hy brei die beskrywing selfs tot vrouens uit, byvoorbeeld in Handelinge 9.[56] As die geloof daarom selfs in die minste mate afwyk van hierdie doel, waarop dit gerig moet wees, behou dit nie meer sy aard nie maar is 'n onsekere liggelowigheid en 'n onbestendige dwaling van die verstand. Dieselfde Woord is ook die basis waardeur die geloof gesteun en onderhou word. As dit daarvan afwyk, stort dit in duie. Neem dus die OC 402 Woord weg en daar sal geen geloof meer oorbly nie.

Ons redeneer hier nou nie daaroor of die mens se diens noodsaaklik is om die Woord van God waaruit die geloof gebore word, te saai nie. Ons sal dit elders behandel.[57] Ons sê slegs dat die Woord self, hoe dit ook al tot ons kom, soos 'n spieël is waarin ons geloof God kan sien. Of God OS 15 dus ook al die mens se werk hierin aanwend en of Hy slegs met sy eie krag werk[58] - Hy stel Homself tog altyd bekend deur die Woord aan die mense wat Hy na Hom toe wil trek. Daarom beskryf Paulus geloof in Rom. 1:5 ook as *gehoorsaamheid aan die evangelie*, en elders loof hy die *onderdanigheid van die geloof* in die Filippensers.[59] Want in ons begrip van geloof gaan dit nie maar net om een aspek, naamlik dat ons moet weet dat daar 'n God is nie, maar ook, ja, veral daaroor dat ons moet begryp wat sy wil met ons is. Dit is immers vir ons belangrik, nie om te weet wie Hy self is nie maar hoe Hy vir ons wil wees.

Nou besef ons dus dat geloof die kennis van God se wil met betrekking tot ons is soos dit uit die Woord geput is. Die fondament hiervan is egter die veronderstelling dat ons oortuig is van die waarheid van die Woord.[60] Solank 'n mens oor die sekerheid hiervan in 'n tweestryd is, sal die Woord se gesag twyfelagtig en onvas, ja, selfs gesagloos wees. Dit is ook nie genoeg om net te glo dat God waaragtig is aangesien Hy nie kan bedrieg of lieg nie, as 'n mens nie bo alle twyfel vasstel dat alles wat van Hom uitgaan, heilig en die onskendbare waarheid is nie.[61]

[56] Marg. *Act. 6.a.1; 2.b.7; 9.a.1; b.10; d.19; 25.e.26; g.38 et 11.d.26.29 et 13.g.52 et 14.15.16.18.20.21.* Vgl. Hand. 9:36; 14:28; 15:10 ensovoorts en die betrokke Skrifgedeeltes in OC 48:117 e.v.

[57] Vgl. *Inst.* 4.1.5.

[58] Vgl. Calvyn se *Harm. ev.* oor Luk. 19:4: *Sic Dominus saepe, priusquam se hominibus manifestet, caecum illis affectum inspirat, quo feruntur ad ipsum adhuc latentem et incognitum* - voordat Hy hom aan mense openbaar, maak die Here hulle dikwels blind, om hulle daarmee na Hom toe te bring terwyl Hy nog vir hulle verborge en onbekend is (OC 45:563).

[59] Marg. *Philip. 2.c.17.* Vgl. ook Fil. 1:3 - 5; 1 Tess. 2:13 en OC 52:8 - 9, 205 - 206.

[60] Vgl. Bucer, *Enar. in Ev.* 1530 fo. 86b - 87b; OS 4:15.

[61] Vgl. Luther, *Ench. piar. prec.* (*Betbüchlein*) C7a (WA 10,2:389) en Augustinus, *Confes.* 10.24.35 (MPL 32:791; CCSL 27:174); *De vera religione* 36.66, 67 (MPL 34:151, 152; CCSL 32:230, 231); *Soliloquiorum* 1.2 (MPL 32:870).

## 7. *Geloof is die vaste kennis van die welwillendheid van God, gegrond in die waarheid van sy belofte in Christus en deur die Heilige Gees geopenbaar en beseël*

Maar omdat die mens se hart nie deur elke roepstem van God tot die geloof opgewek word nie, moet ons nog verder ondersoek instel na dit waarop die geloof eintlik in die Woord slaan. Die woorde van God aan Adam was: "Die dood sal jy sterf".[62] Sy woorde aan Kain was: "Jou broer se bloed roep van die aarde af na My".[63] Hierdie woorde is egter op niks anders gemik as om ons geloof te skok nie - so ver weg is dit daarvan om ons geloof voldoende te bestendig. Intussen erken ons wel dat dit die geloof se taak is om die waarheid van God so dikwels as wat Hy praat - wat Hy ook al sê en hoe Hy dit ook al sê - te onderskrywe. Ons vraag is nou egter net wat die geloof in die Woord van die Here kan vind waarop dit kan steun en waarin dit berusting kan vind.[64] Hoe sou ons gewete nie bewe en verskrik terugdeins wanneer hy net verontwaardiging en toorn daarin bemerk nie! Hoe sou hy nie van God wegvlug as hy verskrik vir Hom terugdeins nie? En tog moet geloof God soek en nie van Hom af wegvlug nie. Dit is dus duidelik dat ons nog nie 'n volle definisie van geloof het nie omdat dit nie as geloof beskou moet word om die wil van God, hoedanig dit dan ook al is, te ken nie.

Maar wat daarvan as ons in plaas van sy wil waarvan die Woord dikwels 'n
treurige boodskapper en 'n skrikwekkende voorbode is, sy goedgunstig- A 193
heid en barmhartigheid sou stel? So sal ons gewis nader aan die werklike
aard van geloof kom. Dan word ons immers gelok om God te soek nadat
ons geleer het dat ons saligheid by Hom geleë is. Dit word juis vir ons
bewys wanneer Hy verklaar dat Hy oor ons saligheid besorg is en Hom OS 16
daarvoor beywer. Daarom het ons die belofte van sy genade nodig,
omdat Hy daarmee vir ons getuig dat Hy vir ons 'n genadige Vader is.
Ons kan tewens nie op 'n ander wyse tot Hom nader nie en die mens se OC 403
hart kan slegs daarop steun. Daarom word barmhartigheid en waarheid oral in die psalms aan mekaar verbind asof die een van die ander afhanklik is.[65] Want die kennis dat God waaragtig is, sou ons niks gebaat het as Hy ons nie uit genade na Hom toe lok nie. Ons sou ook nie die voorreg gehad het om sy barmhartigheid te omhels as Hy dit nie met sy eie stem vir ons aangebied het nie: "Ek het u waarheid en u saligheid verkondig; ek het u goedertierenheid en u waarheid nie verberg nie.

[62] Marg. *Gene. 2.c.17.* Vgl. OC 23:45 - 46.
[63] Marg. *Ibidem 4.b.10.* Gen. 4:10. Vgl. OC 23:92 - 93.
[64] Vgl. *Inst.* 1.6 (Afr. vert. 1:149).
[65] Vgl. Ps. 25:5; 89:15, 25; 92:3; 98:3; 100:5; 108:5; 115:1 en Calvyn se kommentaar by die betrokke Psalms in OC 31:816, 820; 32:10, 48, 55, 182 - 183.

Laat u goedertierenheid en u waarheid my bewaak".[66] Elders staan daar: "U barmhartigheid is tot in die hemele en u waarheid tot by die wolke".[67] Net so: "Al die weë van die Here is genade en waarheid vir die wat sy verbond bewaar".[68] Net so: "Sy barmhartigheid oor ons het vermeerder en die waarheid van die Here bly tot in ewigheid".[69] Net so: "Om u barmhartigheid en u waarheid sal ek u Naam besing".[70] Nou laat ek dit maar daar dat ons in dieselfde betekenis by die profete kan lees dat God in sy beloftes genadig en getrou is. Want ons sal onbesonne tot die slotsom geraak dat God ons goedgesind is as Hy nie van Homself getuig en ons met sy uitnodiging voorgaan om geen twyfel of onduidelikheid oor sy wil te laat nie. Ons het egter ook reeds gesien dat Christus die enigste pand van God se liefde is. Sonder Christus verskyn die tekens van sy haat en toorn bo en onder ons. Aangesien kennis van God se goedertierenheid nie van veel belang sou wees as Hy self ons nie daarin berusting laat vind nie, moet ons die kennis wat met twyfel vermeng is en wat nie stewig op eie bene kan staan nie maar met homself in stryd is, uitsluit. Maar verre sy dit daarvan dat die mens se verstand, blind en verduister soos dit is, daartoe sou kon deurdring en opstyg om God se wil te begryp. Maar ook sy hart, wat in voortdurende vertwyfeling ronddobber, kan nie onbesorg in die oortuiging bly vassteek nie. Die mens se verstand moet dus van elders verlig en sy hart van elders kragtig word dat die Woord van God ten volle geloofwaardigheid onder ons kan kry.

Nou sal ons 'n grondige definisie van die geloof hê as ons sê dat dit die vaste en sekere kennis van die welwillendheid van God jeens ons is, wat in die waarheid van sy genadige belofte in Christus gegrond is, en deur die Heilige Gees aan ons verstand geopenbaar en in ons hart beseël word.[71]

***'n Weerlegging van sekere dwalings in verband met die begrip geloof (Afdeling 8 - 13)***

[66] Marg. *Psal. 40.c.11* (*recte*: Ps. 40:12). Vgl. OC 31:414 - 415.

[67] Marg. *Psal. 36.b.6.* Vgl. OC 31:361 - 362.

[68] Marg. *Psal. 25.b.10.* Vgl. OC 31:255 - 256.

[69] Marg. *Psalm 117.* Vgl. vers 2 en OC 32:201 - 202.

[70] Marg. *Psal. 138.a.2.* Vgl. OC 32:373.

[71] Vgl. Calvyn se *Instruction et Confession de foy* (OC 22:47): *(La foy) est une ferme et solide confiance de cueur par laquelle nous arrestons seurement en la miséricorde de Dieu qui nous est promise par l'Evangile*; asook sy *Catechisme* (OC 6:43): *La vraye foy est certaine et ferme cognoissance de la dilection de Dieu envers nous, selon que par son Evangile il se déclaire estre nostre Père et Sauveur par le moyen de Iesus Christ; (vera fides est) certa ac stabilis cognitio paternae erga nos Dei benevolentiae, sicut per evangelium patrem se nobis, Christi beneficio, ac salvatorem fore testatur* - ware geloof is die besliste en standvastige kennis van God se vaderlike goedgesindheid jeens ons soos Hy deur die evangelie getuig dat Hy vir ons 'n Vader sal wees en deur die weldaad van Christus ons Verlosser. Lombardus se definisie van geloof is: *Fides est virtus*

## 8. *'Gevormde' en 'ongevormde' geloof*

Maar voordat ek verder gaan, sal enkele inleidende opmerkings nodig wees om die knope te ontrafel wat andersins vir my lesers 'n struikelblok kan vorm. En in die eerste plek moet ons die sinlose onderskeid tussen OS 17 'n *gevormde* en 'n *vormlose* geloof, wat in skole die rondte doen,[72] weerlê. Want hulle verbeel hulle dat mense alles glo wat noodsaaklik is om vir hulle saligheid te weet, ten spyte daarvan dat hulle nie deur die vrees vir God en deur geen gevoel vir godsvrug geraak word nie. Net asof die Heilige Gees nie waarlik 'n Getuie van ons aanneming is wanneer Hy ons hart verlig om te glo nie. Hoewel die hele Skrif daarteen skreeu, ag hulle hulle in hulle verwaandheid die oortuiging wat sonder die vrees vir God is, die naam *geloof*waardig. Ons hoef nie hier te lank met hulle oor hulle definisie van geloof te stry nie, maar ons moet die aard van geloof eenvoudig soos dit in die Woord van God geleer word, verduidelik. Daaruit sal dit duidelik blyk hoe onervare en dwaas hulle OC 404 oor die geloof klets eerder as om daarvan te praat.

Ek het 'n onderafdeling hiervan reeds aangeroer[73] en ek sal die res te geleëner tyd byvoeg.[74] Nou sê ek dat 'n mens jou niks dwaser as hulle versinsel kan voorstel nie. Hulle opvatting is dat die geloof 'n (soort) instemming is waardeur elke veragter van God dit wat hom uit die Skrif aangebied word, sal aanneem.[75] En tog moet ons ten eerste ondersoek of elkeen sy geloof uit eie beweging vir homself gaan haal en of die Heilige Gees deur die geloof 'n Getuie van ons aanneming is. Hulle hou hulle

*qua creduntur quae non videntur* - geloof is die deug waardeur ons die dinge wat ons nie kan sien nie, glo; verder: *Fides ergo operans per dilectionem virtus est, qua non visa creduntur. Haec est fundamentum* - geloof is dus 'n deug wat deur die liefde werk waardeur ons die dinge wat ons nie kan sien nie, glo. Dit is die fondament. Hy verwys na Augustinus om aan te dui dat hierdie fondament Christus is (*Sent.* 3.23.2, 3 - MPL 192:805 e.v.). Vgl. ook Melanchthon: *Fides est assentiri universo verbo Dei, nobis tradito, atque ita et promissioni gratiae. Et est fiducia acquiescens in Deo propter Mediatorem, accedens ad Deum, vere invocans eum, et clamans Abba Pater* - geloof is die instemming met die volle Woord van God wat aan ons oorgelewer is, en so ook met die belofte van genade. Dit is ook 'n vertroue wat vanweë die Middelaar in God berusting vind, tot God nader, Hom waarlik aanroep en uitroep: Abba, Vader (*Explicatio Symboli Niceni: De vocabulo fidei*, CR 23:455).

72 Vgl. Petrus Lombardus, *Sent.* 3.23.4 e.v. (MPL 192:805 e.v.); Alexander Alesius, *Summa Theol.* 3.74, 78; Bonaventura, *In sent.* 3.232.1 - 5; Thomas, *Summa Theol.* 2,2.4.3, 4 (Marietti 3:42 e.v.). Die Belydenisskrifte van die Reformasie het die RK se geloofsopvatting konsekwent verwerp, soms eksplisiet deur *ongevormde* geloof by name af te wys, soms implisiet en soms deur positiewe formulering soos in die NGB art. 22. Vgl. in verband hiermee die verskillende Belydenisskrifte in Schaff, *Creeds* 3 asook Melanchthon, *Catechesis puerilis: de iustificatione* (CR 23:178).

73 Vgl. *Inst.* 3.2.2 (Afr. vert. 3:710).

74 Vgl. *Inst.* 3.11.20 e.v. (Afr. vert. 3:956 e.v.).

75 Vgl. Augustinus, *De praedest. sanct.* 2.5 (MPL 44:963); *Ench.* 20:7 (MPL 40:242); Lombardus, *Sent.* 3.23.5 (MPL 192:805 e.v.); Bonaventura, *In sent.* 3.23.3, 4, 5; Thomas, *Summa Theol.* 2,2.4.4 (Marietti 3:42 e.v.).

dus met kinderagtige onsin besig wanneer hulle vra of die geloof waaraan 'n *bykomende eienskap* vorm gee, dieselfde geloof is en of dit in der waarheid 'n verskillende en nuwe geloof is.[76] Daaruit blyk gewis dat hulle deur so te klets nooit gedink het aan die besondere gawe van die Gees nie, naamlik dat die begin van die geloof alreeds die versoening waardeur die mens tot God kan nader, insluit. Hulle moes Paulus se verklaring: "Met die hart glo ons tot geregtigheid,"[77] in gedagte gehou het. Dan sou hulle opgehou het om so 'n gevoellose eienskap te versin. As hierdie een enkele rede vir ons voldoende sou wees, sou dit kragtig genoeg moes wees om die geskil te besleg, naamlik dat die instemming juis tot die hart eerder as tot die brein, tot die gesindheid eerder as tot die verstand behoort, soos ek reeds deels aangetoon het[78] en soos ek dit weer eens breedvoeriger onder die loep sal neem.[79] Daarom word dit *geloofsgehoorsaamheid*[80] genoem, en daaraan gee die Here bo enige ander vorm van onderdanigheid voorkeur. Dit is ook reg omdat niks vir Hom kosbaarder as sy waarheid is nie. Johannes die Doper getuig immers dat die waarheid deur die wat dit glo, beseël word asof hulle hulle handtekening daarop geplaas het.[81] Omdat dit 'n onderwerp is waaroor daar geen twyfel bestaan nie, kan ons kortliks met die volgende volstaan: Hulle is dwaas wanneer hulle sê dat geloof gevorm word sodra 'n vroom gesindheid by instemming kom, aangesien instemming ook reeds in 'n vroom gesindheid aanwesig is, soos tewens in die Skrif aangetoon word. Maar 'n tweede baie duideliker redenasie doen hom nou aan die hand. Aangesien die geloof Christus immers omarm, soos Hy deur die Vader vir ons aangebied word, en aangesien Hy nie alleen tot regverdiging, vergiffenis van sondes en vrede vir ons aangebied word nie maar ook tot heiligmaking en as bron van die lewende water, sal die geloof Hom ongetwyfeld nooit na behore kan leer ken sonder om terselfdertyd die heiligmaking deur die Gees sy eie te maak nie. Of as iemand dit nog duideliker gesê wil hê: Geloof is geleë in die kennis van Christus. Christus kan nie anders as deur die heiligmaking deur sy Gees geken word nie. Daaruit volg dat geloof hoegenaamd nie van 'n vroom gesindheid losgemaak mag word nie.

[76] Fr.: *si la foy estant formée de la charité survenante* (Benoit 3:24); die 'bykomende eienskap' (*superveniens qualitas*) wat die geloof vorm gee, is die liefde; vgl. Lombardus en Thomas se werke hierbo vermeld.

[77] Marg. *Rom. 10.b.10.* Vgl. OC 49:202.

[78] Vgl. *Inst.* 3.2.4 (Afr. vert. 3:712).

[79] Vgl. *Inst.* 3.2.16 (Afr. vert. 3:731).

[80] Marg. *Rom. 1.a.5.* Vgl. OC 49:11 - 12.

[81] Marg. *Iohan. 3.d.25* (*recte*: Joh. 3:33). Vgl. OC 47:73 - 74.

## 9. *"Al sou ek al die geloof hê sodat ek berge kan versit ..."*

Gewoonlik dring hulle Paulus se verklaring aan ons op waar hy sê: "Al sou iemand al die geloof hê sodat hy berge kan versit, maar hy het nie A 194 die liefde nie, sou dit hom niks baat nie,"[82] om daarmee die geloof te misvorm deur dit van die liefde te beroof. Hulle merk egter nie op wat die apostel se bedoeling met *geloof* in die verwysing is nie.[83] In die vorige hoofstuk het hy trouens oor die verskeidenheid gawes van die Gees gepraat en daaronder verskillende soorte tale, kragte en profesie geplaas.[84] Hy het die Korintiërs immers aangespoor om die beste hiervan OS 19 na te jaag, dit beteken om meer vrug en voordeel vir die hele liggaam van die kerk op te lewer. Daarna voeg hy by dat hy hulle 'n nog uitnemender weg sal wys.[85] Hy bedoel dat, al sou al sulke gawes op sigself uitmuntend wees, dit nogtans van geen waarde geag moet word as dit nie die liefde dien nie. Hy sê tewens dat hierdie gawes tot opbou van die kerk gegee is en as hulle nie daarop toegespits is nie, sal hulle OC 405 hulle aantreklikheid verloor. Om dit te bewys maak hy van 'n verdeling van die gawes gebruik. Daarin herhaal hy die gawes wat hy tevore vermeld het, maar hier doen hy dit in ander woorde. Onder die woorde *kragte* en *geloof* verstaan hy dieselfde, naamlik die vermoë om wondertekens te doen. Aangesien hierdie krag of geloof dus 'n besondere gawe van God is, wat enige goddelose mens kan vat en misbruik net soos die gawe van tale, profesie en ander genadegawes, is dit daarom nie verbasend as dit van die liefde losgemaak word nie. Hulle dwaling is egter ten volle daarin geleë dat, hoewel die woordjie *geloof* veelsydig[86] is, hulle nie die uiteenlopende betekenisse daarvan in ag neem nie en daaroor twis net asof dit oral in een en dieselfde betekenis opgeneem moet word. 'n Aanhaling uit Jakobus wat hulle ter verdediging van hulle dwaling bysleep, sal elders ondersoek word.[87]

Ter wille van ons onderwysing gee ons toe dat geloof in verskillende vorms kan voorkom. Omdat ons egter wil aantoon wat die aard van die

[82] Marg. *1. Cor. 13.a.2.* Vgl. OC 49:509; Lombardus a.w. en Augustinus, *De doctr. Christ.* 1.39.43 (MPL 34:36; CCSL 32:31); *De doctr. Christ.* 1.39.43 (MPL 34:36; CCSL 32:31).

[83] Vgl. Augustinus, *De baptismo* 1.9.12 (MPL 43:116).

[84] Marg. *1. Cor. 12.b.10.* Vgl. ook verse 8, 9 en OC 49:499 - 500.

[85] Marg. *Ibidem, d.31.* 1 Kor. 12:31. Vgl. OC 49:508.

[86] πολύσημον. In sy kommentare wat hierbo vermeld is, stel Calvyn dit duidelik dat geloof hier nie die saligmakende geloof is nie maar 'n blote wondergeloof soos Judas s'n was. Vgl. ook Luther se kommentaar oor Gal. 4:6: *Caeterum fides, qua et daemones contremiscunt et impii miracula faciunt, vera non est, cum nondum sint filii nec haeredes benedictionis* - verder is die geloof wat duiwels laat beef en goddeloses wonderwerke laat doen, nie ware geloof nie omdat hulle nie kinders en erfgename van die seën is nie (WA 2:537). Vgl. ook *Inst.* 3.2.13 (Afr. vert. 3:727).

[87] Jak. 2:14, 21; vgl. *Inst.* 3.17.11 (Afr. vert. 3:1035) en OC 55:403, 405 e.v.

kennis van God onder goddelose mense is, erken en verkondig ons maar net een enkele geloof van godvresende mense, soos die Skrif trouens leer. Baie mense glo dat daar wel 'n God is, en hulle is ook van mening dat die geskiedenis van die evangelie en ander dele van die Skrif waar is. Dit is oor die algemeen ook die oordeel oor gebeurtenisse wat eenmaal plaasgevind het en oorvertel word of wat ons self in lewende lywe gesien het. Tog is daar ook mense wat verder gaan. Hulle beskou God se Woord immers as 'n baie sekere godspraak. Hulle verwaarloos sy gebooie nie heeltemal nie en word in elk geval deur die dreigemente en beloftes daarin beïnvloed. Aan sulke mense word wel geloof toegeskryf, maar net by wyse van woordmisbruik[88] omdat hulle Gods Woord nie met openlike goddeloosheid aanval of minag of verag nie maar eerder 'n skyn van gehoorsaamheid skep.

### 10. *Sogenoemde 'ongevormde geloof' is die naam 'geloof' nie waardig nie*

Hierdie skim of beeld van die geloof het weinig waarde en verdien ook nie die benaming *geloof* nie. Hoewel ons weldra vollediger sal sien hoe ver dit van die volle waarheid af is, verhinder dit ons tog nie om dit nou terloops aan te toon nie.
Daar word gesê dat Simon die Towenaar geglo het en ten spyte hiervan het hy 'n bietjie later sy ongeloof getoon.[89] Onder die feit dat geloof aan OS 20
hom toegeskryf word, verstaan ons nie soos sommige mense dat hy met sy woorde 'n geloof voorgegee het wat hy nie in sy hart gehad het nie.[90] Ons meen eerder dat hy deur die majesteit van die evangelie oorweldig was, tog in 'n mate daarin geglo het en dat hy Christus sodoende as die bron van die lewe en ons saligheid erken het. Die gevolg is dat hy geredelik die naam *geloof* daaraan gegee het. In die Evangelie van Lukas[91] word gesê dat sekere mense eweneens net vir 'n tydjie geglo het, omdat die saad van die Woord in hulle verstik is voordat dit vrug kon dra, of, omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit weldra verdroog en vergaan.[92] Ons het geen twyfel daaroor nie dat sulke mense wel 'n voorsmakie van die Woord gekry het en dit gierig aangegryp en die Goddelike krag daarvan duidelik bemerk het, sodat hulle met 'n bedrieglike geveins van geloof nie alleen sand in die oë van die mense gestrooi het nie maar ook in hulle eie siel. Hulle oortuig hulleself immers daarvan dat die eerbied wat hulle aan die Woord van God

88 *per* κατάχρησιν.
89 Marg. *Act. 8.b.13 et c.18.* Vgl. OC 48:179 e.v., 184 e.v.
90 Vgl. Bullinger, *In Act apost. com.* fo. 97 b; OS 4:20.
91 1539: + *Luc. 8.*
92 Marg. *Luc. 8.a.7, et b.13.* Vgl. OC 45:356, 365.

betoon, opregte godsvrug is, omdat hulle net die openlike en verklaarde OC 406 belediging en veragting daarvan as goddeloosheid beskou. Wat die aard van hulle instemming ook al is, dit dring egter hoegenaamd nie tot die hart deur om daar vasgenael te bly nie. Hoewel dit lyk asof dit intussen wortel geskiet het, is hulle tog nie lewende wortels nie. 'n Mens se hart het soveel skuilplekke vir sy ydelheid, soveel skuilhoeke vir die leuen en is so bedek met bedrieglike geveinsdheid dat hy homself dikwels bedrieg. Mense wat op sulke voorstellings van die geloof roem, moet weet dat hulle in hierdie opsig niks beter as duiwels is nie. Eersgenoemdes is sekerlik nog baie slegter omdat hulle die Woord in hulle stompsinnigheid hoor en verstaan en die duiwels[93] vanweë hulle kennis begin te bewe. Die ander is in hierdie opsig die duiwels se eweknie, omdat die gevoel waardeur hulle geraak word, wat die aard daarvan dan ook al is, uiteindelik op skrik en ontsteltenis uitloop.

## 11. *Verworpenes het ook 'geloof'*

Ek weet dat dit vir sommige mense gevaarlik kan lyk as ons aan die wat verwerp is, geloof toeskryf, aangesien Paulus verklaar dat geloof die vrug van die uitverkiesing is.[94] Dit is egter 'n probleem wat maklik opgelos kan word. Want hoewel slegs die mense wat vooraf vir die saligheid verordineer is,[95] verlig word om te glo en die werking van die evangelie waarlik ervaar, toon die ervaring tog aan dat verworpenes soms amper dieselfde gevoel as die uitverkorenes ervaar, sodat hulle na hulle oordeel niks van die uitverkorenes verskil nie.[96] Daarom is daar niks ongerymds daarin dat die apostel 'n voorsmakie van die gawes van die hemel[97] en Christus 'n tydelike geloof[98] aan hulle toegeskrywe het nie - nie dat hulle die krag van die geestelike genade en die vaste lig van die OS 21 geloof ten volle ontvang nie maar omdat die Here hulle verstand binnedring om hulle skuldiger en sonder verskoning te maak in soverre sy goedertierenheid sonder die Gees van aanneming gesmaak kan word.[99]

[93] Marg. *Iac. 2.d.19.*

[94] Marg. *1. The. 1.a.4, 5.*

[95] Calvyn neem die res van sy uiteensetting hier en ook verder uit sy *Responsio ad Laelii Socini quaestiones Nonis Iun.* 1555: *Responsio ad secundam quaestionem* oor, vgl. OC 10,1:163 e.v. Calvyn rig hom ook in afdeling 12 teen Socinus se dwaling. Vir Socinus vgl. *Vita* (Afr. vert. 1:36 n. 158), *Inst.* 2.17 (Afr. vert. 2:687), en vir Calvyn se korrespondensie met Socinus *Ep.* 1212, 1323, 1578 (OC 13:307 - 311, 484 - 487; 14:229 - 230).

[96] Vgl. Hand. 13:48 (OC 48:313 - 314).

[97] Vgl. Hebr. 6:4 - 6 (OC 55:70 - 73).

[98] Vgl. Luk. 8:13.

[99] Calvyn gebruik Paulus se stelling dat gelowiges deur genadige aanneming kinders van God is. Vgl. Battles 1977:555, n. 25.

As iemand hierteen die beswaar sou opper dat daar dan niks meer vir gelowiges oor is waaruit hulle hulle aanneming na waarde kan skat nie, is my antwoord daarop dat, hoewel daar 'n sterk ooreenkoms en verwantskap is tussen die uitverkorenes van God en die aan wie 'n verbygaande geloof tydelik geskenk word, daardie vertroue waarop Paulus roem, tog slegs in die uitverkorenes lewe om volmondig uit te roep "Abba, Vader".[100] Soos God dus slegs die uitverkorenes alleen met sy onverderfbare saad tot in ewigheid weer gebore laat word,[101] sodat die saad van die lewe wat in hulle harte gesaai is, nooit kan vergaan nie, net so onwrikbaar beseël Hy die genade van sy aanneming in hulle sodat dit standvastig en bestendig kan wees. A 195

Dit verhinder hoegenaamd nie dat die geringer werking van die Gees sy loop selfs in verworpenes neem nie. Intussen word gelowiges geleer om hulleself sorgvuldig en nederig te ondersoek sodat 'n sorgeloosheid van hulle vlees nie miskien in die plek van hulle geloofsekerheid insluip nie.[102] Hierby kom nog dat verworpenes niks anders as 'n verwarde gevoel van sy genade kry nie, sodat hulle eerder na 'n skaduwee as na 'n vaste voorwerp gryp. Die Gees beseël die vergewing van sondes eintlik net in die uitverkorenes sodat hulle dit deur 'n besondere geloof tot hulle voordeel kan aanwend. Tog word daar tereg gesê dat die verwerptes glo dat God hulle goedgesind is omdat hulle ook die gawe van sy versoening aanneem al is dit verward en nie duidelik genoeg nie. Die rede daarvoor is nie dat hulle saam met die kinders van God in die geloof of die wedergeboorte deel het nie, maar omdat hulle onder die dekmantel van geveinsdheid die indruk skep dat hulle die beginsel van die geloof met hulle gemeen het. Nou ontken ek inderdaad nie dat God hulle verstand wel so ver bestraal dat hulle sy genade kan erken nie, maar Hy onderskei hierdie waarneming so van die besondere getuienis wat Hy vir sy uitverkorenes lewer, dat hulle nie die volle uitwerking en vrug OC 407
daarvan kan bereik nie. Want God betoon Hom nie gunstig teenoor hulle omdat Hy hulle waarlik uit die dood geruk en onder sy beskerming geneem het nie, maar Hy openbaar slegs sy huidige barmhartigheid aan hulle.[103] God ag sy uitverkorenes alleen waardig om die lewende wortel van die geloof te ontvang sodat hulle tot die einde toe kan volhard.[104]

So word ook die beswaar weerlê, naamlik dat as God waarlik sy genade aan hulle toon, dit vir ewig bly staan. Niks verhinder God trouens om se-

[100] Marg. *Galat. 4.a.6.* Vgl. ook Rom. 8:15 en OC 50:227 - 229; 49:148 - 150; en Augustinus, *De nat. et origine animae* 4.9.13 (MPL 44:531 - 532; CSEL 60,1:392 - 393).

[101] Vgl. 1 Pet. 1:23 (OC 55:228 - 229).

[102] Vgl. 2 Kor. 13:5.

[103] Fr. + *comme par une bouffée* (Benoit 3:28).

[104] Vgl. Matt. 24:13 (OC 45:656).

kere mense met 'n werklike gevoel van sy genade te verlig, terwyl dit dan later verdwyn nie.

## 12. *Egte geloof en skyngeloof* [105]

Hoewel geloof ook kennis van die welwillendheid van God jeens ons en OS 22
'n vaste oortuiging van sy waaragtigheid is, is dit tog nie verbasend dat die gevoel van God se liefde by tydelike gelowiges verdwyn nie. Hoewel hierdie gevoel aan geloof verwant is, verskil dit tog baie daarvan. Ek erken dat God se wil onveranderlik is en dat sy waarheid altyd vas bly staan. Ek ontken egter dat verworpenes so ver vorder dat hulle tot in die verborge openbaring kan deurdring wat die Skrif slegs aan die uitverkorenes gee. Ek sê dus dat hulle God se wil, wat onveranderlik is, nie kan begryp of sy waarheid volhardend kan omhels nie, want hulle ervaring berus op 'n verdwynende gevoel. Dit is soos 'n boom wat nie diep genoeg geplant is nie en nogtans lewendige wortels skiet. Met verloop van tyd verdor dit, al sou dit 'n paar jaar lank nie alleen blomme en blare nie maar ook vrugte voortbring.[106] Soos die beeld van God verder deur die val van die eerste mens uit sy verstand en siel uitgewis kon word, is dit ook nie verbasend as Hy verworpenes met enkele strale van sy genade bestraal en tog later toelaat dat die strale geblus word nie. Niks verhinder Hom trouens om sommige mense net ligweg met die kennis van sy evangelie te tint en ander weer volkome daarmee te deurdrenk nie.
Intussen moet ons onthou dat die stempel van God nooit uit die harte van die uitverkorenes uitgewis kan word nie, al sou hulle geloof ook hoe gering en swak wees, omdat die Gees van God vir hulle 'n besliste borg en seël van hulle aanneming is.[107] Ons moet ook weet dat die verworpenes met 'n lig van so 'n aard besprinkel word dat dit later vergaan. Tog moet ons ook daarvan bewus wees dat die Gees nie bedrieglik is nie omdat Hy nie die saad wat Hy in hulle hart saai, lewendig maak, sodat dit altyd, soos in die geval van die uitverkorenes, onbederfbaar kan bly nie. Ek gaan nog verder:[108] Aangesien dit uit die leer van die Skrif en ons daaglikse ervaring algemeen aanvaar word dat die verworpenes soms deur 'n gevoel van God se genade geraak word, moet daar noodwendig ook 'n begeerte in hulle harte verwek word om Hom van hulle kant lief te hê. So het 'n vroom gesindheid 'n tyd lank in Saul gegroei sodat hy

[105] Die volgende uiteensetting gee Calvyn se *Responsio ad tertiam quaestionem L. Socini* (OC 10,1:164 - 165) weer.

[106] Vgl. Ps. 1:3; 92:13 - 16 (OC 31:39 - 40; 32:15 - 16).

[107] Vgl. 2 Kor. 1:22; 5:5; Ef. 1:13 - 14 (OC 50:24; 51:153).

[108] Die volgende uiteensetting is 'n weergawe van Calvyn se *Responsio ad tertiam quaestionem L. Socini* (OC 10,1:164 - 165).

God wel liefgehad het.[109] Omdat hy immers geweet het dat hy met vaderlikheid deur Hom behandel word, het hy tog 'n mate van genot uit sy goedertierenheid geput. Maar soos die oortuiging in verband met die vaderlike liefde van God nie in die verworpenes gewortel bly nie, so het hulle Hom nie hartstogtelik lief as sy kinders nie, maar hulle word deur 'n soort gehuurde gevoel gelei. Want die Gees van liefde is aan Christus alleen gegee met die doel dat Hy dit in sy lede sou indrup. Paulus se bekende verklaring strek in elk geval nie verder as die uitverkorenes nie. Hy sê: "Die liefde van God is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is, in ons harte uitgestort".[110] Dit is naamlik die liefde wat die vertroue van aanroeping wat ons hierbo aangeroer het,[111] voortbring.[112]

Soos ons uit die teenoorgestelde sien, vertoorn God Hom op 'n sonderlinge manier vir sy kinders sonder om op te hou om hulle lief te hê. Dit doen Hy nie omdat Hy hulle haat nie maar omdat Hy hulle met die gevoel van sy toorn wil verskrik om die hooghartigheid van hulle OS 23
vlees te verneder, hulle laksheid van hulle af te skud en hulle tot berou OC 408
op te wek. Hulle voel dus terselfdertyd dat Hy enersyds toornig is op hulle of oor hulle sondes en andersyds dat Hy hulle goedgesind is. Hulle bid immers nie huigelagtig dat Hy sy toorn van hulle moet wegneem terwyl hulle tog met kalm vertroue hulle toevlug tot Hom neem nie. Hieruit is dit wel duidelik dat sommige mense nie veins dat hulle glo terwyl hulle tog sonder die ware geloof is nie. Terwyl hulle egter deur 'n skielike opwelling van ywer aangedryf word, bedrieg hulle hulleself met die valse opvatting. Daar bestaan ook geen twyfel daaroor nie dat 'n onverskilligheid die oorhand oor hulle kry sodat dit hulle daarvan weerhou om hulle hart na behore soos dit moet, te ondersoek. Waarskynlik is dit sulke mense wat volgens Johannes se getuienis nie deur Christus self vertrou is nie hoewel hulle nogtans in Hom geglo het. Hy het hulle almal immers geken en Hy het geweet wat in die mens was.[113] Maar as dit nie was dat baie van die gewone geloof afvallig geword het nie - ek noem dit gewone geloof omdat die ooreenkoms en verwantskap van die tydelike geloof met die lewende en voortdurende geloof groot is - sou Christus nie vir sy dissipels gesê het nie: "As julle in my Woord bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak".[114] Want Hy praat met

[109] Vgl. 1 Sam. 9 - 11 (OC 29:563 - 667).

[110] Marg. *Rom. 5.a.5.* Vgl. OC 49:91 - 92; Augustinus, *Confes.* 13.7.8; 13.31 (MPL 32:847; CCSL 27:245; CSEL 33,1:382 - 383) en Luther se verklaring van hierdie teks (WA 56:50, 306 - 309).

[111] Calvyn verwys hier waarskynlik na die inleidende woorde van hierdie afdeling. Vgl. ook *Inst.* 3.2.15 en 3.20.11, 12, 28 (Afr. vert. 3:730 en 1091, 1093, 1121).

[112] Vgl. Gal. 4:6.

[113] Marg. *Iohan. 2.d.24.* Vgl. ook vers 25 en OC 47:50 - 51.

[114] Marg. *Iohan. 8.d.32.* Vgl. ook vers 31 en OC 47:202 - 203.

mense wat sy leer omhels het, en Hy spoor hulle aan om in die geloof te vorder om te verhoed dat hulle deur onverskilligheid die lig wat aan hulle gegee is, sou uitdoof. Daarom maak Paulus in die besonder vir die uitverkorenes op geloof aanspraak, en hy dui aan dat dit baie mense ontwyk omdat hulle nie lewendig wortel geskiet het nie.[115] So praat Christus ook in Matteus wanneer Hy sê: "Elke boom wat my Vader nie geplant het nie, sal uitgeroei word".[116]
By party mense kom daar nog growwer leuentaal voor, en hulle skaam hulle nie om met God en die mense te spot nie. Jakobus vererg hom vir die soort mense wat onder 'n bedrieglike dekmantel die geloof godde- A 196
loos ontheilig.[117] Paulus sou ook nie 'n ongeveinsde geloof van die kinders van God geëis het[118] as dit nie was dat baie mense vir hulleself iets domastrant toe-eien wat nie aan hulle behoort nie, en ander mense, of soms hulleself, met 'n ydele skyn bedrieg nie. Daarom vergelyk hy 'n goeie gewete met 'n kis waarin die geloof bewaar word, omdat baie mense skipbreuk gely het omdat hulle van die geloof afgewyk het.[119]

### 13. *In die Skrif het die woord 'geloof' verskillende betekenisse*

Ons moet ook die dubbelsinnige betekenis van die woord *geloof* in gedagte hou. Dikwels beteken *geloof* dieselfde as die egte leer van godsvrug soos in die verwysing wat ons so pas aangehaal het, en in dieselfde brief waar Paulus wil hê dat die diakens die geheimenis van die geloof in 'n rein gewete moet behou.[120] Net so is dit wanneer hy sekere mense bestraf omdat hulle van die geloof afvallig geword het.[121] Aan die ander kant sê hy egter ook dat Timoteus deur die woorde van die geloof gevoed is.[122] Net so wanneer hy sê dat die onheilige nietighede en teenstellinge van die valslik genaamde wetenskap die oorsaak is daarvan dat baie mense van die geloof afvallig word.[123] Elders noem hy hulle verworpenes vanweë die geloof.[124] So ook weer wanneer hy Titus beveel: "Vermaan hulle om gesond te wees in die geloof".[125] Onder die woord *gesond* verstaan hy niks anders as die suiwerheid van die leer OS 24
wat maklik as gevolg van die mens se ligsinnigheid bedorwe raak en

[115] Marg. *Tit. 1.a.1.*
[116] Marg. *Matth. 15.b.13.* Vgl. OC 45:452 - 453.
[117] Marg. *Iacob 2.* Vgl. ook verse 14 - 17 en OC 55:403 - 404.
[118] Marg. *1. Tim. 1.a.5.* Vgl. OC 52:253 - 254.
[119] Marg. *Ibidem, d.19.* 1 Tim. 1:19. Vgl. OC 52:263 - 264.
[120] Marg. *1. Tim. 3.b.9.* Vgl. OC 52:285 - 286.
[121] Marg. *1. Tim. 4.a.1.* Vgl. OC 52:293.
[122] Marg. *Ibidem, b.6.* 1 Tim. 4:6.
[123] Vgl. 1 Tim. 6:20, 21 (OC 52:335 - 336).
[124] Marg. *2. Tim. 2.c.16; ibidem, 3.b.8.* 2 Tim. 3:8.
[125] Marg. *Tit. 1.d.13 et 2.a.2.*

ontaard nie. Hy sê dit naamlik omdat al die skatte van die wetenskap en wysheid in Christus verborge is vir elkeen wat die geloof het.[126] Geloof word tereg tot die geheel van die hemelse leer uitgebrei en kan nie daarvan losgemaak word nie.

Daarteenoor word dit soms tot 'n besondere onderwerp beperk, byvoorbeeld wanneer Matteus sê dat Christus die geloof gesien het van die OC 409
mense wat die verlamde man deur die dak laat afsak het.[127] Hy roep self uit dat Hy nie so 'n groot geloof onder Israel gevind het as wat die hoofman oor honderd aan die dag gelê het nie.[128] Dit is waarskynlik dat sy aandag ten volle daarop toegespits was om die dienskneg[129] gesond te maak, omdat sy hele gemoed vol besorgdheid vir hom was. Maar omdat hy met Christus se wil en antwoord alleen tevrede was en nie sy liggaamlike teenwoordigheid vereis het nie,[130] word sy geloof vanweë hierdie toedrag van sake so na vore gebring.

Hierbo[131] het ons ook geleer dat Paulus onder die woord *geloof* die gawe verstaan om wondertekens te doen waaroor mense beskik wat nie deur die Gees van God weergebore is en Hom ook nie in alle erns dien nie. Elders stel hy geloof ook in die plek van die leer waardeur ons onderrig word om te glo. Want wanneer hy skryf dat die geloof tot niet moet gaan,[132] bestaan daar geen twyfel daaroor dat dit betrekking het op die kerkdiens wat vandag nog vir ons swakheid nuttig is nie. Daar is wel eensluidendheid in hierdie spreekwyses.

Wanneer die woord *geloof* egter onbehoorlik op 'n valse roeping of 'n leuenagtige naam oorgedra word, behoort sulke taalmisbruik[133] net so erg geag te word as wanneer die vrees vir God in die plek van 'n slegte verwronge godsdiens gestel word. Daar word byvoorbeeld baie dikwels in die heilsgeskiedenis gesê dat die buitelandse volke wat na Samaria en die omliggende streke gebring is, die onegte gode en die God van Israel gevrees het.[134] Die uitwerking daarvan is net so groot as om alles om te keer.

Maar nou is die vraag: "Watter geloof is dit wat die kinders van God van ongelowiges onderskei, waardeur ons God as ons Vader kan aanroep, waardeur ons van die dood na die lewe oorgaan en waardeur Christus,

[126] Marg. *Coloss. 2.a.3.* Vgl. OC 52:100.
[127] Marg. *Matth. 9.a.2.* Vgl. OC 45:244.
[128] Marg. *Matth. 8.b.10.* Vgl. OC 45:236 - 237.
[129] A: *filiae*; *recte* 1539 - 1553 : *filii*; vgl. Joh. 4:47 e.v.
[130] Fr.: + *mais proteste que c'est assès qu'il ait dit le mot* (Benoit 3:31).
[131] Vgl. *Inst.* 3.2.9 (Afr. vert. 3:721); en n. 86 hierbo.
[132] Marg. *1. Cor. 13.c.10.* Vgl. OC 49:513; Benoit wys daarop dat die geloof volgens hierdie Skrifverwysing een van die dinge is wat nie tot niet sal gaan nie maar die profesie, dit is die prediking, wel (Benoit 3:31 n.3).
[133] κατάχρησις.
[134] Vgl. 2 Kon. 17:24 - 41.

wat die ewige saligheid en die lewe is, in ons inwoon?" Dit lyk vir my asof ek (hier) bondig en duidelik die krag en aard van so 'n geloof verduidelik het.

### *'n Bespreking van onderafdelings van die definisie van geloof (Afdeling 14 - 15)*

### 14. *Geloof is kennis*

Nou moet ons elke deel van die definisie hierbo afsonderlik ondersoek.[135] Wanneer ons elkeen hiervan noukeurig nagegaan het, sal daar na my mening geen twyfel meer daaroor wees nie. Wanneer ons die geloof *kennis* noem, verstaan ons nie daaronder sintuiglike waarneming in die sin waarin 'n mens gewoonlik dinge waarneem nie. Want dit is soveel verhewener dat die mens se verstand homself moet oortref en OS 25
oorwin om dit te bereik. Want selfs wanneer die mens se verstand dit wel bereik, begryp hy nog nie wat hy waarneem nie. Wanneer hy egter oortuig is van iets wat hy nog nie begryp nie, begryp hy juis deur die sekerheid van sy oortuiging meer as wanneer hy met sy begripsvermoë iets mensliks sou kon deurgrond. Daarom druk Paulus dit so keurig uit wanneer hy dit wat die lengte, die breedte, diepte en hoogte is, *begrip* noem en hy noem kennis *die liefde van Christus wat bo alle kennis uittroon.*[136] Sy bedoeling is immers om aan te toon dat dit wat ons verstand met die geloof omhels, in alle opsigte grensloos is en dat hierdie soort kennis veel hoër as alle verstand is. Omdat die Here egter die verborgenheid van sy wil wat van ewige geslagte af verborge was, aan die heiliges geopenbaar het,[137] word dit daarom om 'n baie goeie rede in die Skrifte *kennis* genoem. Johannes noem dit trouens *wetenskap* wanneer hy getuig dat gelowiges weet dat hulle God se kinders is.[138] OC 410
Hulle weet dit inderdaad met sekerheid maar is daarin eerder deur die oortuiging van God se waarheid versterk as wat hulle deur 'n bewys van die rede daarin onderrig is. Dit toon Paulus se woorde ook aan wanneer hy sê dat ons van die Here uitwoon solank ons in hierdie liggaam inwoon, want ons wandel deur die geloof en nie deur aanskouing nie.[139] Daarmee toon hy aan dat die dinge wat ons deur die geloof verstaan, tog nie by ons is nie en vir ons aanskouing verborge is. Daaruit kan ons

[135] Vgl. afdeling 7 hierbo; hierdie sinsnede is verkeerdelik in A twee reëls verder ingevoeg. In die Franse uitgawe is dit korrek en in die 1561-Latynse uitgawe verbeter.

[136] Marg. *Ephes. 3.d.18.* Vgl. ook vers 19 en OC 51:187 - 188.

[137] Marg. *Colos. 1.d.26; ibidem 2.a.2.* Kol. 2:2. Die Latynse uitgawes van 1545 - 1554 het: + *1. Cor. 2.b.7; c.10.* Vgl. OC 52:95 e.v.; 49:337 e.v.

[138] Marg. *1. Iohan. 3.a.2.* Calvyn gebruik die woord '*scientia*'; vgl. ook OC 55:330 - 332.

[139] Marg. *2. Cor. 5.b.6.* Vgl. OC 50:62 - 63.

vasstel dat kennis van die geloof eerder in sekerheid as in begrip geleë is.

## 15. *Geloof berus op sekerheid*

Hierby voeg ons dat die kennis ook seker en vas is om die standvastigheid van die oortuiging nog stewiger uit te druk. Soos die geloof tewens nie met 'n twyfelagtige en veranderlike opvatting tevrede is nie, net so is dit ook nie met 'n vae, onduidelike gedagte tevrede nie, maar dit vereis volle en onwrikbare sekerheid soos wat daar gewoonlik in bekende en beproefde onderwerpe voorkom. Ongeloof is immers diep in ons hart gewortel en ons is so maklik daartoe geneig dat niemand homself sonder moeitevolle stryd daarvan kan oortuig dat God getrou is soos wat almal met die mond bely nie. Wanneer dit dan op die keper kom, ontmasker elkeen se onsekerheid die gebrek wat in hom skuil. Dit is ook nie sonder rede dat die Heilige Gees met sulke sonderlinge lofbetuigings gesag aan die Woord van God toeskryf nie. Hy wil trouens die kwaal waarvan ek gepraat het, genees sodat God in sy beloftes volle geloofwaardigheid by ons kan kry. Dawid sê: "Die woorde van die Here is rein woorde, silwer wat in die uitnemende smeltkroes van die aarde A 197
uitgegiet is, gelouter sewe maal".[140] Net so sê hy: "Die Woord van die Here is gelouter; Hy is 'n skild vir almal wat op Hom vertrou".[141] Salomo bekragtig dit in amper dieselfde woorde: "Al die woorde van die Here is OS 26
gelouter".[142] Maar omdat Psalm 119 amper heeltemal met hierdie redenasie in beslag geneem word, sou dit oorbodig wees om hier nog meer aanhalings op te noem. So dikwels as wat God in elk geval sy Woord by ons aanprys, bestraf Hy ons ongeloof sydelings. Hy het immers nie 'n ander doelstelling as om die verwronge twyfel uit ons hart uit te wis nie.

Daar is trouens 'n baie groot groep mense wat God se barmhartigheid so begryp dat hulle die geringste moontlike troos daaruit put. Want terwyl hulle twyfel of God hulle sal begenadig, word hulle tegelykertyd deur 'n jammerlike bekommernis gekwel. Want hulle beperk sy genade, waaroor hulle in hulleself skynbaar absoluut oortuig is, juis binne te enge grense. Hulle dink tewens daaroor by hulleself dat sy genade wel groot en oorvloedig is, dat dit oor baie mense uitgestort is en vir almal gereed en bereid, maar dat dit tog onseker is of dit hulle ook sal toekom of, eerder, of hulle dit sal bereik. Wanneer hierdie gedagte by hulle vassteek, is

[140] Vgl. Ps. 12:7; Calvyn se *Com. in Ps.* 12:7 (OC 31:129 - 130) en die Vg.: Ps. 11:7 en Luther, *Dictata super Psalterium* (WA 3:97).

[141] Marg. *Psal. 18.c.31.* Vgl. OC 31:185.

[142] Marg. *Pro. 30.a.5.*

dit maar net halfpad. Daarom versterk dit die gees nie met onbesorgde kalmte nie maar verontrus dit eerder met onrustige vertwyfeling. Daardie volkome gevoel (van geloofsekerheid)[143] wat altyd in die Skrif aan die geloof toegeken word, is iets heel anders. Dit is naamlik die gevoel wat die goedertierenheid van God bo alle twyfel stel as dit aan ons voorgehou word. Dit kan egter nie gebeur sonder dat ons sy lieflikheid waarlik voel en in onsself ervaar nie. Daarom lei die apostel *vertroue* uit *geloof* af en hieruit weer *vrymoedigheid*. Want hy praat soos volg: dat ons deur Christus die vrymoedigheid het en 'n toegang tot die vertroue deur die geloof in Hom.[144] Met hierdie woorde OC 411 toon hy in elk geval aan dat die geloof nie reg is nie tensy ons die vrymoedigheid het om met 'n kalm gemoed voor die aangesig van God te staan. Dit is 'n vrymoedigheid wat slegs uit die vaste vertroue op God se goedgunstigheid en verlossing spruit.

Dit is dus ook waar dat die woord *geloof* dikwels vir *vertroue* gebruik word.

16. *Met geloof sal geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge ons van die liefde van God skei nie*

'n Belangrike spilpunt van die geloof is dit dat ons nie moet dink dat die beloftes van barmhartigheid wat die Here aan ons voorhou, slegs buite ons waar is maar glad nie binne-in ons nie. Dit is eerder daarin geleë dat ons sy beloftes binne-in ons moet aanneem en tot ons eie moet maak. Hieruit ontstaan uiteindelik daardie vertroue wat dieselfde apostel elders *vrede* noem[145] - behalwe as iemand miskien verkies om hierdie vrede uit vertroue af te lei. Dit is die onbesorgdheid wat 'n mens se gewete voor die oordeel van God tot rus bring en kalm maak. Daarsonder moet sy gewete noodwendig deur 'n onrustige bewing gekwel en byna verskeur word, tensy sy gewete God en homself miskien vergeet en vir 'n oomblik insluimer. En dit is waarlik net vir 'n oomblik, want dit geniet die ellendige vergetelheid nie vir lank nie, sonder dat die herinnering aan God se oordeel hom skielik weer te binne skiet en hy veel erger verskeur word.

Kortliks kom dit hierop neer: Niemand is waarlik 'n gelowige nie tensy hy vas en seker daarvan oortuig is dat God sy goedgesinde en welwillen- OS 27 de Vader is en Hy alles uit goedertierenheid aan hom belowe, en tensy hy op God se beloftes van sy goedertierenheid steun en sonder twyfel saligheid van Hom verwag. Die apostel dui dit byvoorbeeld met die

[143] πληροφορίας .
[144] Marg. *Ephes. 3.c.12.* Vgl. OC 51:183 - 184.
[145] Marg. *Rom. 5.a.1.* Vgl. OC 49:88 - 89.

volgende woorde aan: "As ons net die vertroue en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou",[146] want hy bedoel[147] dat niemand goeie hoop in die Here kan hê nie, tensy hy met vertroue daarop roem dat hy 'n erfgenaam van die koninkryk van die hemel is.

Ek herhaal: Niemand is 'n gelowige nie tensy hy onbesorg is oor sy saligheid en met vertroue die duiwel en die dood kan bespot soos ons deur die voortreflike uitroep van Paulus geleer word. Hy sê: "Ek vertrou dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge ons sal kan skei van die liefde van God waarmee Hy ons in Christus Jesus omhels het nie".[148] So dink dieselfde apostel dat die oë van ons verstand ook nie goed verlig word nie, tensy ons sien wat ons hoop op die ewige erfdeel is waartoe ons geroepe is.[149] Sy onderwysing is ook oral so dat hy te kenne gee dat ons nie die goedheid van God goed begryp tensy ons daaruit die vrug van groot onbesorgdheid kry nie.

17. *Geloof stry onophoudelik teen versoekings*

"Maar", sal iemand sê, "die ervaring van gelowiges is tog heeltemal anders omdat hulle in die ondersoek na God se genade jeens hulle nie alleen deur onrus versoek word nie - iets wat dikwels met hulle gebeur - maar soms ook deur die ergste verskrikkings geskok word". Die geweld van die versoekings om hulle gemoedere te versteur is so groot dat dit lyk asof dit nie genoegsaam met die geloofsekerheid hierbo verband hou nie. Daarom moet ons die probleem hier oplos as ons by ons leer hierbo wil bly staan. Wanneer ons leer dat ons geloof vas en seker moet wees, verbeel ons ons in elk geval nie 'n soort sekerheid wat nie deur OC 412
vertwyfeling geraak word nie, of 'n soort onbesorgdheid wat deur geen bekommernis oorval word nie. Nee, ons sê eerder dat gelowiges in 'n onophoudelike stryd met hulle eie wantroue gewikkel is. Verre sy dit van ons dat ons hulle gewete in die een of ander kalm rustigheid stel wat hoegenaamd nie deur beroeringe onderbreek word nie. Tog sê ons aan die ander kant dat hulle nie van die gewisse vertroue wat hulle uit die barmhartigheid van God put, afvallig kan word of daarvan kan afwyk nie, hoe hulle ook al geteister word.

Die Skrif hou nie 'n duideliker of gedenkwaardiger voorbeeld van die geloof aan ons voor as die geloof wat in Dawid aanwesig is nie, veral as 'n mens na die deurlopende gang van sy lewe kyk. Tog dui hy met

[146] Marg. *Hebr. 3.c.14.* Vgl. Hebr. 3:6b (Vg.) en OC 55:43. In sy Hebreërkommentaar volg Luther die Vg. en sê dat *substantia* geloof beteken (WA 57:20, 151 - 153).

[147] Fr. 1541 e.v.: *comme l'Apostre enseigne en la conclusion qu'il en fait aux Romains* (Benoit 3:34).

[148] Marg. *Rom. 8.g.38.* Vgl. ook vers 39 en Luther se kantaantekeninge by die betrokke Skrifverwysing (WA 56:86 - 87) en sy hemelvaartspreek van 31 Mei 1527 oor Ef. 4:8 - 10 (WA 23:716 - 717).

[149] Marg. *Ephes. 1.d.18.* Vgl. OC 51:156.

ontelbare klagtes aan hoe onrustig hy altyd was. Dit sal voldoende wees om net 'n paar hiervan te kies. Wanneer hy die onrustige emosies van sy siel bestraf, wat doen hy dan anders as om hom vir sy eie ongeloof te vererg? Hy vra: "Waarom bewe jy, my siel, en waarom is jy onrustig in my? OS 28
Hoop op God".[150] Hierdie onrus was sekerlik 'n duidelike teken van sy wantroue net asof hy gedink het dat hy van God verlate is. 'n Vollediger belydenis hiervan kan ons ook elders lees: "In my voortvarendheid het A 198
ek gesê: Ek is van die gesig van u oë weggewerp".[151] Elders worstel hy in onrustige en jammerlike vertwyfeling met homself, ja, hy stry selfs oor die natuur van God self: "Het God vergeet om medelye met my te hê of het Hy dit vir ewig van my af weggedryf?"[152] Die volgende is nog krasser: "Maak my maar dood; die veranderinge van die regterhand van die Allerhoogste is my bekommernis".[153] Want hy veroordeel homself tot die verderf net asof hy alle hoop laat vaar het. Hy erken nie alleen dat hy deur vertwyfeling gedryf word nie maar hy laat niks vir homself oor nie, net asof hy alreeds in die stryd beswyk het omdat God hom verlaat het en Hy sy hand wat hom vroeër gehelp het, omgekeer het om hom te vernietig. Daarom spoor hy sy siel met baie goeie rede aan om tot sy rus terug te keer[154] want hy het ervaar dat hy tussen onstuimige golwe rondgeslinger word. En tog is dit wonderbaarlik hoe die geloof die hart van godvresende mense te midde van sulke versteurings ondersteun. Dit is soos 'n palmboom wat teen die aanslae (van die wind) stry en weer regop kom. So hou Dawid nie op om na God te streef nie, hoewel dit vir hom gelyk het asof hy alreeds oorweldig is terwyl hy homself nogtans verwyt.

Iemand wat trouens met sy eie swakheid worstel en in sy benoudheid vir die geloof ywer, het reeds grotendeels oorwin. Dit kan ons uit hierdie en soortgelyke verwysings aflei: "Wag op die Here; wees sterk en Hy sal jou hart sterk maak. Wag op die Here".[155] Hy beskuldig homself van vreesagtigheid en hy herhaal dit twee maal en erken dat hy dikwels aan baie versteurings blootgestel is. Intussen is hy te midde van hierdie gebreke nie soseer ontevrede met homself nie, maar hy trag ywerig om homself te verbeter. As ons hom in elk geval aan grondige ondersoek sou onderwerp en met Agas sou vergelyk, sal ons 'n groot verskil vind. Jesaja word gestuur om die goddelose geveinsde koning in sy benoudheid te help. Hy praat soos volg met hom: "Neem jou in ag en wees ge-

[150] Marg. *Psal. 42.b.6 et 43.a.5.* Vgl. OC 31:428 - 429 en Luther se *Dictata super Psalterium* (WA 3:234).
[151] Marg. *Psal. 31.d.23.* Vgl. OC 31:311 - 312.
[152] Marg. *Psal. 77.b.10.* Vgl. OC 31:715.
[153] Vgl. Ps. 77:11 (OC 31:715 - 716).
[154] Marg. *Psal. 116.a.7.* Vgl. OC 32:194 en Luther a.w. (WA 4:265)
[155] Marg. *Psal. 27.d.14.* Vgl. OC 31:279 - 280.

rus; moenie vrees nie", ensovoorts.[156] Maar wat was sy reaksie? Soos tevore gesê, was sy hart in beroering soos bome in 'n bos deur die wind geskud word. Ten spyte daarvan dat hy God se belofte gehoor het, het hy nie opgehou om te vrees nie. Dit is dus 'n besondere loon en straf vir ongelowigheid om so te bewe dat hy hom in die versoekings van God af OC 413 wegkeer en dat hy nie deur die geloof vir homself 'n deur oopmaak nie. Daarteenoor kom gelowiges, wat gebuk gaan onder en byna platgedruk word deur 'n massa versoekings, weer orent al is dit nie sonder onaangenaamheid en moeite nie. En omdat hulle bewus is van hulle eie swakheid, bid hulle saam met die profeet: "Neem die woord van waarheid nie geheel en al van my mond weg nie".[157] Met hierdie woorde word ons geleer dat hulle soms stomgeslaan is, asof hulle geloof OS 29 platgeslaan is. Tog swig hulle nie en hulle vlug nie daarvan weg nie maar hou vol met die stryd en deur te bid skerp hulle hulle traagheid op om te verhoed dat hulle gevoelloos sou word deur daaraan toe te gee.

## 18. *Geloof oorwin uiteindelik alle probleme*

Om dit te begryp moet ons terugkeer tot die onderskeid tussen vlees en gees, waarvan ons elders melding gemaak het.[158] Dit is 'n onderskeid wat in hierdie onderwerp die duidelikste na vore kom. 'n Vroom hart voel aan dat dit gedeeltelik vanweë die goedheid van God met sy lieflikheid oorgiet word en gedeeltelik vanweë die bewustheid van eie rampsaligheid met bitterheid benoud word; dat dit gedeeltelik in die belofte van die evangelie rus vind en gedeeltelik as gevolg van die getuienis van eie onregverdigheid bewe, dat dit gedeeltelik as gevolg van die lewe jubel maar gedeeltelik as gevolg van die dood terugdeins. Die verskeidenheid gevoelens kom uit die onvolmaaktheid van hulle geloof. Want in die huidige verloop van ons lewe gaan dit nooit so goed met ons dat ons van elke kwaal van wantroue genees is en dat ons met volle geloof vervul en beset word nie. Hieruit ontstaan die konflik: wanneer die wantroue wat nog aan die reste van ons vlees bly kleef, opstaan om die geloof wat binne in ons ontvang is, aan te val. Maar as die sekerheid in 'n gelowige verstand met vertwyfeling deurmekaar is, keer ons dan nie maar altyd weer daarheen terug dat die geloof nie in 'n vaste en duidelike nie maar slegs in 'n vae en twyfelagtige kennis van God se wil jeens ons bestaan nie? Hoegenaamd nie! Want as ons deur uiteenlopende gedagtes uitmekaar getrek word, word ons nie daarom dadelik van die geloof losgeskeur nie. En as ons aan die ander kant kruis en dwars deur die beroering van ons

[156] Marg. *Iesa. 7.a.4.* Vgl. OC 36:146 - 147.

[157] Marg. *Psal. 119.43.* Vgl. OC 32:233 - 234; Vg.: Ps. 118:43 en Luther a.w. (WA 4:330).

[158] Vgl. *Inst.* 2.1.9; 2.2.27 en 2.3.1 (Afr. vert. 2:362 - 364; 403 - 405 en 406 - 407).

wantroue gekwel word, word ons nie daarom in die afgrond daarvan gedompel nie. En as ons geskok word, word ons nie daarom platgeslaan nie. Want die uiteinde van die stryd is altyd dat die geloof daardie probleme waardeur dit skynbaar omsingel is en in gevaar verkeer, te bowe kom.

## 19. *Klein druppeltjies geloof wat in ons ingedrup word, groei langsaam*

Hier is dan 'n samevatting van die onderwerp. Sodra selfs die kleinste druppeltjie geloof in ons verstand ingedrup is, begin ons alreeds om God se kalm en rustige gelaat wat ons goedgesind is, waar te neem - wel nog van ver af maar tog met 'n seker aanskouing, sodat ons weet dat ons glad nie aan sinsbedrog ly nie. Namate ons daarop vordering maak - soos ons voortdurend behoort te doen - kom ons, asof ons reeds vordering gemaak het, met soveel groter sekerheid nog nader daaraan om Hom te sien, en deur die voortdurende voortgang daarvan word Hy vir ons nog bekender. So sien ons dat ons verstand nadat dit deur die kennis van God verlig is, aanvanklik nog in groot onkunde gewikkel is, maar die onkunde verdwyn geleidelik. Die feit dat dit sekere dinge nog nie ken nie of baie dof waarneem wat dit wel waarneem, is egter nie 'n hindernis daarvoor dat dit duidelik kennis van God se wil jeens hom kan geniet nie, en dit neem die eerste en belangrikste plek in die geloof in. Dit is soos wanneer iemand in 'n tronk opgesluit is en die sonstrale wat skuins en dof skyn, deur 'n baie smal ou venstertjie sien maar nogtans duidelik OS 30
die glans daarvan met sy oë inneem en die voordeel daarvan kry al word OC 414
hy van die volle besigtiging van die son beroof. Net so is ons deur die boeie van ons aardse liggaam gebind en hoewel ons van alle kante af deur baie duisterheid oorskadu word, word ons tog deur God se lig - al is dit net 'n klein bietjie - bestraal om sy barmhartigheid te toon. Daardeur word ons soveel verlig as wat vir 'n vaste gerusstelling voldoende is.

## 20. *Ongeloof trag onophoudelik om geloof te rysmier*

Die apostel leer ons beide hierdie dinge op treffende wyse op verskeie plekke. Wanneer hy leer dat ons ten dele ken en ten dele profeteer en dat ons deur 'n spieël in 'n raaisel sien,[159] toon hy aan hoe 'n geringe deeltjie van die ware wysheid van God ons in hierdie lewe gegee word. A 199
Want hoewel sy woorde nie doodeenvoudig net aantoon dat ons geloof nog onvolmaak is so lank ons onder die las van ons vlees swoeg nie,

[159] Marg. *1. Cor. 13.c.9.* Vgl. ook vers 12 en OC 49:513 - 515.

maar dat dit uit ons onvolmaaktheid spruit dat ons voortdurend in die leer geoefen moet word, gee hy nogtans te kenne dat ons met ons ontoereikende maat en verengde verstand nie iets wat onmeetlik is, kan begryp nie. En dit verkondig Paulus ook van die hele kerk. Ons eie grofheid is ook vir elkeen van ons 'n struikelblok en 'n hindernis, sodat ons nie so naby aan Hom kan kom as wat ons begeer nie. Maar dieselfde apostel toon elders ook aan met hoe 'n sekere en absoluut volkome onbedrieglike voorsmakie selfs 'n klein druppeltjie geloof ons beïnvloed wanneer hy verklaar dat ons met onbedekte gelaat en sonder 'n voorhangsel deur die evangelie die heerlikheid van God met so 'n kragtige werking kan waarneem dat ons in dieselfde beeld verander word.[160] Met sulke omhulsels van onkunde moet daar noodwendig terselfdertyd baie meer aspekte van vertwyfeling en bewing verbind wees, veral aangesien ons hart volgens sy natuurlike neiging maklik na ongeloof oorhel. Hierby kom ook die versoekings wat eindeloos in getal en uiteenlopend van aard is en ons ewe-eens met groot geweld bespring. Veral wanneer ons gewete terneergedruk is deur die las van die sonde wat daarop lê, kla en sug dit; dan weer kla ons gewete homself aan; nou mor dit in stilte, dan kom dit weer openlik tot uitbarsting. Of ons teenspoed nou ook al die toorn van God as rede daarvoor aanvoer, en of ons gewete die bewys en rede daarvoor ook al in homself vind - ons ongeloof gryp daaruit die wapens en werktuie om ons geloof plat te slaan. Tog is ons ongeloof altyd daarop gemik en daartoe bestem dat ons moet dink dat God teen ons is en ons vyand is, sodat ons op geen bystand van Hom moet hoop nie en Hom as 'n dodelike vyand moet vrees.

## 21. *Geloof bewapen en verskans homself met die Woord van God*

Die geloof bewapen en verskans homself met die Woord van die Here
om hierdie aanslae die hoof te bied. Wanneer 'n aanslag van so 'n aard
daarop afgestorm kom, naamlik dat God ons vyand is omdat Hy toornig
is, opper die geloof daarteen dat God ook barmhartig is wanneer Hy ons
kasty. Sy kastyding kom immers uit sy liefde eerder as uit sy toorn.
Wanneer hy deur die gedagte getref word dat God Hom op ongeregtig-
hede wreek, voer hy daarteenoor aan dat Hy gereed is om 'n sondaar te
vergewe so dikwels as wat hy hom tot die genade van die Here wend. So OS 31
styg 'n godvrugtige verstand tog uiteindelik bo al sy probleme uit ten
spyte daarvan dat dit op sonderlinge wyses vervolg en gekwel word en
dit laat nooit toe dat sy vertroue in God se barmhartigheid van hom
weggeneem word nie. Ja, al die worstelinge wat dit beproef en vermoei, OC 415
loop eerder op die sekerheid van vertroue uit.

[160] Marg. *2. Cor. 3.d.18.* Vgl. OC 50:46 - 47.

'n Bewys hiervan is die feit dat heiliges tog hulle klagtes voor Hom lê wanneer dit vir hulle lyk asof hulle besonderlik deur God se wraak geteister word, en, wanneer dit vir hulle lyk asof hulle glad nie verhoor word nie, roep hulle Hom nietemin nog aan. Watter doel sou dit immers gedien het om hulle klagtes aan Hom voor te lê as hulle geen troos van Hom kan verwag nie? Dit sou trouens nooit in hulle gedagtes opgekom het om Hom aan te roep as dit nie was dat hulle geglo het dat Hy vir hulle hulp toeberei het nie. Toe Christus sy dissipels se kleingelowigheid bestraf het, het hulle wel nog by Hom gekla dat dit klaarpraat is met hulle, en hulle het Hom nogtans om hulp gevra.[161] Toe Hy hulle inderdaad vanweë hulle kleingelowigheid bestraf het, het Hy hulle tog nie uit die getal van die wat aan Hom behoort, verwerp of as ongelowiges beskou nie maar hulle aangespoor om hulle sonde van hulle af te skud.

Soos reeds 'n rukkie tevore gesê is,[162] verklaar ons dus weer eens dat die wortel van die geloof nooit uit 'n godvrugtige hart geskeur kan word nie maar eerder dat dit diep in 'n gedeelte daarvan bly vassteek al sou dit skynbaar rondgeruk word en heen en weer neig. Ons sê verder dat die lig daarvan nooit so uitgeblus of so gesmoor word sonder dat dit ten minste onder die as daarvan versteek is nie. Volgens hierdie bewys word dit duidelik dat die Woord, wat onbederfbare saad is, vrug soos hyself voortbring waarvan die kiem nooit verdor of heeltemal vergaan nie. Want hoewel dit vir die heiliges uiterste stof tot wanhoop is wanneer hulle agterkom dat die hand van God volgens hulle opvatting van die oomblik op hulle verderf gerig is, verklaar Job tog dat sy hoop so ver sal gaan dat hy nie daarvan sal afsien om op God te hoop nie, selfs nie eens as hy deur Hom doodgemaak word nie.[163] Dit is ook so! Ongeloof heers nie diep binne-in godvrugtiges se hart nie maar val hulle van buite af aan. Dit verwond hulle nie dodelik met sy wapens nie maar teister hulle of doen hulle in elk geval net soveel leed aan dat hulle wonde nog genees kan word.

Soos Paulus leer, is die geloof immers vir ons 'n skild.[164] As dit voor die wapens van die ongeloof gehou word,[165] vang dit die geweld daarvan op so 'n manier op dat dit (die aanslae daarvan) heeltemal wegkeer of ten minste verbrokkel sodat dit nie tot die lewe kan deurdring nie. Wanneer ons geloof dus geskud word, is dit soos wanneer 'n soldaat wat andersins stewig op sy voete is, deur 'n geweldige spiessteek gedwing word om sy voete te versit en 'n bietjie terug te val. Wanneer ons geloof self gewond word, is dit asof sy skild as gevolg van die slag 'n kraak kry sonder om eg-

[161] Marg. *Matth. 8.c.25.* Vgl. ook vers 26.
[162] Vgl. *Inst.* 3.2.17 - 18 (Afr. vert. 3:732 - 735).
[163] Marg. *Iob. 13.c.15.*
[164] Marg. *Ephes. 6.c.16.* Vgl. OC 51:236 - 237.
[165] Fr.: *Icelle donc, estant mise au devant, pour résister au diable* (Benoit 3:39).

ter daardeur deurboor te word. Want 'n godvrugtige verstand kom altyd op so 'n wyse daaruit te voorskyn dat hy saam met Dawid kan sê: "Al gaan ek ook deur doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met OS 32 my".[166] Om in 'n doodskadu te loop is sekerlik verskriklik, en dit kan nie anders as dat gelowiges daarvoor terugdeins nie al sou hulle ook hoe sterk wees. Omdat hierdie gedagte egter in hulle die oorhand kry dat hulle God altyd by hulle het en dat Hy vir hulle saligheid sorg, word hulle vrees terselfdertyd deur hulle onbesorgdheid oorwin. Soos Augustinus trouens sê, maak dit nie saak watter werktuie die duiwel teen ons rig nie -, hy bly uitgewerp solank hy nie ons hart waar die geloof woon, beset nie.[167] As ons dan die gevolge beoordeel, ontkom gelowiges dus nie alleen ongedeerd aan elke geveg sodat hulle later nadat hulle hulle krag herwin het, weer gereed is om tot die stryd toe te tree nie, maar hulle word gevul met dit wat Johannes in sy bekende rigsnoer sê: "Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik julle geloof".[168] Hy sê OC 416 immers nie dat die geloof net in een geveg of in 'n paar veldslae of teen 'n aanslag sal oorwin nie maar dat dit die hele wêreld sal oorwin selfs al word dit duisend maal aangeval.[169] A 200

## 22. *Geloof sluit egter ook vrees en bewing in*

Daar is egter 'n tweede soort vrees en bewing[170] waardeur die geloof tog niks van sy gerusstelling afstaan nie maar nog vaster gegrond word. Wanneer gelowiges naamlik daaroor nadink dat die voorbeelde van God se wraak teen die goddelose as bewyse vir hulle dien, tref hulle noukeurig voorsorg daarvoor dat hulle nie as gevolg van dieselfde oortreding tot God se toorn aanleiding gee nie. Of wanneer hulle hulle eie ellende herken, leer hulle om volkome van die Here afhanklik te wees wanneer hulle kan sien dat hulle sonder Hom in die geringste windjie wankel en verdwyn. Want wanneer die apostel die slae waarmee die Here Hom eenmaal op die Israeliete gewreek het, aan die Korintiërs voorhou, boesem hy die vrees by hulle in dat hulle hulleself nie in soortgelyke euwels moet verstrengel nie.[171] Daarmee laat hy hulle vertroue egter nie wankel nie, maar hy skud die traagheid van hulle

166 Marg. *Psal. 23.a.4.* Vgl. OC 31:239 - 240.
167 Latynse uitgawes, 1543 - 1554: Marg. *Homil. in Ioan. 52.*
Vgl. Augustinus, *In Joan. ev. tract.* 52:9 oor Joh. 12:31 (MPL 35:1772).
168 Marg. *1. Iohan. 5.a.4.* Vgl. OC 55:363.
169 Elders beskryf Calvyn die krag van die geloof grafies: *La foy est l'âme de nos âmes: et tout ainsi que nos corps sont vivifiez par l'âme, aussi est l'âme par la foy, Sermon* 26 *sur* 1 *Timothée* (OC 53:313).
170 Vgl. Fil. 2:12 (OC 52:30 - 31).
171 Marg. *1. Cor. 10.c.11.* Vgl. OC 49:460 - 461.

vlees af omdat geloof gewoonlik daardeur oorstelp eerder as versterk word.

Wanneer hy uit die val van die Jode gronde vir die vermaning put dat iemand wat staan, moet toesien dat hy nie val nie,[172] vermaan hy hulle om nie te wankel asof hulle weinig sekerheid van hulle standvastigheid het nie. Hy neem egter slegs hulle verwaandheid en onbesonne vertroue op eie krag van hulle af weg met die doel dat die heidene wat na die verwerping van die Jode in hulle plek aangeneem is, nie te oordadig daaroor moet jubel nie. Tog praat hy daar nie slegs met gelowiges nie, maar hy sluit ook veinsers in sy gesprek in, omdat hulle net op uitwendige skyn geroem het. Want hy vermaan nie elke mens afsonderlik nie, maar hy vergelyk die Jode en die heidene met mekaar, nadat hy aangetoon het dat die Jode regverdig gestraf word vir hulle ongeloof en ondankbaarheid daarin dat hulle verwerp is. Hy spoor die heidene egter aan om nie die genade van hulle aanneming wat nog maar so pas op hulle oorgedra is, deur hoogmoed en selfverheffing verlore te laat gaan nie.
Soos daar egter in die verwerping van die Jode nog party oor was wat nie OS 33
van die verbond van hulle aanneming afvallig geword het nie, so kon daar onder die heidene ook sommige mense gewees het wat sonder ware geloof was en in hulle dwaasheid slegs op hulle vlees vertrou het en daarom hooghartig was en daardeur die goedertierenheid van God tot hulle eie verderf misbruik het. Maar selfs as 'n mens aanvaar dat hy hierdie woorde vir uitverkorenes en gelowiges gesê het, sal dit nog geen las oplewer nie. Want dit is een ding om die onbesonnenheid wat soms nog uit die reste van hulle vlees by heiliges insluip, te onderdruk om te verhoed dat dit sy ydele selfvertroue laat botvier. Maar dit is iets heeltemal anders om 'n gewete met vrees plat te slaan dat dit in volle geborgdheid in God se barmhartigheid gerusstelling kan vind.

## 23. *"Werk julle eie heil met vrees en bewing" - Fil. 2:12*

Wanneer hy daarna leer dat ons ons saligheid met vrees en bewing moet uitwerk,[173] eis hy net dat ons die gewoonte moet aankweek om met groot verslaenheid na die krag van die Here op te sien. Want niks kan ons inderdaad so opwek om ons vertroue en sekerheid van gees op die Here te werp as wantroue in onsself en benoudheid wat uit die bewussyn van eie ellende spruit nie. Ons moet dit wat ons by die profeet lees, in hierdie sin opneem: "In die menigvuldigheid van u goedertierenheid sal ek in u

[172] Marg. *Ibidem, c.12* (1 Kor. 10:12); *Rom. 11.c.20.* Vgl. OC 49:461 - 462.
[173] Marg. *Philip. 2.b.12.*

huis ingaan; ek sal U in vrees aanbid".[174] Soos dit pas, verbind hy daar die OC 417 vrymoedigheid van die geloof wat op die barmhartigheid van God steun, met die heilige vrees waardeur ons elke keer ontroer moet word wanneer ons in die gesig van sy Goddelike majesteit verskyn. Uit die glans daarvan kan ons verstaan hoe groot ons onreinheid is.

Salomo se verklaring is ook waar wanneer hy sê dat dié mens geluksalig is wat gedurig sy hart vrees, want deur sy hart te verhard verval hy in onheil.[175] Maar onder *vrees* verstaan hy die skrik wat ons versigtiger maak, en nie die soort skrik waardeur ons verslae in duie stort nie. Dit is naamlik wanneer ons gemoed in homself verward is en hy homself weer in God herstel; wanneer hy in homself verslae is, en in God weer opgerig word; wanneer hy in homself geen vertroue meer het nie, en weer in die vertroue op Hom tot rus kom. Daarom verhinder niks gelowiges om tegelyk te vrees en die gerusstellendste troos te hê nie namate hulle nou hulle oë op eie ydelheid slaan en dan weer aan God se waarheid dink.

Nou sal iemand vra: "Hoe kan vrees en geloof in dieselfde gemoed aanwesig wees?" Ja, dit kan - net soos traagheid en kommer. Want wanneer die goddelose vir hulleself onverskilligheid byhaal sodat die vrees vir God hulle nie kan ontroer nie, dryf die oordeel van God hulle tog sodat hulle nie kry wat hulle begeer nie. So verhinder niks God om die wat aan Hom behoort, te oefen om nederig te wees sodat hulle moedig kan stry en hulleself met die teuels van beskeidenheid kan beheer nie. Uit die samehang blyk dit ook duidelik dat dit die apostel se doel was toe hy die welbehae van God waarvolgens Hy aan die wat aan OS 34 Hom behoort die gawe gee om die goeie te wil en dit in alle erns na te jaag, as oorsaak van hulle vrees en bewing aangegee het.[176] In hierdie sin moet ons die verklaring van die profeet opneem wanneer hy sê: "Die kinders van Israel sal bewe voor God en sy goedheid".[177] Godsvrug bring immers nie alleen eerbied vir God voort nie, maar juis in sy verslaenheid deurtrek die lieflikheid en aangenaamheid van sy genade die mens terselfdertyd met vrees en bewondering sodat hy God aanhang en homself nederig aan sy mag onderwerp.

## 24. *'n Weerlegging van die halfpousgesindes se dwaling dat vertroue en ongeloof bloedbroers is*

So skep ons tog nie 'n geleentheid vir die uiters verderflike filosofie wat

[174] Marg. *Psal. 5.b.8.* Vgl. OC 31:68 - 69 en Luther se pittige formulering daarvan in sy preek oor Ps. 112 (1526): *Darumb so ist Gottes furcht nichts anders denn Gottes dienst* (WA 19:305).

[175] Marg. *Prov. 28.b.14.*

[176] Vgl. Fil. 2:12, 13 (OC 52:31 - 34).

[177] Marg. *Oseae 3.b.5.* Vgl. OC 42:264 - 265.

die halfpousgesindes[178] vandag in hulle skuilplekke begin smee nie. Omdat hulle die growwe twyfel wat in hulle skole geleer is, immers nie kon verdedig nie, het hulle hulle toevlug tot 'n ander set geneem, naamlik om te maak asof vertroue en ongeloof in dieselfde mengsel saamgegooi is. Hulle erken dat ons volle rede het om goeie hoop te koester wanneer ons ons oë na Christus opslaan. Omdat ons egter altyd al die seëninge wat ons in Christus aangebied word, onwaardig is, is hulle opvatting dat ons moet twyfel en aarsel wanneer ons ons eie onwaardigheid sien. Kortom: Hulle stel ons gewete so tussen hoop en vrees dat dit mekaar met tussenposes om die beurt afwissel. Hulle vergelyk hoop en vrees trouens op so 'n wyse met mekaar dat die een onderdruk word wanneer die ander een opkom en dat die een dan weer gaan lê sodra die ander een verrys. Wanneer die Satan dan weldra sien dat sy openlike werktuie waarmee hy tevore gewoonlik die sekerheid van die geloof kon verwoes, nou nie meer krag het om dit te doen nie, probeer hy om dit met kronkelgange te laat wankel.

Maar watter soort vertroue is dit dan wat van tyd tot tyd voor wanhoop swig? Hulle sê: "As jy op Christus bedag is, is jou saligheid verseker; A 201 maar as jy jou oë na jouself wend, is jou verdoemenis seker. Wantroue en goeie hoop moet dus noodwendig om die beurt in jou gemoed heers". Net asof ons inderdaad aan Christus moet dink asof Hy ver van ons af OC 418 staan en asof Hy nie eerder binne-in ons woon nie! Ons verwag ons saligheid trouens juis van Hom, nie omdat Hy in die verte aan ons geopenbaar is nie maar omdat ons in sy liggaam ingelyf is en Hy ons nie alleen deelgenote in al sy seëninge maak nie maar ook deel van Homself. Ek keer daarom hulle redenasie so teen hulle om: As jy jouself in ag neem, is jou verdoemenis verseker. Omdat Christus met al sy seëninge egter op so 'n wyse jou deel geword het dat alles wat aan Hom

[178] Dit is nie duidelik na wie Calvyn hier verwys nie. Die redelike afleiding kan gemaak word dat hy na Socinus *c.s.* verwys omdat hy hierin tevore in hoofstukke 10 - 12 dele van sy polemiek teen Socinus letterlik oorgeneem het (vgl. n. 95, 105 en 108 hierbo). Dit is egter ook opvallend dat Calvyn die woord ***substantia*** sedert sy polemiek met Osiander baie omsigtig gebruik het, of ten minste in die Latynse uitgawes so ver moontlik vermy het. Die gebruik van die woord is veral opvallend in sy ***Petit traicté de la sancte Cène*** waar hy die gelowige se eenwording met Christus deur die geloof beskryf: ***Iesus Christ nous donne en la Cène la propre substance de son corps et de son sang*** (OC 5:440). Benoit wys daarop dat Calvyn die woord ***substantia*** nie in filosofiese of tegniese sin verstaan nie maar as term in sy polemiek teen die Skolastiese teologie en teen die leer van die transsubstansiasie: ***S'unir à nous en une même substance" exprime une conjonction intime encore que spirituelle ... il s'agit, disions-nous, d'une union purement spirituelle, non d'une union substantielle au sens technique et mystique du terme*** (Benoit 3:42 n. 5). Vgl. Harnack 3:789 in verband met die Sociniane se opvatting dat heilsverkryging wesenlik onseker is omdat dit met God se oordeel en onbekende raadsplan saamhang, asook die sesde sessie van die Konsilie van Trente in verband met regverdigmaking (Mansi 33:37 - 38) en Calvyn se kommentaar oor Joh. 17:21 (OC 47:387): ***Ergo ut rite comprehendas quo pertineat istud, Christum et Patrem unum esse, cave ne Christum exuas mediatoris persona, sed eum potius considera, ut est ecclesiae caput, et membris suis coniunge: ita optime stabit contextus, ne irrita sit vel inutilis filii cum Patre unitas, eius virtutem oportere in***

behoort, joue word, dat jy een van sy ledemate word en dat jy daardeur met Hom één word,[179] so bedek sy geregtigheid jou sondes. So maak sy saligheid jou verdoemenis tot niet. So tree Hy met sy waardigheid tussenbeide sodat jou eie onwaardigheid nie voor God se aangesig mag kom nie.
Dit is in elk geval so: dit betaam ons glad nie om Christus van ons of ons van Hom te skei nie. Ons moet die gemeenskap waarmee Hy ons aan Hom verbind het, met albei hande vashou. So het die apostel ons trouens geleer toe hy gesê het: "Julle liggaam is wel dood vanweë die sonde; maar die Gees van Christus wat in julle woon, is vanweë sy OC 35
geregtigheid vir julle die lewe".[180] Volgens hulle onsinnigheid moes hy eintlik gesê het: "Christus het wel die lewe by Hom, maar omdat julle sondaars is, bly julle aan die dood en die verdoemenis blootgestel". En tog sê hy iets heeltemal anders. Hy leer immers dat die verdoemenis wat ons uit onsself verdien het, deur Christus se saligheid tot niet gemaak is. En om dit te bevestig voer hy die rede aan wat ek aangehaal het,[181] naamlik dat Christus nie buite ons is nie maar binne-in ons woon. Hy is voorts nie alleen met 'n onskeibare gemeenskapsband aan ons verbind nie, maar Hy groei van dag tot dag al hoe meer in 'n heerlike gemeenskap met ons saam tot een liggaam totdat Hy volkome één met ons word.[182]

Nogtans ontken ek nie wat ek so pas gesê het nie, naamlik dat daar wel soms onderbrekings van die geloof voorkom namate die swakheid daarvan onder geweldige stormlope hierheen of daarheen gewend word. So word die geloof se lig in 'n digte wolk van versoekings gesmoor. Wat egter ook al gebeur - geloof hou nooit op om ywerig na God te soek nie.

## 25. *Bernard van Clairvaux se opvatting van hierdie skynbare teenstrydigheid in die eienskapppe van die geloof*

Wanneer Bernardus hierdie onderwerp uitdruklik in sy vyfde preek oor

*totum piorum corpus diffundi. Unde etiam colligimus, nos unum cum Christo esse, non quia suam in nos substantiam transfundat, sed quia spiritus sui virtute nobiscum vitam suam et quidquid accepit a Patre bonorum communicet* - om dus na behore te begryp waarop dit slaan dat Christus en die Vader een is, moet jy oppas dat jy Christus nie van sy Persoon as Middelaar stroop nie maar dink eerder aan Hom as Hoof van die kerk en verbind Hom aan die lede daarvan. So sal die verband beter bly sodat die eenheid van die Seun met die Vader nie doelloos of nutteloos is nie. Daaruit maak ons die gevolgtrekking dat ons een met Christus is, nie omdat Hy sy wese in ons oorgiet nie maar omdat Hy deur die krag van sy Gees sy lewe en al die seëninge wat Hy van die Vader ontvang het, met ons deel. Let egter ook op die gebruik van die woord *substantia* in *Inst.* 3.25.8 Afr. vert. 3:1257.

179 Fr.: ... *que nous sommes faits ses membres et une mesme substance avec luy* (Benoit 3:42).

180 Marg. *Rom. 8.b.10.* Vgl. OC 49:126.

181 Vgl. *Inst.* 3.2.16, 21 (Afr. vert. 3:731,736).

182 Fr.: ... *par une conionction admirable et surmontant nostre entendement, il s'unist iournellement de plus en plus à nous en une mesme substance* (Benoit 3:43).

die inwyding van die tempel behandel, poneer hy dieselfde stelling.[183] Hy sê: "Soms wanneer ek deur God se genade oor my siel dink, lyk dit vir my asof ek daarin twee teenoorgestelde eienskappe aantref. As ek na my siel kyk soos dit in homself en uit homself is, kan ek daarvan nie 'n groter waarheid sê as dat dit tot niet gemaak is nie. Dit is onnodig om die siel se ellendes een vir een op te noem of hoe dit met sondes belaai of deur duisternis oorgiet en hoe verskrik dit in verleidings is; hoe dit van begeertes jeuk; hoe blootgestel dit aan sy drange is; hoe vol bedrog dit is; hoe dit altyd tot die kwaad neig; hoe maklik dit na elke vergryp oorhel en laastens hoe vol skande en verwarring dit is. As al sy geregtighede ook by die lig van die waarheid ondersoek word en as daar gevind word dat dit soos 'n vuil lap is, wat sal hulle dan as die aard van hulle ongeregtighede reken?[184] As die lig in ons duisternis is, hoe groot sal hulle duisternis dan wees?[185]

"Wat sal ons dan daarvan sê? Die mens het ongetwyfeld soos sy eie ydelheid geword: die mens is tot niet gemaak, die mens is niks. Maar hoe kan 'n mens hoegenaamd niks wees nie en hoe kan God hom nogtans OC 419 groot maak? Hoe kan die mens niks wees nie terwyl God se hart tot hom geneig is? Laat ons asem skep, broeders! Hoewel ons in ons eie harte niks is nie, kan daar miskien iets van ons in God se hart skuil. O, Vader van barmhartighede! O, Vader van die ellendiges, hoe neig U u hart tot ons! Want U hart is waar u skat is.[186] Maar hoe kan ons u skat wees as ons niks is nie? Al die volke is voor U asof hulle niks is nie; hulle sal as niks gereken word nie.[187] Hulle is niks voor U nie maar tog nie binne-in U OS 36 nie! So is hulle in die oordeel van u waarheid maar nie in die gevoel van godsvrug vir U nie. U roep dinge wat nie bestaan nie, net asof hulle bestaan! Hulle bestaan dus nie, omdat U dinge roep wat nie bestaan nie! En tog bestaan hulle omdat U hulle roep. Want gestel nou maar dat hulle nie sou bestaan sover dit hulle aangaan nie, dan bestaan hulle tog nog by U volgens Paulus se bekende woorde: 'Nie uit die werke van geregtigheid nie maar uit Hom wat roep'".[188]

Hy sê verder dat die verbondenheid tussen beide hierdie oorwegings wonderlik is.[189] Dinge wat onderling met mekaar verbind is, vernietig mekaar in elk geval nie. Hy dui dit trouens nog duideliker in sy slot in die volgende woorde aan: "As ons nou aan die hand van beide hierdie oorwegings ondersoek instel na wat ons eintlik is, ja, hoe nietig ons in die een is en hoe verheerlik ons in die ander een is, dink ek dat ons ver-

[183] Vgl. Bernard van Clairvaux, *In dedicatione ecclesiae sermo* 5.3 (MPL 183:531).

[184] Marg. *Iesa. 64.c.6.* Vgl. OC 37:412.

[185] Marg. *Matth. 6.c.23.* Vgl. OC 45:205.

[186] Vgl. Matt. 6:21.

[187] Vgl. Jes. 40:17.

[188] Marg. *Rom. 9.c.12.* Vg. Vgl. OAV: Rom. 9:11.

[189] Vgl. Bernard van Clairvaux, *ibid.* 5.7, 8 (MPL 183:532 - 534).

heerliking matig lyk. Maar miskien is dit vermeerder of selfs versterk, sodat ons nie in onsself nie maar in die Here kan roem. Waarlik, as ons daaroor nadink: as Hy besluit het om ons te red, sal ons dadelik verlos word, en dan kan ons weer asemhaal. Maar laat ons na 'n hoër punt uitklim; laat ons na die stad van God soek; laat ons sy tempel soek; laat ons sy huis soek; laat ons die bruid soek.[190] Ek het nie vergeet nie,[191] maar ek sê dit met vrees en eerbied: ek herhaal: Ons is, maar in die hart van God. Ons is, maar deur sy aansien en nie deur ons aansien nie".[192]

## 26. *Die betekenis van 'vrees van die Here' en 'eer van die Vader'*

Verder ontstaan die vrees van die Here, waarvan oral vir al die heiliges getuig word en wat soms *die begin van die wysheid*[193] en soms *wysheid*[194] self genoem word, uit twee gevoelens, hoewel dit tog net een is. Want in Hom het God die eerbied vir 'n Vader en 'n Heer. Iemand wat Hom dus na behore wil dien, sal hom beywer om hom as 'n gehoorsame kind en as 'n onderdanige dienskneg teenoor Hom te gedra. Deur die profeet noem die Here die gehoorsaamheid wat aan Hom soos aan 'n Vader betoon word, *eer* en die onderdanigheid wat aan Hom soos aan 'n heer betoon word, *vrees*. Hy sê: "'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy heer. As ek dan die Vader is, waar is my eer? En as ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My?"[195] Hoewel Hy tussen die twee onderskei, kan 'n mens sien hoe Hy hulle saamvoeg.[196] Die vrees van die Here moet dus vir ons A 202 bestaan uit eerbied wat met eer en vrees saamhang. Dit is ook nie 'n wonderwerk as een en dieselfde gees albei hierdie gevoelens ontvang nie. Want iemand wat by homself nadink oor hoe 'n Vader God vir ons is, het genoeg rede om sy toorn erger as enige dood te vrees, selfs al OS 37 sou daar nie 'n hel gewees het nie. Maar omdat die bandeloosheid van ons vlees in sy teuelloosheid om sonde te doen so groot is, moet ons, om dit op elke moontlike manier aan bande te lê, terselfdertyd ook hieraan gedagtig wees dat alle ongeregtigheid vir die Here onder Wie se mag ons lewe, afstootlik is. Die mense wat in sonde leef en sy toorn teen OC 420 hulle verwek, sal nie aan sy wraak ontkom nie.

## 27. *Slaafse en kinderlike vrees*

Johannes sê dat daar nie vrees in die liefde is nie maar dat die volmaakte

[190] Fr. 1554 e.v.: ... *le secret du mariage qu'il à avec nous* (Benoit 3:44).
[191] Fr. 1554 e.v.: *En ce faisant nous n'oublierons point l'un pour l'autre* (Benoit 3:44).
[192] Vgl. Bernard van Clairvaux, *ibid.* 5.7, 8 (MPL 183:533 - 534).
[193] Marg. *Psal. 11.b.10* (*recte*: 1559 - 1554: *Psal. 111.b.10*); *Prover. 1.a.7.* Vgl. OC 32:170 - 171.
[194] Marg. *Prov. 15.d.23* (*recte*: Spr. 15:33); *Iob. 8.c.28* (*recte*: Job 28:28).
[195] Marg. *Malach. 1.b.7* (*recte*: Mal. 1:6). Vgl. OC 44:409 e.v.
[196] Fr. 1541 e.v.: + ... *comprenant l'un et l'autre sous le mot d'honnore* (Benoit 3:45).

liefde die vrees uitdryf, omdat vrees straf insluit.[197] Dit is nie in stryd met dit wat ons hierbo gesê het nie. Hy praat immers van die vrees van ongelowigheid, wat ver verskil van die vrees van gelowiges. Want goddelose mense vrees God nie bloot omdat hulle bang is dat hulle hulle sy onguns op die hals sal haal nie - as hulle dit wel straffeloos sou kon doen. Hulle vrees egter omdat hulle weet dat God met die mag om wraak te neem gewapen is, en sodra hulle van sy toorn verneem, word hulle met skrik platgeslaan. En hulle vrees sy toorn ook so omdat hulle meen dat Hy hulle bedreig omdat hulle van oomblik tot oomblik verwag dat sy toorn op hulle sal neerstort. Maar soos gesê is, vrees die gelowiges sy onguns meer as sy straf, en hulle is nie ontstel deur die vrees vir sy straf asof dit dreigend oor hulle nekke sou hang nie, maar dit maak hulle versigtiger om hulle nie sy onguns op die hals te haal nie. Wanneer die apostel met die gelowiges praat, is dit in die volgende trant: "Moenie julle laat mislei nie", sê hy, "hierdeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongeloof".[198] Hy dreig nie dat die toorn oor hulle sal kom nie, maar hy vermaan hulle dat hulle daaroor moet nadink dat die Here se toorn vanweë die oortredings wat hy vermeld het, op goddelose mense wag sodat hulle nie self sy toorn op die proef sou wil stel nie. Tog gebeur dit selde dat verworpenes slegs deur eenvoudige dreigemente opgewek word - ja, terwyl hulle alreeds as gevolg van hulle hardkoppigheid traag en afgestomp is, verhard hulle hulle eerder om hardnekkig te wees wanneer God met sy woorde uit die hemel donder. Maar wanneer hulle deur sy hand geslaan is, word hulle teen wil en dank gedwing om Hom te vrees.[199] Mense noem hierdie vrees oor die algemeen 'n *slaafse vrees* en stel dit teenoor die *egte vrywillige vrees* wat by God se kinders pas. Ander skrywers stel skerpsinnig 'n soort vrees midde tussen die twee, omdat slaafse en gedwonge gevoelens mense se gemoedere soms dwing om vrywillig daartoe oor te gaan om God te vrees.[200]

## 28. *Geloof is gebed om die guns van God*

Nou besef ons dat ons ons saligheid en die ewige lewe in die goedgunstigheid van God, waarop die geloof volgens die Skrif gerig is, in besit OS 38
neem. Want as niks goeds ons kan ontbreek as God ons begunstig nie, is dit vir die sekerheid van ons saligheid oorvloedig genoeg wanneer Hy

[197] Marg. *1. Iohan. 4.d.18.* Vgl. OC 55:358 - 359.

[198] Marg. *Ephes. 5.b.6* (Vg.); *Colos. 3.a.6.* Vgl. OC 51:216; 52:119 - 120.

[199] Die volgende skrywers differensieer o.a. verskillende vorms van *vrees*: Augustinus, *In Ioh. tract.* 85.3 (MPL 35:1849); Lombardus, *Sent.* 3.34.5 e.v. (MPL 192:825 e.v.); Thomas, *Summa Theol.* 2,2.19.2 e.v. (Marietti 3:107 e.v.).

[200] Vgl. Lombardus, *Sent.* 3.34.8 (MPL 192:826); Thomas, *Summa Theol.* 2,2.19.2 e.v. (Marietti 3:107 e.v.).

self ons van sy liefde verseker. Die profeet sê byvoorbeeld: "Laat Hy sy aangesig toon en ons sal gered wees".[201] Daarom stel die Skrifte dit as die kern van ons saligheid dat Hy alle vyandskap weggeneem het en ons in sy genade ontvang het.[202] Natuurlik gee die Skrifte daarmee te kenne dat daar geen gevaar is dat alles nie vir ons voorspoedig sal verloop as God met ons versoen is nie. As die geloof daarom die liefde van God aangegryp het, het dit sy beloftes van 'n lewe hier en in die toekoms en ook die vaste gerusstelling van al sy seëninge, maar slegs soos ons dit uit sy Woord kan verneem. Want ons geloof belowe sekerlik nie vir homself 'n lang lewe of eer of rykdom in hierdie lewe nie aangesien dit die Here se wil was dat nie een hiervan verseker moet wees nie. Die geloof is egter met hierdie sekerheid tevrede: selfs al sou baie dinge ter onderskraging van hierdie lewe ons ontbreek, sal God ons nooit verlaat nie. Die gerusstelling van die geloof is egter veral in sy verwagting op 'n toekomstige lewe geleë, wat sonder enige twyfel deur die Woord van God neergelê is. En al sou daar watter ellendes en rampe in die wêreld OC 421 wag op dié wat God in sy liefde omhels het, kan dit nogtans geen struikelblok wees daarvoor dat sy welwillendheid volkome geluk vir hulle inhou nie. Toe ons daarom die hoogste vorm van geluksaligheid wou uitdruk, het ons dit in God se genade gestel. Uit hierdie fontein stroom elke soort seëning na ons toe. Ons kan ook oral in die Skrif bemerk dat ons elke keer na die Here se liefde teruggeroep word wanneer die Skrif nie alleen oor ons ewige saligheid nie maar oor enigiets wat vir ons goed is, handel. Daarom sing Dawid dat God se goedheid soeter en verkiesliker as die lewe self is wanneer 'n vroom hart sy goedheid gewaar word.[203]

Kortom: As ons volgens ons hartewens 'n oorvloed van alle dinge het maar onseker is oor God se liefde of haat, sal ons geluk nogtans gedoem en droewig wees. Maar as God se vaderlike aangesig oor ons skyn, sal selfs ons ellendes gelukkig wees omdat dit dan in hulpmiddels vir ons saligheid verander. Wanneer Paulus byvoorbeeld al die teenspoed opstapel, roem hy nogtans dat ons nie daardeur van die liefde van God geskei kan word nie.[204] Hy begin sy gebede ook altyd met die genade van God, waaruit alle voorspoed kom. Net so stel Dawid God se guns alleen teenoor al die verskrikkinge wat ons ontstel. Hy sê: "Al gaan ek ook in die middel van 'n doodskadu, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my".[205] Ons voel ook altyd dat ons gemoedere in twyfel verkeer tensy ons

201 Marg. *Psal. 80.a.4.* Vgl. OC 31:755.
202 Marg. *Ephes. 2.c.14.* Vgl. ook verse 8, 15 en OC 51:170 - 172.
203 Marg. *Psal. 63.a.4.* Vgl. OC 31:595.
204 Marg. *Rom. 8.g.35.* Vgl. OC 49:165 - 166.
205 Marg. *Psal. 23.a.4.*

met God se genade tevrede is, sy vrede daarin soek en dit wat in die Psalm gesê word, diep in ons gemoed ingestempel hou, naamlik: "Geluksalig is die volk wie se God die Here is, en die volk wat Hy as erfgenaam vir Hom gekies het".[206] OS 39

29. *God se belofte is die basis van geloof*

Ons stel God se onverdiende belofte as die basis van geloof omdat die geloof eintlik daarop rus.[207] Want hoewel dit bepaal dat God in alles waaragtig is, hetsy in sy gebod of in sy verbod, hetsy in sy beloftes of in sy dreigement, en al sou dit sy gebooie gehoorsaam aanneem, dit wat Hy verbied, gehoorsaam en op sy dreigemente ag slaan, begin dit tog eintlik by sy belofte. Daarop rus dit en daarin kom dit tot 'n einde. Want dit soek die lewe in God, en dit kan nie in sy gebooie of in die uitvaardiging van sy strawwe nie maar in die belofte van sy barmhartigheid gevind word, en dit dan in 'n onverdiende belofte.

'n Voorwaardelike belofte, waardeur ons na ons werke teruggestuur A 203 word, belowe immers aan ons 'n lewe waarin ons niks anders kan sien as dat dit in ons eie vermoë geleë is nie. As ons dus nie wil hê dat ons geloof moet bewe of wankel nie, moet ons dit op daardie belofte van saligheid laat steun wat die Here ons uit eie vrye wil en vryelik eerder met inagneming van ons ellende as ons aansien aanbied. Daarom ken die apostel hierdie getuienis aan die evangelie toe: dat dit die Woord van die geloof is.[208] Hy neem die getuienis van die gebooie sowel as van die beloftes van die wet af weg. Daar is immers niks wat die geloof kan bevestig anders as net die vrye boodskap waarmee God die wêreld met Homself versoen nie. Daarom word geloof en evangelie dikwels by dieselfde apostel gelykgestel wanneer hy leer dat die bediening van die evangelie tot geloofsgehoorsaamheid aan hom opgedra is en dat die evangelie 'n krag van God tot redding is vir elkeen wat glo; verder dat die geregtigheid van God in die evangelie uit geloof tot geloof geopenbaar word.[209]

Dit is ook nie verbasend nie. Aangesien die evangelie immers die bediening van die versoening is,[210] bestaan daar geen ander getuienis OC 422

[206] Marg. *Psal. 33.c.12.* Vgl. OC 31:330.

[207] Vgl. Luther se kantaantekeninge by Rom. 4:14: *Quia fides et promissio sunt relativa, cum non possit fieri promissio, si nullus, qui credit promittenti* - geloof en belofte hou verband met mekaar, want 'n belofte kan nie verwesenlik word as daar nie iemand is wat die een wat die belofte maak, glo nie (WA 57:45) en sy *Operationes in Psalmos* (Ps. 12:6): *Nihil enim praeciosius in tota Scriptura quam promissio Dei* - in die hele Skrif is daar niks kosbaarder as die belofte van God nie (WA 5:376).

[208] Vgl. Rom. 10:8 (OC 49:200 - 201).

[209] Marg. *Rom. 1.a.5 et b.16.17.* Vgl. OC 49:19 - 22.

[210] Marg. *2. Cor. 5.d.18.*

van God se goedgesindheid jeens ons wat grondig genoeg is en waarvan die geloof kennis vereis nie.[211] Wanneer ons dus sê dat die geloof op God se onverdiende belofte moet steun, ontken ons nie dat gelowiges God se Woord in alle opsigte moet omhels en aanneem nie. Ons bepaal egter dat die belofte van sy barmhartigheid 'n besondere doelstelling van die geloof is. So moet gelowiges God wel as Regter en Wreker van hulle oortredings leer ken maar hulle oë eintlik op sy genade vestig. Daar staan trouens geskrywe dat ons aan Hom moet dink as 'n God wat welwillend en barmhartig is, ver van toorn, vol goedertierenheid en aangenaam vir almal, Een wat sy barmhartigheid oor al sy werke uitgiet.[212]

## 30. *Geloof berus op die belofte van God se genade*

Ek laat my ook nie ophou deur die geblaf van Pighius of soortgelyke honde wanneer hulle hierdie beperking oprakel asof die geloof daardeur verskeur word en asof dit net een krummeltjie aangryp nie.[213] Soos ek reeds gesê het, erken ek dat die waarheid van God, soos hulle dit noem, die ***algemene objek*** [214] van die geloof is, of Hy ook al dreig en of Hy ook al hoop op sy genade skep. Daarom skryf die apostel dit aan die geloof toe dat Noag die vernietiging van die wêreld gevrees het terwyl hy dit nog nie gesien het nie.[215] As vrees vir dreigende straf die OS 40
werk van die geloof was, moet dreigemente nie uit die definisie van die geloof uitgesluit word nie.[216] Dit is wel waar.

Hierdie lasteraars beswaar ons egter sonder dat ons dit verdien, net asof ons sê dat geloof nie in alle opsigte op die Woord van God betrekking het nie. Ons bedoeling is immers om slegs hierdie twee fasette aan te toon, naamlik ten eerste dat die geloof nooit vas kan staan totdat dit by God se onverdiende belofte uitgekom het nie en, ten tweede, dat ons net met God versoen word omdat die geloof ons met Christus verbind.[217] Albei hierdie aspekte verdien ons aandag. Ons soek na daardie geloof wat die kinders van God van verworpenes en gelowiges van ongelowiges onderskei. As iemand sou glo dat God alles wat Hy gebied, regverdig

[211] Vgl. Anselmus, *Proslogion, Prooemium* (MPL 158:223 - 225).

[212] Marg. *Psal. 86.a.5 et 103.b.8 et 145.b.8.* Vgl. OC 31:793; 32:78 - 79, 414 - 415.

[213] Vgl. Pighius, *Controversiarum ... explicatio* 1542, 2:58a - 60a; Battles 1977:576. Vir Pighius (Afr. vert. 1:25, n. 113) en vir Calvyn se antwoord op sy beskuldigings, vgl. OC 6:229 - 404.

[214] *Generale fidei obiectum.* Vgl. Luther se kommentaar by Rom. 1:3: *Quod materia seu obiectum Evangelii seu (ut alii) subiectum sit Jhesus Christus, filius Dei* (WA 56:167) en *Inst.* 3.2.7 (Afr. vert. 3:717).

[215] Marg. *Heb. 11.b.7.* Vgl. OC 55:150 - 152.

[216] Fr. 1551 e.v. + : *Sur cela ces Sophistes arguent que si ... desquelles Dieu veut estonner les pêcheurs* (Benoit 3:48).

[217] Vgl. Luther, *De abroganda missa privata* (1521): *Ne fides ipsa quidem placat, sed apprehendit et obtinet placationem per Christum factam* (WA 8:442).

gebied en waaragtig dreig, sal hy dan daarom 'n gelowige genoem word? Sekerlik nie! Die basis van die geloof is dus nie stewig as dit nie op God se barmhartigheid rus nie.

Wat is dan die doel van ons bespreking van geloof? Is dit dan nie om die weg van saligheid te ken nie? Hoe kan die geloof ons salig maak as dit nie is in soverre dit ons in die liggaam van Christus inlyf nie? Daar is dus niks ongerymds daarin as ons in die definisie van geloof op die belangrikste werk daarvan aandring en 'n teken wat gelowiges van ongelowiges skei as onderskeiding vir elke groep aanvaar nie. Kortom: Kwaadwilliges het in hierdie leer niks wat hulle kan afkraak sonder om Paulus saam met ons in dieselfde teregwysing te betrek wanneer hy die evangelie eintlik die *woord van die geloof* noem nie.[218]

### 31. *Geloof benodig die Woord net soos 'n boom se vrugte wortels nodig het*

Hier maak ons trouens weer die afleiding wat al tevore verduidelik is,[219] naamlik dat geloof die Woord net so nodig het as wat 'n vrug die lewende wortel van die boom nodig het. Want volgens Dawid se getuienis kan niemand sy hoop op God stel anders as net mense wat sy Naam ken nie.[220] Hierdie kennis bestaan egter nie in elkeen se verbeelding nie maar slegs in soverre God self 'n Getuie van sy eie goedheid is. Dit bevestig dieselfde profeet ook elders wanneer hy sê: "U saligheid is volgens u uitspraak";[221] Net so: "Op u woord het ek gehoop; maak my salig".[222]

Hier moet ons let op die verhouding tussen geloof en die Woord en dan OC 423 op die gevolge vir ons saligheid. Tog sluit ons God se mag nie intussen uit nie, en tensy die geloof homself onderhou, sal dit nooit aan God die eer gee wat Hom toekom, as ons ons oë net op sy mag vestig nie. Dit lyk asof Paulus iets gevoelloos of alledaags van Abraham vertel wanneer hy sê dat hy geglo het dat God wat geseënde saad aan hom belowe het, magtig is.[223] Elders sê hy dieselfde van homself: "Ek weet in wie ek geglo het, en ek is seker dat Hy die mag het om my pand tot op daardie dag te bewaar".[224] Maar as iemand net daaroor nadink hoeveel vertwyfelings oor God se krag hom voortdurend oorrompel, sal hy genoegsaam

[218] Marg. *Rom. 10.b.8.*
[219] Vgl. *Inst.* 3.2.6 (Afr. vert. 3:715).
[220] Marg. *Psal. 9.b.11.* Vgl. OC 31:101.
[221] Marg. *Psal. 119.43* (*recte*: Ps. 119:41). Vgl. OC 32:232 en Luther, *Dictata super Psalterium* (WA 4:329).
[222] Vgl. Ps. 119:40, 42, 94 (OC 32:231 e.v., 255).
[223] Marg. *Rom. 4.d.21.* Vgl. OC 49:84 - 85.
[224] Marg. *2. Tim. 1.c.12.* Vgl. OC 52:355 - 356.

kennis daarvan dra dat die mense wat God se mag groot maak, soos dit OS 41 verdien, geen geringe vordering in die geloof gemaak het nie.

Ons sal almal erken dat God enigiets vermag wat Hy wil. Terwyl die geringste versoeking ons egter met vrees platslaan en ons met skrik ontnugter, is dit duidelik dat ons God se mag geringskat omdat ons die Satan se dreigemente teen die beloftes van God bo God se mag stel.[225] Dit is die rede waarom Jesaja so groots oor God se onmeetlike krag kan praat wanneer hy die sekerheid van hulle saligheid in die hart van sy volk wil afdruk.[226] Dikwels wanneer hy met 'n gesprek in verband met die hoop op genade en versoening begin, lyk dit asof hy na 'n ander onderwerp afdwaal en met lang oorbodige ompaadjies langs loop wanneer hy vertel hoe wonderlik God die werking van die hemel en die aarde met die hele natuurorde regeer.[227] Tog is daarin niks wat nie tot die onderwerp onder bespreking bydra nie. Want as ons God se krag, waardeur Hy tot alle dinge in staat is, nie kan sien nie, sou ons sy Woord maar ongeërg aanhoor of nie na die werklike waarde daarvan skat nie. Hierby kom ook nog dat hier van sy werkende mag sprake is. Soos ons trouens elders gesien het,[228] pas godsvrug God se mag altyd by sy voordeel en behoeftes aan. Dit hou besonderlik die werke van God aan Homself voor waardeur Hy getuig het dat Hy ons Vader is. Om hierdie rede word die verlossing so dikwels in die Skrif in die herinnering geroep. Daaruit kon die Israeliete leer dat God wat eenmaal die Bewerker van hulle saligheid was, dit tot in ewigheid sal beskerm. Met A 204 sy eie voorbeeld vermaan Dawid ons ook dat God die weldade wat Hy aan elkeen persoonlik gegee het, in die toekoms tot die versterking van sy geloof laat bydra. Ja, wanneer dit lyk asof Hy ons verlaat het, moet ons ons gewaarwording verder laat strek, sodat sy weldade van vroeër ons kan opwek. Daar word byvoorbeeld in 'n ander psalm gesê: "Ek het gedink aan die dae van ouds; ek het gepeins oor al u werke",[229] ensovoorts. Net so: "Ek sal die werke van die Here gedenk en sy wonders van die begin af".[230] Maar omdat alles wat ons van God se mag en sy werke bedink, sonder sy Woord leeg is, poneer ons die deurdagte stelling dat geloof nie bestaan voordat God dit met die getuienis van sy genade verlig nie.

Hier sou die vraag egter gestel kon word: "Wat moet ons dan van Sara en Rebekka dink omdat hulle albei skynbaar deur geloofsywer aangedryf is

[225] Fr.: ... *les menaces de Satan, combien que nous ayons les promesses de Dieu pour nous munir à l'encontre* (Benoit 3:49).

[226] Vgl. Jes. 40:12 - 31.

[227] Vgl. Jes. 42:5 - 7, 15 - 16; 44:24 - 28; 45:5 - 7, 11 - 13, 18.

[228] Vgl. *Inst.* 2.16.3 (Afr. vert. 2:660).

[229] Marg. *Psal. 143.b.5.* Vgl. OC 32:402.

[230] Marg. *Psal. 77.c.11* (*recte*: Ps. 77:12). Vgl. OC 31:716 - 717.

en die perke van die Woord te buite gegaan het? Sara het trouens gebrand van verlange vir die nakomeling wat aan haar belowe is, en haar diensmeisie aan haar man gegee."[231] Ja, ons moet nie ontken dat sy op baie maniere gesondig het nie. Ek neem nou hier net hierdie een oortreding onder die loep, naamlik dat sy deur haar ywer meegesleur is en haar nie binne die perke van die Woord van God gehou het nie. Tog is dit seker dat haar verlange uit haar geloof gekom het. Toe Rebekka deur 'n Godspraak daarvan verseker is dat haar seun Jakob verkies is, het sy met listige streke die seën vir hom bekom. Sy het haar man, 'n getuie OC 424
van die genade van God en sy dienaar, mislei. Sy het haar seun gedwing OS 42
om te lieg. Sy het die waarheid van God met verskillende vorms van bedrog en swendelary verdraai; kortom: sy het sy belofte bespot en dit sover dit in haar vermoë was, vernietig.[232] Tog was haar daad nie sonder geloof nie, al sou dit ook sondig wees en bestraf moes word. Sy moes immers baie struikelblokke te bowe kom om iets so te begeer wat sonder hoop op voordeel daarvan op aarde vol ontsaglike moeilikhede en gevare was. So sal ons die geloof ook nie heeltemal wegneem van die heilige aartsvader Isak nie. Hoewel hy deur dieselfde Godspraak gewaarsku is dat die eer op sy jonger seun oorgedra moes word, het hy nogtans nie opgehou om tot sy eersgebore seun, Esau, aangetrokke te wees nie.

Al hierdie voorbeelde dui in elk geval aan dat dwalinge dikwels met die geloof saamgaan. Dit gebeur egter op so 'n wyse dat die geloof altyd die oorhand het wanneer dit opreg is. Want Rebekka se besondere dwaling het nie die werking van die seën ongedaan gemaak nie. Net so het dit ook nie haar geloof tot niet gemaak nie, omdat dit oor die algemeen in haar gemoed geheers het en die beginsel en rede vir haar optrede was. Rebekka het nietemin daarin getoon hoe glibberig die woelinge van 'n mens se verstand is sodra hy homself die geringste geleentheid daarvoor toelaat. Hoewel haar afvalligheid en swakheid haar geloof verduister, blus dit haar geloof tog nie uit nie. Intussen vermaan haar voorbeeld ons met watter sorg ons na God se woorde moet luister. Terselfdertyd bevestig dit ook wat ons geleer het, naamlik dat die geloof verdwyn as dit nie op die Woord steun nie. So sou Sara, Isak en Rebekka in hulle krom afwykings in die niet verdwyn het as dit nie was dat hulle deur God se verborge toom ingehou is om sy Woord te gehoorsaam nie.

## 32. *Al die beloftes van God is in Christus ja en amen (Rom. 1:17)*

Aan die ander kant kom ons nie sonder rede tot die slotsom dat al die be-

[231] Marg. *Genes. 16.a.5.* Vgl. OC 23:225 - 226.
[232] Marg. *Genes. 27.* Vgl. OC 23:370 - 385.

loftes in Christus is nie. Die apostel sluit immers die hele evangelie by die kennis oor Hom in,[233] en elders leer hy dat al die beloftes van God in Christus ja en amen is.[234] Die rede daarvoor is voor die hand liggend. Want as God iets belowe, betuig Hy daarmee sy welwillendheid. Die gevolg is dat dit nie 'n belofte is as dit nie van sy liefde getuig nie. Dit is ook nie van belang dat goddelose mense met ontsaglike en voortdurende weldade van God se vrygewigheid oorlaai word nie. Daardeur bewerk hulle net 'n swaarder oordeel vir hulleself. Aangesien hulle immers nie dink of erken dat die weldade uit die hand van die Here hulle toekom nie, of as hulle dit wel nog erken, tog glad nie oor sy goedheid nadink nie, kan hulle net so min as stom diere in verband met sy barmhartigheid geleer word. In die toestand waarin hulle is geniet diere immers dieselfde voordeel van God se vrygewigheid, en tog kan hulle nie vir hulleself sorg nie. Die feit dat hulle die beloftes wat veral vir hulle bedoel is, verwerp, verhinder ewe min dat hulle hulle 'n nog groter toorn op die hals haal. Want hoewel die beloftes eers by ons begin werk wanneer dit geloof by ons vind, word die krag[235] en eienskap daarvan tog nooit deur ons ongeloof of ondankbaarheid uitgeblus nie. Wanneer die Here die mens dus met sy beloftes nooi nie alleen om die OS 43 vrug van sy welwillendheid te smaak nie maar ook om daaroor te peins, verklaar Hy terselfdertyd sy liefde vir die mens. Daarom moet ons weer terugkeer hiertoe dat elke belofte van God 'n betuiging van sy liefde jeens ons is. Daar is ook geen twyfel daaroor dat God niemand sonder OC 425 Christus liefhet nie. Christus is sy geliefde Seun, in wie die liefde van die Vader gevestig is[236] en in wie sy liefde berus, en van Hom af sprei Hy sy liefde uiteindelik oor ons uit. So leer Paulus dat ons sy genade in sy Geliefde verkry het.[237] As Hy dus vir ons intree, moet God se liefde ook na ons toe afvloei en by ons uitkom. Daarom noem die apostel Hom iewers *ons Vrede*.[238] En elders hou hy Hom as 'n *band* voor waarmee God in vaderlike liefde aan ons verbind word.[239] Hieruit volg dan dat ons ons oë na Hom toe moet opslaan so dikwels as 'n belofte vir ons aangebied word. Paulus leer ook niks ongerymds wanneer hy sê dat al God se beloftes in Hom bevestig en vervul word nie.[240] Enkele voorbeelde is hiermee in stryd. Ons kan trouens nie glo dat Naman die Siriër in verband met die Middelaar onderwys is toe hy die

[233] Marg. *Rom. 1.b.17.* Vgl. ook verse 1 - 5.
[234] Marg. *2. Cor. 1.d.20.* Vgl. OC 50:22 - 24.
[235] Fr. 1541 e.v.: *vérité* (Benoit 3:51).
[236] Marg. *Matth. 3.d.17 et 17.a.5.* Vgl. OC 45:127, 487 - 488.
[237] Marg. *Ephes. 1.b.6.*
[238] Marg. *Ephes. 2.c.14.*
[239] Marg. *Rom. 8.a.3.* Fr. 1541 e.v.: ... *par lequel la volonté du Père est conioint à nous* (Benoit 3:52).
[240] Marg. *Rom. 15.b.8.* Vgl. OC 49:272 - 273.

profeet gevra het na die manier waarop God na behore gedien moet word nie. Sy godsvrug word nogtans aangeprys.[241] Kornelius, wat 'n heiden en 'n Romein was, kon beswaarlik kennis dra van iets wat nie eens aan al die Jode bekend was nie, en as dit dan nog aan hulle bekend was, was dit vir hulle vaag. Nogtans was sy aalmoese en gebede vir God aangenaam.[242] Naman se offers is volgens die profeet se antwoord aangeneem.[243] Nie een van die twee kon dit sonder geloof regkry nie. Dieselfde redenasie geld in die geval van die hofdienaar na wie Filippus gebring is. Hy sou nooit die moeite en onkoste van 'n lang en moeilike reis onderneem het bloot om Hom te vereer as dit nie was dat hy 'n mate A 205
van geloof gehad het nie.[244] Tog sien ons hoe hy sy onkunde in verband met die Middelaar openbaar het toe Filippus hom daaroor uitgevra het.[245]

Ek erken wel dat hulle geloof nog deels *toegewikkel*[246] was, nie alleen sover dit Christus se Persoon aangaan nie maar ook ten opsigte van sy krag en die amp wat deur sy Vader op Hom gelê is. Intussen is dit egter seker dat hulle die eerste beginsel ervaar het wat hulle 'n voorsmakie van Christus gegee het, al was dit maar gering. Dit moet ook nie na iets ongewoons lyk nie. Die hofdienaar sou hom immers nie van 'n verafgeleë landstreek na God wat hy nie geken het nie, na Jerusalem gehaas het nie. Nadat hy die godsdiens van die Jode eenmaal aangeneem het, het Kornelius ook nie soveel tyd verspeel om aan die eerste beginsels van die ware leer[247] gewoond te word nie. Sover dit Naman aangaan, sou dit darem te vergesog wees dat Elisa die belangrikste aspek verswyg het toe hy hom in verband met die kleinste besonderhede voorgelig het. Hoewel hulle kennis van Christus maar vaag was, is dit tog onwaarskynlik dat hulle geen kennis van Hom gehad het nie. Hulle het OS 44
hulle immers met die offers van die wet geoefen, en dit moes juis deur die doel daarvan, dit is Christus, van die valse offers van die heidene onderskei word.

### 33. *Geloof groei deur die werking van die Heilige Gees*

En hierdie naakte uitwendige bewys van God se Woord moes eintlik oorvloedig genoeg gewees het om geloof by ons te skep,[248] as dit nie was

[241] Vgl. 2 Kon. 5:15 - 19; Luk. 4:27 (OC 45:144 - 145).
[242] Marg. *Act. 10.e.31.*
[243] Marg. *2. Reg. 5.e.17.18.19.*
[244] Marg. *Act. 8.e.27.* Vgl. OC 48:189 - 191.
[245] Marg. *Ibidem, f.31.* Hand. 8:31. Vgl. OC 48:191 - 192.
[246] *Implicita.*
[247] Fr. 1560 e.v.: *de la Loy* (Benoit 3:52).
[248] Die uiteensetting van hier af gee Calvyn se *Catechismus* 1538 (OC 5:334) weer.

dat ons blindheid en hardkoppigheid dit verhinder het nie. Ons verstand neig trouens altyd na ydelheid en kan nooit aan die waarheid van God bly kleef nie. Ons verstand is so afgestomp dat dit by sy eie lig altyd blind is. Sonder die verligting van die Heilige Gees rig die Woord dus niks uit nie. Daaruit is dit ook duidelik dat geloof die mens se verstand ver oortref. Dit sou ook nie maar genoeg wees dat die mens se verstand deur die Gees van God verlig is tensy sy hart ook deur sy krag bestendig en ondersteun sou word nie.

Daarin is Skolastici oor die hele wêreld[249] aan die dwaal omdat hulle in hulle denke oor die geloof 'n naakte eenvoudige instemming wat uit OC 426
kennis spruit, aangryp en vertroue en gerustheid van die mens se hart buite rekening laat.[250]

Geloof is dus op twee maniere 'n besondere gawe van God. Die mens se verstand word naamlik daardeur gereinig om die waarheid van God te smaak en tweedens word sy siel in die waarheid veranker. Want die Gees is nie soseer die beginner van die geloof nie, maar Hy laat dit trapsgewys aangroei totdat Hy ons deur die geloof in die koninkryk van die hemel inlei. Paulus sê: "Bewaar die goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon".[251] Ons kan egter sonder moeite verduidelik hoe Paulus leer dat die Gees uit die gehoorsaamheid van die geloof geskenk word.[252] As daar maar net een gawe van die Gees was, sou dit onsinnig gewees het as hy gesê het dat die Gees die resultaat van die geloof was, terwyl Hy die Bewerker en oorsaak daarvan is. Aangesien hy egter vooraf die gawes vermeld waarmee God sy kerk versier en deur die toename in die geloof tot volmaaktheid lei, is dit glad nie verbasend as hy die gawes wat ons voorberei om die gawes te ontvang, aan die geloof toeskryf nie. Dit lyk wel paradoksaal wanneer daar gesê word dat niemand in Christus kan glo tensy dit hom gegee is nie.[253] Die rede daarvoor is egter dat hulle deels nie kan opmerk nòg hoe verborge en verhewe die hemelse wysheid is nòg hoe groot die mens se stompsinnigheid is om die geheimenisse van God waar te neem nie. Deels is dit omdat hulle die gegronde en bestendige standvastigheid van hart, dit is die belangrikste deel van die geloof, nie in aanmerking neem nie.

### 34. *Die Woord kan ons verstand slegs binnekom as die Gees ons verstand verlig*

En tog[254] as, soos Paulus preek, niemand 'n getuie van die mens se wil is

[249] Fr. 1541 e.v.: *les théologiens Sorboniques* (Benoit 3:53). Vgl. pous Pius X (1910), Denzinger nr. 2145, p. 607.

[250] Vgl. *Inst.* 3.2.1; 3.2.8 (Afr. vert. 3:709; 719) en Augustinus, *De praedest. sanct.* 2.5 (MPL 44:963).

[251] Marg. *2. Tim. 1.d.14.* Vgl. OC 52:357 - 358.

[252] Marg. *Galat. 5.a.5* (*recte* 1561: *Galat. 3.a.2*). Vgl. Rom. 10:17 en OC 49:206 - 207.

[253] Vgl. Joh. 6:65.

[254] Fr. 1541 e.v.: *Lequel erreur est facile à conveincre* (Benoit 3:53). Vgl. *Catechismus* 1538 (OC 5:334).

nie behalwe die gees van die mens wat in hom is,[255] hoe sou die mens OS 45
dan seker kon wees van God se wil? En as die waarheid van God by ons ook in die dinge wat ons nou aanskou, onseker is, hoe sal dit vas en bestendig wees wanneer die Here beloftes maak wat geen oog kan sien en geen verstand kan begryp nie? Hier word die mens se skerpsinnigheid so verslae en moedverlore dat die eerste trap om in die skool van die Here te vorder, vir hom beteken om van sy eie skerpsinnigheid ontslae te raak. Want ons word daardeur soos deur 'n doek wat voor ons gehou word, verhinder om God se geheimenisse te verstaan wat slegs aan kindertjies geopenbaar word.[256] Want vlees en bloed openbaar nie die dinge wat aan die Gees behoort nie,[257] en die natuurlike mens neem dit ook nie aan nie. Ja, God se leer is vir hom eerder dwaasheid, omdat dit geestelik beoordeel moet word.[258]

Die Heilige Gees se hulp is dus noodsaaklik, of liewer, slegs sy krag is hier in swang. Daar is geen mens wat God se sin geken het nie en geen mens was sy raadgewer nie.[259] Maar die Gees ondersoek alle dinge, selfs die dieptes van God.[260] Dit is deur Hom dat ons die sin van Christus ken. Hy sê: "Niemand kan na My kom nie, as my Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie".[261] "Elkeen dan wat dit van my Vader gehoor en dit geleer het, kom na My. Nie dat iemand die Vader gesien het behalwe Hy wat deur God gestuur is nie."[262] Soos ons dus nie tot Christus kan nader tensy ons deur die Gees van God getrek word nie, so word ons in verstand en gees bo ons eie begrip van dinge verhef wanneer ons wel getrek word. Want wanneer die siel deur die Gees verlig is, ontvang dit as 't ware 'n nuwe skerpsinnigheid waarmee dit die geheimenisse van die hemel kan ondersoek terwyl dit tevore deur die glans van die hemel beperk is. OC 427

As die mens se verstand wel so deur die verligting van die Heilige Gees bestraal is, begin dit eers waarlik die dinge smaak wat op die koninkryk van God betrekking het terwyl dit tevore dwaas en onverstandig was om dit aan te raak. Toe Christus die geheimenisse van sy koninkryk aan twee van sy dissipels verduidelik het, het Hy daarom nogtans geen vordering gemaak nie totdat Hy hulle sinne geopen het sodat hulle die Skrifte kon verstaan.[263] Ten spyte daarvan dat sy dissipels uit sy Goddelike mond geleer is, moes die Gees van waarheid nogtans gestuur word om die leer

[255] Marg. *1. Cor. 2.c.11.* Vgl. OC 49:341 - 342.
[256] Marg. *Matth. 11.d.25; Luc. 10.d.21.* Vgl. OC 45:316 - 319.
[257] Marg. *Matth. 16.c.17.* Vgl. OC 45:437.
[258] Marg. *1. Cor. 2.d.14.* Vgl. OC 49:343 - 344.
[259] Marg. *Rom. 11.d.34.* Vgl. OC 49:230 - 231 en Jes. 40:13; Jer. 23:18; 1 Kor. 2:16.
[260] Marg. *1. Cor. 2.c.10.*
[261] Marg. *Iohan. 6.e.44.* Vgl. OC 47:149.
[262] Vgl. Joh. 6:45 e.v. (OC 47:150 e.v.).
[263] Marg. *Luc. 24.d.27 et g.45.* Vgl. OC 45:806 - 807.

wat hulle met hulle ore gehoor het, in hulle verstand in te drup.[264] Die Woord van God is trouens soos die son wat oor almal aan wie dit verkondig word, skyn, maar vir die wat blind is, hou dit geen voordeel in nie. Ons is egter almal in dié opsig van nature blind. Daarom kan die Woord nie ons verstand binnedring tensy die inwendige onderwyser, dit is die Gees, met sy verligting 'n toegang daartoe skep nie.

35. *Geloof word deur die Gees aan ons geskenk*

Toe ons die bedorwenheid van ons natuur elders moes behandel,[265] het OS 46
ons vollediger aangetoon hoe onbevoeg die mens is om te glo. Ek sal my A 206
lesers dus nie vermoei deur dit te herhaal nie. Laat dit vir ons genoeg wees dat die *Gees van die geloof* deur Paulus genoem word *die geloof self,* wat deur die Gees aan ons geskenk word[266] maar wat ons nie van nature besit nie. Daarom bid hy dat God alles wat Hom behaag en *die werk van die geloof* kragtig in die Tessalonisensers mag volbring.[267] Wanneer hy die geloof *God se werk* noem en dit as 'n beskrywing daarvan teken, of dit paslik *God se welbehae* noem, verklaar hy dat dit nie uit 'n besondere stukrag van die mens spruit nie. Daarmee is hy egter nog nie tevrede nie. Hy voeg dan by dat geloof 'n bewys van God se krag is. In sy brief aan die Korintiërs verklaar hy dat geloof in die krag van die Gees gegrond is wanneer hy sê dat die geloof nie van mensewysheid afhang nie.[268] Hy praat daar wel van uitwendige wonders, maar omdat die verworpenes blind is en dit nie kan sien nie, verstaan hy daaronder ook die innerlike seël, waarvan hy elders melding maak.[269] God ag egter nie alle mense sonder onderskeid waardig om sy vrygewigheid in so 'n voortreflike gawe duideliker te openbaar nie. Hy gee dit tewens as 'n besondere voorreg aan die mense aan wie Hy wil. Daarvoor het ons alreeds tevore getuienis aangehaal.

Augustinus is hiervan 'n betroubare vertolker wanneer hy uitroep dat die Saligmaker ons moet leer dat die geloof self 'n gawe en nie verdienste is nie.[270] Hy sê: '''Niemand kom tot My nie, behalwe as My Vader hom

[264] Marg. *Iohan. 16.b.13.* Vgl. OC 47:362 - 363.

[265] Vgl. *Inst.* 2.2.18 e.v. (Afr. vert. 2:391 e.v.).

[266] Marg. *2. Cor. 4.c.13.* Vgl. OC 50:56 - 57.

[267] Marg. *2. Thess. 1.d.11.* Vgl. OC 52:192 - 194.

[268] Vgl. 1 Kor. 2:4 e.v. (OC 49:335 e.v.).

[269] *Interius sigillum.* Vgl. 2 Kor. 1:21 - 22; Ef. 1:13; 4:30.

[270] Vir Calvyn se beoordeling van Augustinus as eksegeet vgl. sy *Responsio ad A. Pighii calumnias* (OC 6:297). Hoewel hy Augustinus oor die algemeen as 'n betroubare eksegeet beskou, aarsel hy nie om sekere *argutias* (onsinnighede) in sy eksegese aan te toon nie. Hy leun egter deurgaans swaar op Augustinus, veral in die behandeling van *genade* en die *predestinasie*, vgl. *Inst.* 3.22.8, 10 en 3.24.1 (Afr. vert. 3:1183, 1186 en 1212). Sy agting vir Augustinus blyk uit die volgende aanhaling uit sy traktaat oor die predestinasie: *Porro Augustinus ipse adeo totus noster est, ut si mihi confessio*

getrek het en dit deur my Vader aan hom gegee is'.[271] Dit is wonderlik dat daar twee is wat dit hoor: die een verag dit, maar die ander een styg op. Laat die een wat dit verag, dit aan homself toeskryf; laat die een wat opstyg, dit nie vir homself toe-eien nie".[272] Elders sê hy: "Waarom is dit aan die een gegee maar nie aan die ander nie? Ek skaam my nie om dit te sê nie: dit is die diepte van die kruis. Alles wat ons vermag, kom uit die een of ander diepte van die oordele van God wat ons nie kan deurgrond nie. Wat ek vermag, kan ek sien; maar waaruit ek dit vermag, kan ek nie sien nie behalwe dat ek slegs kan sien dat dit van God af is. Maar waarom dan die een en nie die ander nie? Dit is vir my te veel; dit is 'n afgrond; dit is die diepte van die kruis. Ek kan in verwondering uitroep, maar ek kan dit nie met 'n redenasie bewys nie".[273]

Dit kom kortliks hierop neer: Wanneer Christus ons deur die krag van sy Gees verlig, lyf Hy ons terselfdertyd in sy liggaam in sodat ons in al sy seëninge deel. OC 428

## 36. *Wat die Gees in die verstand werk, moet ook in die hart oorgegiet word*

Nou bly daar oor dat dit wat die verstand opgeneem het, in die hart self oorgegiet moet word. Want as die Woord van God maar net vaag bo in 'n mens se brein rondfladder, is dit nog nie met die geloof aangeneem nie maar eers wanneer dit diep in die hart wortel geskiet het, sodat dit 'n onoorwonne bolwerk word om al die aanslae van versoekings te weerstaan en af te weer. Maar as dit waar is dat die verligting van die Gees[274] die ware begrip van die verstand is,[275] word sy krag nog baie duideliker in so 'n versterking van die mens se hart, naamlik: in die verhouding waarin OS 47 die wantroue van 'n mens se hart groter is as die blindheid van sy verstand, is dit moeiliker om sy gemoed gerus te stel as wat dit is om sy verstand tot nadenke te stem. Daarom neem die Gees die plek van 'n seël in om juis die beloftes in ons hart te verseël waarvan Hy tevore reeds

*scribenda sit, ex eius scriptis contextam proferre, abunde mihi sufficiat* - Verder is Augustinus dit so volledig met ons eens dat as ek 'n belydenis moes skryf, dit vir my meer as genoeg sou wees om 'n belydenis wat uit sy geskrifte saamgestel is, aan te bied (OC 8:266). Vgl. ook OC 9:835: *Augustinus citra controversiam in fidei dogmatibus omnes superat. Religiosus quoque imprimis scripturae interpres, sed ultra modum argutus. Quo fit ut minus firmus sit ac solidus* - In die geloofsleer troon Augustinus onteenseglik bo almal uit. Hy is bowendien ook 'n eerbiedige vertolker van die Skrif maar uitermatig spitsvondig, met die gevolg dat hy minder bestendig en vas is. Vgl. Smits, L.: *Saint Augustin dans l'oeuvre de Jean Calvin*, 1:265 e.v.

[271] Marg. *Iohan. 6.e.44.*

[272] Marg. *Aug. de ver. Apost. lib. 2.* Augustinus, *Sermo* 131.2 e.v. (MPL 38:730).

[273] Vgl. Augustinus, *Sermo* 165.5 (MPL 38:905).

[274] Fr. 1541 e.v.: + *illumination de l'Esprit de Dieu* (Benoit 3:56).

[275] Vgl. *Catechismus* 1538 (OC 5:334).

die sekerheid in ons verstand afgestempel het en Hy neem die plek in van 'n borg om die beloftes te bekragtig en vas te maak. Die apostel sê: "Nadat julle geglo het, is julle verseël deur die Heilige Gees van die belofte wat die pand van ons erfdeel is".[276]
Sien jy hoe hy leer dat dit deur die Gees, soos deur 'n seël, op die hart van die gelowiges ingegrif word?[277] Sien jy hoedat hy Hom *die Gees van die belofte* noem omdat Hy die evangelie by ons vasmaak? Net so skryf hy in sy brief aan die Korintiërs: "Dit is God wat ons gesalf het, wat ons ook beseël het en die pand van die Gees in ons hart gegee het".[278] Wanneer hy elders oor vertroue en moed om te hoop praat, hou hy *die pand van die Gees* as die fondament daarvan voor.[279]

### 37. *'n Gelowige se verstand kan wel deur aanslae van vertwyfeling geskok word, maar dit kom altyd triomfantlik daaruit*

Ek het inderdaad nie vergeet wat ek vroeër gesê het nie.[280] Wanneer dit in ons geheue opkom, maak die ervaring dit trouens elke keer weer nuut, naamlik dat die geloof deur 'n verskeidenheid vertwyfelinge[281] aangedryf word, sodat godvrugtige mense se verstand selde rustig is of ten minste nie altyd 'n toestand van kalmte geniet nie. Deur watter aanslae hulle verstand egter ook al geskok word, hulle kom altyd weer uit die maalstroom van die versoekings te voorskyn of hulle bly op hulle wagpos staan. So 'n rustigheid troetel en beskerm die geloof wel, wanneer ons aanvaar wat in die psalm gesê word: "Die Here is ons beskerming, ons hulp in ellende. Daarom sal ons nie vrees wanneer die aarde bewe en die berge in die hart van die see spring nie".[282] Hierdie uiters aangename rustigheid word ook elders genoem: "Ek het gaan lê en ek het geslaap; en ek het opgestaan omdat die Here my onderskraag het".[283] Dit is nie dat Dawid altyd gelate ingestel was om bly en uitgelate te wees nie.[284] In soverre hy egter die genade van God na die maat van sy geloof gesmaak het, roem hy daarop dat hy onbevrees kan neerkyk op alles wat sy gemoedsrus kon versteur.

276 Marg. *Ephes. 1.c.13.*
277 Vgl. OC 51:153 en Luther, *De servo arbitrio: Spiritus sanctus non est Scepticus, nec dubia aut opiniones in cordibus nostris scripsit, sed assertiones ipsa vita et omni experientia certiores et firmiores* - die Heilige Gees is nie 'n twyfelaar nie, en Hy skryf nie vertwyfeling en indrukke in ons hart nie maar feite wat beslister en vaster as ons lewe en ons hele ervaring is (WA 18:605).
278 Marg. *2. Cor. 1.d.22.* Vgl. ook vers 21.
279 Marg. *Ibidem, 5.a.5.* 2 Kor. 5:5. Vgl. OC 50:62.
280 Vgl. *Inst.* 3.2.17 (Afr. vert. 3:732).
281 Fr.: + *solicitudes et destresses* (Benoit 3:56).
282 Marg. *Psal. 46.a.3.* Vgl. ook vers 2 en OC 31:460 - 461.
283 Marg. *Psal. 3.b.6.* Vgl. OC 31:55 - 56.
284 Fr.: + *qu'il ne sentist nul trouble* (Benoit 3:57).

Wanneer die Skrif ons dus wil vermaan om te glo, beveel dit ons om rustig te wees. In Jesaja lees ons byvoorbeeld: "In hoop en stilte sal u krag wees".[285] In die psalm staan daar: "Swyg voor die Here en wag op Hom" [286] Daarmee stem die apostel se woorde aan die Hebreërs ooreen wanneer hy sê: "Julle het lydsaamheid nodig," ensovoorts.[287]

## 38. *'n Weerlegging van die Skolastici se opvatting dat 'n mens se sedes die maatstaf is waarvolgens God se genade bepaal kan word*

Hieruit kan ons oordeel hoe verderflik die bekende leerstelling van die Skolastici is.[288] Hulle opvatting is naamlik dat ons die genade van God jeens ons net kan vasstel na aanleiding van 'n afleiding van ons sedes na die mate waarin elkeen meen dat hy dit verdien.[289] As ons inderdaad uit ons werke 'n waardering moes maak van hoedanig God se gevoel jeens OS 48
ons is, moet ek erken dat ons selfs nie eens 'n skrale vermoede daarvan kan kry nie. Aangesien ons geloof egter op sy eenvoudige en onverdiende belofte moet antwoord, word daar geen geleentheid vir dubbelsin- OC 429
nigheid gelaat nie. Want met hoe 'n soort vertroue, vra ek jou, sal ons bewapen word[290] as ons op die volgende trant redeneer: dat God ons genadig is mits die suiwerheid van ons lewe dit verdien?

Maar omdat ons besluit het om hierdie onderwerp op sy eie plek te behandel,[291] sal ons dit vir die huidige nie verder opvolg nie, veral aangesien dit oorvloedig duidelik is dat niks strydiger met die geloof is as 'n vermoede of iets soortgelyks wat aan twyfel grens nie.

Hier verdraai hulle heeltemal verkeerd die getuienis van die Prediker, waarvan hulle altyd die mond vol het, naamlik: "Niemand weet of hy A 207
haat of liefde verdien nie".[292] Want om nou maar die feit dat hierdie aanhaling in die Vulgaat verkeerd vertaal is, agterweë te laat, kan Salomo se bedoeling met sulke woorde selfs nie eens kinders ontgaan nie. Sy bedoeling is dat, as iemand uit die huidige toedrag van sake wil aflei wie God haat en wie Hy in liefde omhels, so 'n mens hom tevergeefs vermoei en homself verniet folter, aangesien alle dinge gelyk verloop vir die regverdige en die goddelose, vir die een wat sy offers bring en die een

[285] Marg. *Iesa. 30.d.15.* Vgl. OC 36:516 - 517.
[286] Marg. *Psal. 37.b.7.* Vgl. OC 31:369 - 370.
[287] Marg. *Hebr. 10.g.36.* Vgl. OC 55:140 - 141.
[288] Fr. 1541 e.v.: *la doctrine des théologiens Sophistes* (Benoit 3:57).
[289] Vgl. o.a. Bonaventura, *In sent.* 4.20.1.1.4.527a; Thomas, *Summa Theol.* 2,2.112.5 (Marietti 2:575 - 577); OS 4:48.
[290] Fr. 1541 e.v.: *contre le diable* (Benoit 3:57).
[291] Vgl. *Inst.* 3.15 (Afr. vert. 3:1003 e.v.).
[292] Marg. *Eccles. 9.a.1.* Vgl. n. 289 hierbo en De Castro, *Adv. haer.* 7: fo. 133F; Cochlaeus, *Philippicae* 3.43 (OS 4:48) en hierteenoor Luther, *Annot. in Eccles.* (1532) oor Pred. 9:1 (WA 20:158); vgl. ook sy *Glossen* (WA 57:196).

wat dit nie doen nie.[293] Daaruit volg dat God nie voortdurend sy liefde betuig teenoor mense vir wie Hy alles geslaag laat verloop nie.[294] Ook betuig Hy nie altyd sy haat teenoor die wat Hy tug nie. Salomo se doel is om die ydelheid van die mens se verstand aan die kaak te stel aangesien dit so afgestomp is in die dinge wat wel noodsaaklik is om te weet. So het hy 'n rukkie vantevore geskryf dat ons nie kan onderskei wat die verskil tussen 'n mens se siel en 'n dier se siel is nie omdat hulle skynbaar op dieselfde wyse aan hulle einde kom.[295]

As iemand daaruit die afleiding wou maak dat ons opvatting in verband met die onsterflikheid van die siel bloot op 'n vermoede steun, sou ons hom dan nie met reg as 'n waansinnige kon beskou nie? Is die mense dan by hulle volle verstand wat die afleiding maak dat ons nie van die genade van God seker kan wees nie omdat geen sekerheid uit die vleeslike aanskouing van die huidige dinge afgelei kan word nie?

## 39. *Almal wat deur die Gees van God gelei word, is kinders van God (Rom. 8:14)*

En tog beskuldig hulle iemand van onbesonne verwaandheid as hy homself 'n kennis toe-eien waarin daar geen twyfel oor God se wil is nie.[296] Ek sou hulle dit wel toegee as ons ons soveel aanmatig om die onbegryplike raadsplan van God aan die armoede van ons eie verstand te onderwerp. Maar wanneer ons doodeenvoudig saam met Paulus sê dat ons nie *'n gees van hierdie wêreld* ontvang het nie maar *die Gees wat uit God is*, deur wie ons geleer word en weet watter gawes deur God aan ons geskenk is,[297] wat kan hulle nog hierteen kef sonder om die Gees van God te beledig? Maar as dit dan verskriklike heiligskennis is as ons die openbaring wat uit Homself kom, van leuentaal, van onsekerheid en van dubbelsinnigheid aankla, watter oortreding begaan ons dan as ons op die sekerheid daarvan aandring? OS 49

Hulle skreeu trouens dat dit ook nie sonder groot onbesonnenheid is dat ons durf waag om so op die Gees van Christus te roem nie.[298] Wie sou kon glo dat die dwaasheid van die mense wat as die leermeesters van die wêreld beskou wil word, so groot is dat hulle hulle so skandelik teen die eerste beginsels van die godsdiens te pletter sou loop? Ek sou dit in elk

293 Fr. 1541 e.v.: *tant à celuy qui sert à Dieu, qu'à celuy qui n'en tient conte* (Benoit 3:57).
294 Fr. 1541 e.v.: *qu'il fait fructifier temporellement* (Benoit 3:57).
295 Marg. *Ibidem, 3.d.9* (*recte*: Pred. 3:19).
296 Vgl. o.a. Cochlaeus, *Phil.* 3.42; *Facultatis Theol.Parisiensis in articulos Melanchthonianos* 1535 *ad* art. 9 (CR 27:239 e.v.): *Cochlaei summa confutationis*; Pighius, *De lib. arb.* fo. 130; OS 3:48.
297 Marg. *1. Cor. 2.c.12.* Vgl. OC 49:342 en Augustinus, *Confes.* 13.31.46 (CCSL 27:269).
298 Vgl. Iac. Latomus, *De fide et operibus*, fo. 141b e.v.; Pighius, *Explicatio* 2, fo. 50b e.v. (OS 3:49). Fr. 1541: *En quoy ils démonstrent grandement leur bestise* (Benoit 3:58).

geval nie geglo het as dit nie was dat hulle bestaande geskrifte dit getuig nie. Paulus verklaar dat die wat deur die Gees van God gelei word, uiteindelik sy kinders is.[299] Hulle opvatting is egter dat die mense wat kinders van God is, deur eie 'n gees aangedryf word maar dat hulle van die Gees van God verstoke is. Paulus leer dat ons God *ons Vader* noem omdat die Gees die woord aan ons voorsê en Hy alleen vir ons gees kan getuig dat ons God se kinders is.[300] Hoewel hierdie mense die aanroeping van God nie teenstaan nie, weer hulle tog die Gees af, onder wie se leiding die Vader na behore aangeroep moet word. Paulus sê dat mense wat nie deur die Gees van Christus gelei word nie, nie diensknegte van Christus is nie.[301] Hulle beeld vir hulleself 'n Christendom in wat die Gees van Christus nie nodig het nie. Paulus skep by ons geen hoop op 'n salige opstanding tensy ons van die Gees wat in ons inwoon, bewus is nie.[302] Hulle versin 'n hoop wat sonder so 'n bewussyn is.

Maar miskien sal hulle antwoord dat hulle nie ontken dat ons met die Gees begaaf moet wees nie maar dat dit ons ingetoënheid en nederigheid moet openbaar dat ons dit nie erken nie. Wat bedoel Paulus dan wanneer hy die Korintiërs beveel om hulle te ondersoek of hulle in die geloof is en dat hulle hulle moet beproef of hulle Christus het, want elkeen is verwerp wat nie erken dat Christus in hom woon nie?[303] Johannes sê: "Ons weet uit die Gees wat Hy aan ons gegee het, dat Hy in ons bly".[304] Wat doen ons anders as om Christus se beloftes in twyfel te trek wanneer ons sonder sy Gees as diensknegte van God beskou wil word ofskoon Hy verkondig het dat Hy sy Gees oor almal wat aan Hom behoort, sal uitstort?[305] Wat daarvan dat ons die Heilige Gees veronreg wanneer ons die geloof, wat sy besondere werk is, van Hom af wegneem? OS 50
Aangesien dit die eerste leerskool van godsvrug is, is dit 'n kenmerk van die jammerlikste blindheid om Christene van verwaandheid te beskuldig omdat hulle dit durf waag om op die teenwoordigheid van die Heilige Gees te roem. Sonder so 'n roem kan die Christendom nie bestaan nie. Met hulle voorbeeld toon hulle immers aan hoe waar dit is wat Christus gesê het, naamlik dat die wêreld sy Gees nie geken het nie maar dat Hy slegs deur dié geken kan word by wie Hy bly.[306]

299 Marg. *Rom. 8.c.14.* Vgl. OC 49:147.

300 Marg. *Ibidem, c.16.* Rom. 8:16. Vgl. OC 49:150.

301 Vgl. Rom. 8:9 (OC 49:144 - 145).

302 Marg. *Rom. 8.b.11.* Vgl. OC 49:145 - 146 en Luther se kommentaar by Gal. 4:6: *Et es muss einer Spiritum Sanctum füllen in corde suo* (1531); *ideo maxime expedit piis scire se Spiritum Sanctum habere* 1535 (WA 40,1:574).

303 Marg. *2. Cor. 13.b.5.* Vgl. OC 50:150 e.v.

304 Marg. *1. Johan. 3.d.24* (Fr. 1553: *1 Johan. 4.c.13*).

305 Marg. *Iesa. 34.a.3* (*recte*: Jes. 44:3); Lat. 1553 - 1554: *Ioel 2.g.28.* Vgl. OC 37:106 - 107; 42:562 - 569.

306 Lat. 1539 - 1554; 1561: + *Ioan. 14.b.17.* Vgl. OC 47:329 - 330.

## 40. *'n Weerlegging van die Skolastici se opvatting dat ons steeds sal twyfel of ons tot die einde toe kan volhard*

Hulle rysmier nie alleen die bestendigheid van ons geloof nie, maar hulle poog ook om dit af te kraak en van 'n ander kant af 'n aanval daarop te loods. Hulle sê naamlik dat selfs as ons die genade van God aan die hand van die huidige stand van geregtigheid sou beoordeel, daar tog nog twyfel sou bestaan daaroor of 'n mens sou weet of hy tot die einde toe kon volhard.[307] Dit is inderdaad 'n pragtige vertroue op ons saligheid wat vir ons gelaat word as ons net hier en nou na aanleiding van 'n raaiskoot oor ons lewenswandel reken dat ons in God se genade is, maar tog nie weet wat môre met ons sal gebeur nie! Die apostel verduidelik dit heeltemal anders. Hy sê: "Ek is oortuig dat geen engele of magte of owerhede of dood of lewe of teenwoordige of toekomende dinge ons van die liefde waarmee die Here ons in Christus omarm, kan skei nie".[308] Nou probeer hulle met 'n ligsinnige oplossing vryspring, wanneer hulle klets dat die apostel dit uit 'n besondere openbaring gehad het.[309] Hulle word egter te heftig kortgevat om te ontvlug. Want die apostel behandel daar die seëninge wat vir al die gelowiges uit die geloof kom, en nie die seëninge wat hy besonderlik ervaar nie. Tog skrik dieselfde apostel ons elders af wanneer hy ons swakheid en onbestendigheid vermeld. Hy sê: "Iemand wat vasstaan, moet toesien dat hy nie val nie".[310] Dit is ook waar maar dan nie met die soort vrees waardeur ons platgeslaan word nie, maar deur 'n vrees waardeur ons kan leer om ons onder God se magtige hand te verneder, soos Petrus dit verduidelik.[311] Hoe verwaand is dit nie verder om geloofsekerheid net tot 'n oogwenk te beperk terwyl dit juis OC 431
'n eienskap daarvan is dat dit hierdie lewenstyd oorspan en tot in die onsterflikheid van die toekoms strek nie? Die gelowiges dank God se genade dus daarvoor dat hulle deur sy Gees verlig is en deur die geloof die oorpeinsing van die lewe in die hemel so kan geniet.[312] So 'n roem is A 208
daarom so ver weg van verwaandheid dat, as iemand hom sou skaam om dit te bely, hy die uiterste ondankbaarheid aan die dag sou lê, omdat hy eerder God se goedheid kwaadwillig onderdruk as om sy eie ingetoënheid of onderdanigheid te betuig.

[307] Vgl. Latomus, *De fide et op.* fo. 141b; OS 4:49.

[308] Marg. *Rom. 8.g.38.* Vgl. ook vers 39 en Luther se Galatekommentaar, n. 302 hierbo.

[309] Vgl. Thomas, *Summa Theol.* 2,2.112.5 (Marietti 3:576); en ook 1.23.1.4 (Marietti 1:131) en *Conc. Trident. Decr. de iustif.* 12: *Nam, nisi ex speciali revelatione, sciri non potest quos Deus sibi elegerit* - want behalwe met die besondere openbaring kan geen mens weet wie God vir Homself uitverkies het nie (Mansi 33:37).

[310] Marg. *1. Cor. 10.c.12.* Vgl. *Conc. Trid., Dectr. de iustif.* 13 (Mansi 33:37 - 38).

[311] Marg. *1. Pet. 5.b.6.* Vgl. OC 55:288.

[312] A: *falso feruntur,* Lat. 1539 - 1554: *fruuntur.*

## 41. *Geloof volgens Hebr. 11:1*

Die aard van geloof kan klaarblyklik nie beter of duideliker verklaar word as uit die wese van God se belofte nie. Daarop steun die geloof soos op 'n eie fondament, sodat dit onmiddellik in duie stort of eerder verdwyn sodra die wese van sy belofte weggeneem word. Ons ontleen ons definisie dus ook daaraan. Dit is ook 'n beskrywing wat glad nie vreemd is aan die definisie of eerder omskrywing wat die apostel in sy redenasie aanwend nie. Daar leer hy dat die geloof die vaste grond is van die dinge wat ons hoop en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.[313] Want onder *hypostasis*[314] - dit is die woord wat hy gebruik - verstaan hy 'n soort pilaar waarop 'n vroom gemoed steun en rus. Dit is asof hy gesê het dat die geloof juis 'n sekere en veilige besitting is van die dinge wat deur God aan ons belowe is. Dit is behalwe as iemand die woord *hypostasis* as *vertroue* wil opneem.[315] Dit pla my ook nie, hoewel ek meer hou van die betekenis wat algemener aanvaar word.
Aan die ander kant is sy doel om aan te dui dat die beloftes tot die laaste dag waarop die boeke geopen sal word,[316] te verhewe is om met ons sintuie waargeneem of met ons oë gesien of met ons hande aangeraak te word en dat ons die dinge intussen nie op 'n ander wyse in besit kan neem as wanneer ons al die bevatlikheid van ons verstand oorskry en ons blik bo-oor alles wat op die wêreld is, rig en as ons ons ten laaste oorwin nie. Om hierdie doel te bereik het hy bygevoeg dat die gerusstelling dat ons dit in besit gaan neem, geleë is in dinge waarop ons hoop en wat daarom nie gesien kan word nie. Want soos Paulus skryf, is dinge wat ons kan sien, nie hoop nie, en ons hoop ook nie op die dinge wat ons kan sien nie.[317] Die apostel noem dit inderdaad *'n aanduiding* of *'n bewys* of, soos Augustinus dikwels die Griekse woord *elengos*[318] vertaal, *'n oortuiging van dinge wat nie teenwoordig is nie.*[319] Hy praat dan daarvan asof hy bedoel dat geloof 'n klaarblyklikheid is van dinge wat

[313] Marg. *Heb. 11.a.1.* Vgl. OC 55:143 - 144.

[314] ὑπόστασιν. Vgl. *Inst.* 1.13.5 (Afr. vert. 1:216) en Bellarminus se *Disputationes de controversiis Christianae fidei* (1603) 1.2.4 (*De Christo: de vocibus hypostasis et substantia Tome* 1:315 - 317): *Hypostasis significat primam substantiam quam universe dicimus suppositum et in natura intellegente personam ... Iam vero nomen substantiae ambiguum est: nunc n. hypostasim, nunc essentiam significat* - die woord *hypostasis* dui op die eerste *substansie* wat ons oor die algemeen 'n veronderstelling noem en in die redelike natuur 'n persoon is ... Die woord *substansie* is egter dubbelsinnig: dit dui enersyds op *hypostasis* (*substansie*) en andersyds op wese. Vgl. ook sy indringende ondersoek van Calvyn se standpunt in verband hiermee in 1.2.19:339 e.v.

[315] Vgl. Luther, *Com. in ep. Pauli ad Hebr.* 11:1 (WA 57:226 - 229).

[316] Marg. *Dani. 7.c.10.* Vgl. OC 41:55 - 57.

[317] Marg. *Rom. 8.e.24.* Vgl. ook vers 25 en OC 49:155 - 156.

[318] ἔλεγχος.

[319] Marg. *Homil. in Iohan. 79.95: De peccat. meri. et rem. lib. 2 cap. 31.* Augustinus, *In Ioh. tract.* 79.1; 95.2 (MPL 35:1837; 1872); *De pec. mer. et remis.* 2.31.50 (MPL 44:181).

nie sigbaar is nie, 'n gesig van die dinge wat nie gesien kan word nie, 'n duidelikheid van dinge wat duister is, 'n teenwoordigheid van dinge wat afwesig is, 'n aanwysing van dinge wat verborge is.

Die geheimenisse van God, wat ook al die aard is van die dinge wat op ons saligheid betrekking het, kan trouens nie op sigself en, soos die mense sê, na eie aard waargeneem word nie. Ons kan dit immers slegs in sy Woord sien. Ons behoort so vas oortuig te wees van die waarheid van die Woord dat ons alles wat dit sê, as die werklike vervulling daarvan moet beskou. Hoe sou 'n siel hom kon ophef om so 'n voorsmakie van God se goedheid te kry sonder om terselfdertyd ten volle aangevuur te word om God opnuut lief te hê? Want die oorvloed van lieflikheid wat OC 432
God weggebêre het vir die wat Hom vrees, kan nie waarlik geken word OS 52
sonder dat dit so 'n mens terselfdertyd heftig ontroer nie. Wanneer dit hom egter eenmaal ontroer het, ruk en voer dit hom volkome na Hom op. Daarom is dit nie snaaks as 'n verwronge en verkeerde hart nooit hierdie gevoel ondergaan nie. Wanneer ons hierdeur na die hemel self oorgebring is, word ons tot die mees verborge skatte van God toegelaat en tot die heiligste toegange van sy ryk wat nie deur die toetrede van 'n onrein hart ontheilig mag word nie.

Die Skolastici[320] se leer dat die liefde belangriker is as geloof en hoop,[321] is louter onsin, omdat dit die geloof alleen is wat eerste die liefde in ons wek.[322] Hoeveel juister sê Bernardus nie: "Ek glo dat die getuienis van die gewete wat Paulus *die roem van godvrugtiges* noem,[323] in drie dinge bestaan. Eerste van almal is dit immers noodsaaklik om te glo dat jy nie vergiffenis van jou sondes kan kry tensy jy dit deur die goedertierenheid van God verkry nie; ten tweede dat jy hoegenaamd geen goeie werk kan hê tensy God dit aan jou gee nie; en ten laaste, dat jy nie met jou werke die ewige lewe kan verdien tensy dit ook verniet aan jou gegee word nie".[324] 'n Bietjie later voeg Paulus by dat dit ook nie genoeg is nie, maar dat dit net die begin van die geloof is.[325] Want deur te glo dat ons sondes nie vergewe kan word nie behalwe deur God, moet ons terselfdertyd weet dat ons sondes vergewe is totdat ons deur die getuienis van die

320 Fr. 1541: *les Sorboniques* (Benoit 3:61).

321 Marg. *Lib. 3. Sentent. Distinct. 25 et saepius.* Petrus Lombardus, *Sent.* 3.23.9; 3.25.5 (MPL 192:807; 811); vgl. ook Bonaventura, *In sent.* 3.36.1.6.3.805 e.v.; OS 4:52.

322 Vgl. Melanchthon, *Loci com.* 1521 (CR 21:181 - 192) en Luther, *Tract de lib. Christ* (1520): *Ecce sic fluit ex fide charitas et gaudium in domine et ex charitate hilaris, libens, liber animus* - kyk, so vloei daar liefde en blydskap uit die geloof, en 'n blymoedige, gewillige en vrymoedige gesindheid uit die liefde (WA 7:66).

323 Marg. *2. Cor. 1.c.12.* Vgl. OC 50:16 - 18.

324 Marg. *Sermo 1. in Annuntiatione.* Bernardus van Clairvaux, *In festo annuntiationis beatae Mariae Virginis sermo* 1.1 (MPL 183:383).

325 *Ibid.* (MPL 183:383 - 384).

Heilige Gees oorreed is dat die saligheid ook vir ons beskore is. Omdat God ons sondes vergewe omdat Hy die verdienste aan ons skenk en die loon daarvoor aan ons gee, moet ons weet dat ons nie by die begin kan vassteek nie. Ons sal hierdie en ander onderwerpe egter op hulle plek behandel.[326] Nou is dit net genoeg om te weet wat die geloof is.

## 42. *Geloof en hoop is onlosmaaklik aan mekaar verbind*

Waar hierdie lewende geloof inderdaad ook al is, sal dit die hoop op ewige saligheid altyd as 'n onafskeibare metgesel hê, of eerder: dit sal hoop skep en voortbring. As dit weggeneem word, word ons ontmasker as mense wat geen geloof het nie, al sou ons ook hoe spitsvondig en sierlik daarvan praat. Want as die geloof, soos ons gehoor het,[327] 'n vaste oortuiging van die waarheid van God is, wat nie vir ons kan lieg nie, wat ons nie kan bedrieg nie en ook nie vrugteloos kan wees nie, verwag mense wat hierdie sekerheid ontvang het, dat God sy beloftes dadelik gestand sal doen. Dit is die beloftes wat volgens hulle oortuiging niks anders as waaragtig kan wees nie.

Om dit kortliks saam te vat: Hoop is niks anders as die verwagting van OS 53
die dinge waarvan die geloof glo dat dit waarlik deur God beloof is nie. So glo die geloof dat God waaragtig is; die hoop verwag dat Hy te geleëner tyd sy waarheid sal toon. Die geloof glo dat Hy ons Vader is; die hoop verwag dat Hy Hom altyd so teenoor ons sal gedra. Die geloof glo dat 'n ewige lewe aan ons gegee is; die hoop verwag dat dit een of ander tyd geopenbaar sal word. Geloof is die fondament waarop hoop rus. Hoop voed en onderhou die geloof. Want soos niemand iets van God kan verwag tensy hy vooraf in sy beloftes geglo het nie, moet die swakheid van ons geloof deur geduldig te hoop en te verwag, onderhou en getroetel word sodat dit nie van uitputting ineenstort nie. Daarom stel Paulus ons saligheid soos dit hoort in hoop.[328] Want wanneer hoop in stilte op die Here wag, hou dit vas aan die geloof om te verhoed dat dit halsoorkop val deur te vinnig te gaan. Hoop versterk die geloof sodat dit nie onseker is oor God se beloftes of oor die waarheid daarvan begin twyfel nie. Hoop verkwik die geloof sodat dit nie vermoeid word nie. Hoop laat geloof tot die verste wenpaal strek sodat dit nie in die middel
van die wedloop of selfs op die wegspringplek moed verloor nie. A 209
Kortom: Deur die geloof gedurig te hernuwe en weer te laat begin veroorsaak hoop dat die geloof spoedig kragtiger na vore kom om te

[326] Vgl. *Inst.* 3.18.8 (Afr. vert. 3:1054).
[327] Vgl. *Inst.* 3.2.6 (Afr. vert. 3:715).
[328] Marg. *Rom. 8.e.24.* Vgl. OC 49:155 - 156.

volhard. En om hoeveel redes die bystand van hoop noodsaaklik is om die geloof op 'n vaste grondslag te plaas, sal duideliker word as ons nadink deur hoeveel vorms van versoekings die wat die Woord van God aangeneem het, aangeval en verskrik word. Deur sy beloftes uit te stel, hou die Here ons gemoedere dikwels langer as wat ons wens, gespanne. Dit is dan die plig van hoop om te doen soos die profeet beveel: "Selfs al is God se beloftes traag om te kom, moet ons nogtans daarop wag".[329] Soms laat Hy ons nie alleen verslap nie, maar Hy toon openlik sy verontwaardiging. Hier moet hoop ons des te meer tegemoet snel, sodat ons, volgens 'n ander profeet se uitspraak,[330] die Here kan verwag wat sy gesig ook vir Jakob verberg het. Daar kom ook spotters, soos Petrus sê, wat vra: "Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit van die begin van die skepping af was".[331] Ja, ons vlees en die wêreld fluister hierdie selfde dinge in ons ore. Hier moet die geloof deur die verdraagsaamheid van die hoop onderskraag word en moet daaraan vasgehou word om oor die ewigheid na te dink, sodat dit duisend jaar as een dag kan reken.[332]

## 43. *Geloof en hoop rus albei op God se barmhartigheid*

As gevolg van hierdie band of verwantskap ruil die Skrif soms die woorde *geloof* en *hoop* onderling uit. Wanneer Petrus trouens leer dat ons in die krag van God deur die geloof tot die openbaring van ons saligheid bewaar word,[333] skryf hy iets wat eerder met hoop ooreenstem, aan die geloof toe. Hy doen dit egter nie sonder rede nie. Ons het immers reeds aangetoon dat hoop niks anders as die voedsel en versterking[334] van die geloof is nie.

Soms word hoop en geloof saamgevoeg, byvoorbeeld wanneer hy in dieselfde brief sê: "Sodat julle geloof en hoop in God kan wees".[335] Paulus lei trouens in sy brief aan die Filippensers verwagting uit hoop af, want deur geduldig te hoop skort ons ons wense op totdat die regte geleentheid van God oopgaan.[336] Ons kan dit alles nog beter verstaan uit die tiende hoofstuk van die brief aan die Hebreërs wat ek reeds aangehaal het.[337] Hoewel Paulus elders nie eintlik hiervan praat nie,

[329] Marg. *Habac. 2.a.3.* Vgl. OC 43:522 - 526.
[330] Marg. *Iesa. 8.d.17.* Vgl. OC 36:180.
[331] Marg. *2. Petr. 3.a.4.* Vgl. OC 55:473.
[332] Marg. *Psal. 90.a.4; 2. Pet. 3.b.8.* Vgl. OC 31:835.
[333] Marg. *1. Pet. 1.a.5.* Vgl. OC 55:211.
[334] Fr. 1541 e.v.: *fermeté et persévérance* (Benoit 3:63).
[335] Marg. *Ibidem, 1.d.21.* 1 Pet. 1:21.
[336] Marg. *Philip. 1.c.20.* Vgl. OC 52:16 - 17.
[337] Vgl. *Inst.* 3.2.41 (Afr. vert. 3:763). Vgl. Hebr. 11:1.

verstaan hy dieselfde in die volgende woorde: "Deur die Gees uit die geloof verwag ons die hoop op geregtigheid".[338] Hy bedoel dat ons die getuienis van sy onverdiende liefde omhels en wag totdat God dit wat nou onder hoop verborge is, openbaar.

Nou is dit ook duidelik hoe dwaas Petrus Lombardus is om 'n dubbele fondament vir hoop te lê, naamlik God se genade[339] en die verdienste van ons werke.[340] Hoop kan tog nie 'n ander doel hê as wat die geloof het nie. Ons het egter alreeds baie duidelik uiteengesit dat geloof maar net OC 434 een doel het, naamlik die barmhartigheid van God, en om dit nou maar so te stel: die geloof moet met albei oë daarna kyk. Maar dit is die moeite werd om te luister na die helder rede wat hy aanvoer. Hy sê: "As iemand sou waag om sonder verdienste te hoop, sal ons dit verwaandheid noem".[341]

My liewe leser, wie sou sulke diere nie vervloek soos hulle verdien nie, omdat hulle verklaar dat dit onbesonne en vermetel gebeur as iemand sou glo dat God waaragtig is? Want ten spyte daarvan dat dit die Here se wil is dat ons alles uit sy goedheid moet verwag, beweer hulle nogtans dat dit verwaandheid is om daarop te steun en daarin te berus! O, wat 'n onderwyser, wat sulke dissipels verdien as wat hy in die skole van die waansinnige gespuis gevind het![342] Sover dit ons aangaan, wanneer ons sien dat sondaars deur die uitsprake van God beveel word om hoop op hulle saligheid te koester, matig ons ons net soveel oor God se waarheid aan dat ons op sy barmhartigheid alleen steun, alle vertroue op ons eie werke laat vaar en waag om goeie hoop te koester. Hy wat gesê het: "Laat met julle geskied volgens julle geloof",[343] sal ons nie bedrieg nie.

338 Marg. *Galat. 5.a.5.* Vgl. OC 50:245 - 246.

339 Lat. 1539: *Lib. 3. sententia. distinct. 26.* Lombardus, *Sent.* 3.26.1 (MPL 192:811).

340 Vgl. *Inst.* 3.2.7 (Afr. vert. 3:717).

341 Vgl. Lombardus, a.w.

342 Fr. 1541: *qu'il à eu ès escoles des Sophistes, c'est à dire Sorboniques* (Benoit 3:64). Vgl. Bonaventura, *In sent.* 3.26.1.4.3.563 e.v.

343 Marg. *Matth. 9.d.2.* Vgl. OC 45:261.